

# **Tegno- korreksies: 'n studie na die impak van tegnologie op 'n Suid- Afrikaanse gevangenis**

Hendrik Snyders



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van  
Magister in Filosofie (Studie van Wetenskap en Tegnologie) aan die Universiteit  
van Stellenbosch

Studieleier: Professor J. Mouton  
Desember 2003

## VERKLARING

---

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

## OPSOMMING

---

Die moderne korrektiewe agentskap word gekenmerk deur die omvangryke gebruik van gevorderde inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) (bv. rekenaars, geslote-baan televisiekameras en elektroniese moniteringstoestelle) asook geesteswetenskaplike-tegnologie (GWT) (bv. sielkundige toetse, opvoedkundige en terapeutiese programme) om gevonnisse oortreders binne inrigtings en in die gemeenskap te moniteer ten einde hulle te rehabiliteer en hul terugval in misdaad te voorkom. Die kombinasie van GWT en IKT binne die gevangenis het gevolglik daartoe bygedra dat die moderne gevangenis tot 'n sosio-tegniese omgewing omvorm is met bepaalde gevolge vir die verhouding tussen gevangenes en korrektiewe personeel. Aangesien IKT meesal vir deurlopende monitering van die inrigting en diegene daarbinne gebruik word, word korrektiewe personeel net soos gevangenes, legitieme datasubjekte. Hierdie monitering oor die algemeen, skep 'n privaatheidsdilemma met bepaalde implikasies vir die verhoudinge tussen die gemoniteerde (gevangenes, gearroleerdes en hul families, korrektiewe personeel) en die staat.

Die ontplooiing van gesofistikeerde tegnologie ter bereiking van 'n organisasie se sleuteldoelwitte, lewer egter nie outomaties die verwagte resultate nie. Pistorius (1996) argumenteer dat die optimale benutting van tegnologie slegs moontlik is in lerende organisasies.

Hierdie studie poog dus om al hierdie sake te integreer teneinde die impak van tegnologie op 'n enkele Suid Afrikaanse gevangenis vas te stel.

## ABSTRACT

---

The modern correctional agency is characterised by the extensive use of information and communication technology (ICT) (e.g. computers, close-circuit television cameras, electronic monitoring systems) and human sciences technology (HST) (e.g. psychometric tests, therapy and educational programmes) to monitor, discipline and rehabilitate sentenced offenders inside and outside of institutions and to prevent their recidivism. As a result of this combination of ICT and HST, modern correctional institutions were transformed into socio-technical environments with serious implications for the relationships between those within and outside of the institution. The use of ICT for continuous monitoring of the prison and its population, has resulted in a situation where correctional officials, like prisoners, have become legitimate datasubjects. In addition to the privacy dilemma that resulted from this, continuous monitoring has also negatively affected the relationship between the state and those under surveillance (inmate, parolee, family of parolees and correctional officials).

The utilisation of sophisticated technology by organisations to achieve certain key objectives, does not necessarily bring about the desired results. Pistorius (1996) is of the opinion that only organisations who are true learning organisations will benefit from the use of such technology.

This study aims to integrate all of these perspectives in order to determine the impact of technology on a single South African correctional institution.

## ERKENNINGS

---

My hartlike dank aan die volgende persone en instansies wat bygedra het tot die suksesvolle voltooiing van hierdie studie:

Professor Johan Mouton vir sy uitstekende leiding, advies en opbouwende kritiek

Nelius Boshoff vir sy hulp en advies met die ontwerp van die verskillende vraelyste, data-ontleding asook die aanbieding van bevindinge.

My eggenote, Gina, en kinders Heinrich en Nazli, vir hulle opoffering oor baie jare

Lawrence Venter vir sy hulp met internet soektogte en ander amptelike departementele inligting, aanmoediging en vriendskap

Manny Rooms vir sy tegniese hulp tydens die skryfproses

My gewese kollegas by Malmesbury Nuwe Gevangenes vir hulle bereidwilligheid om deel te neem aan die studie en die goeie gees waarin dit afgehandel kon word.

Alle gevangenes wat bereid was om aan die opname deel te neem en sonder wie hierdie studie ook nie moontlik sou wees nie

Die Departement van Korrektiewe Dienste vir die toestemming om die studie binne die gevangenis te onderneem asook vir die toestaan van spesiale- en studieverlof.

Die finansiële ondersteuning van die National Research Foundation (NRF) in die uitvoering van hierdie navorsing word met dank erken. Gevolgtrekkings gemaak en menings hierin uitgespreek is diè van die skrywer en verteenwoordig nie die mening van die NRF nie.

## INHOUDSOPGAWE

---

**VERKLARING II**

**OPSOMMING III**

**ABSTRACT IV**

**ERKENNINGS VI**

### **HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE 1**

1.1	Inleiding	1
1.2	Doel van die ondersoek	2
1.2.1	Doel	2
1.2.2	Doelwitte	2
1.3	Teoretiese perspektief	2
1.4	Motivering vir die ondersoek	5
1.5	Metode van ondersoek	6
1.5.1	Teoretiese perspektief	6
1.5.2	Literatuurstudie	7
1.5.3	Empiriese ondersoek	7
1.6	Analise en Interpretasie	8
1.7.	Hoofstuk indeling / aanbieding	9

### **HOOFSTUK 2: DIE GEVANGENIS AS LERENDE ORGANISASIE:**

#### **LITERATUUROORSIG 11**

2.1	Inleiding	11
2.2	Verandering in die Suid-Afrikaanse korrektiewe dienste na 1994	12
2.3	Foucault se perspektief op die gevangenis	14
2.3.1	Inleiding	14
2.3.3	Die gevangenis as dissiplinêre tegnologie	16
2.3.3.1	Die funksionering van die gevangenis as dissiplinêre tegnologie	16
	2.3.3.1.1 Beheer oor ruimtes en tyd	16
	2.3.3.1.2 Hiërgiese observasie	18
	2.3.3.1.3 Normaliserende oordeel	19
2.3.3.2	Opsommend	19
2.4	Die gevangenis as organisasie	20
2.4.1	Die gevangenis as menslike hulpbron organisasie	20

2.4.2	Organisasiegrense	21
2.4.3	Die rasonale karakter van die gevangenis	21
2.4.4	Die beginsel van differensiasie in gevangnisse	22
2.4.5	Die beheermeganisme van die gevangenis	23
2.4.6	Organisasies as leersisteme	24
2.5	Die gevangenis as 'n lerende organisasie	25
2.5.1	Die definisie en kenmerke van die lerende organisasie	25
2.5.2	Die lerende organisasie in die openbare sektor	27
2.5.3	Die dissiplines van die lerende organisasie	31
2.5.3.1	Persoonlike bedrewenheid	32
2.5.3.2	Denkwyses	34
2.5.3.3	Gesamentlike visie	36
2.5.3.4	Span/gesamentlike leer	37
2.5.3.5	Sisteemdenke	39
2.5.4	Opsommend	40

### **HOOFSTUK 3: TEGNOLOGIE TOT DIENS VAN WAARNEMING / OBSERVASIE EN DISSIPLINE 42**

3.1	Inleiding	42
3.2	Waarnemings-/observasietegnologie	43
3.2.1	Elektroniese waarneming / observasie	44
3.2.1.1	Van menslike waarneming tot die “surveillant assemblage “	44
3.2.1.2	Die funksionering van elektroniese waarnemingstegnologie	45
3.2.1.3	Elektroniese observasie van gevonnisdere oortreders binne die gemeenskap	47
3.2.2	Die invloed van elektroniese waarneming op korrektiewe personeel	51
3.2.2.1	Korrektiewe personeel as data subjekte	51
3.2.2.2	Die panoptiese effekte van die tegnologiese gevangenis	52
3.3	Die tegnologiese gevangenis en die privaatheids-dilemma	54
3.4	Opsommend	57

### **HOOFSTUK 4: TEGNOLOGIE TOT DIENS VAN REHABILITASIE EN LEER 58**

4.1	Inleiding	58
4.2	Geestes wetenskaplike tegnologie en inligting – en kommunikasie tegnologie: begripsverklarings	59



4.2.1	Die geesteswetenskappe en GWT	59
4.2.2	Die problematiek van GWT	60
4.2.3	Inligting- en kommunikasietegnologie as sosiale verskynsel	60
4.2.3.1	IKT en IT: verskille en ooreenkomste	60
4.2.3.2	IKT verskaf toegang tot inligting	61
4.2.3.3	IKT verskaf toegang tot mense	62
4.2.3.4	IKT verskaf toegang tot dienste	62
4.2.3.5	IKT verskaf toegang tot ander tegnologie	63
4.3	Die gebruik van GWT en IKT vir rehabilitasie en leer binne die gevangenis	63
4.3.1	Rehabilitasie as mensgerigte diens	63
4.3.2	Die komplementêre gebruik van GWT en IKT vir rehabilitasie en leer	64
4.3.2.1	Risiko assesering en sosiale diagnose met behulp van rekenaars , video- speletjies en nabootsings	65
4.3.2.2	Die aanleer van sosiale en morele vaardighede met behulp van GWT en IKT	67
4.3.2.3	Tele-toegang en die virtuele klaskamer: rekenaar- en satteliet-gebaseerde onderwys en gevangenis-radio	69
4.4	Isolasie, tele-toegang en die veranderende rol van die gevangenis	73
4.5	IKT ter bevordering van 'n sistemiese ingesteldheid	75
4.6	Opsommend	76

## **HOOFSTUK 5: NAVORSINGSRESULTATE: KORREKTIEWE PERSONEEL SE WERKPLEKBELEWENIS 77**

5.1	Demografiese Oorsig	77
5.2	Demografiese verskille t.o.v. korrektiewe personeel se belewenis van hul werkplek	80
5.2.1	Geslag en werkplekbelewenis	80
5.2.2	Ouderdom en werkplek belewenis	82
5.2.3	Rang en werkplekbelewenis	83
5.2.4	Vakbondlidmaatskap en werkplekbelewenis	84
5.2.5	Dienservaring en werkplekbelewenis	87
5.2.6	Opvoedkundige kwalifikasies en werkplekbelewenis	89
5.2.7	Afdelingverbintenis en werkplekbelewenis	91
5.2.8	Slotsom	92
5.3	Die voorkoms/afwesigheid van leerdissiplines onder Malmesbury personeel	94

5.3.1. Leerdissipline indekse	94
5.3.2 Persoonlike sienswyses	96
5.3.3. Gedeelde visie	97
5.3.4 Persoonlike bedrewenheid	98
5.3.5 Spanleer	100
5.3.6 Sisteemdenke	101
5.4. Slotsom	102

**HOOFSTUK 6: NAVORSINGSRESULTATE: GEVANGENES SE BELEWENIS VAN DIE TEGNOLOGIESE GEVANGENIS 103**

6.1 Demografiese oorsig	103
6.2 Oorsig van bevindinge	105
6.3 Gevangenes se gesindheid t.o.v. waarnemings- en dissiplinêre en rehabilitasie- en leertegnologie	106
6.3.1 Gevangenes se gesindheid t.o.v. deurlopende monitering m.b.v. televisiekameras	111
6.3.2 Die monitering van telefoonkommunikasie	112
6.3.3 Beheer d.m.v. elektroniese deure en hekke	113
6.3.4 Elektroniese monitering binne die gemeenskap m.b.v. enkel- en armbande	114
6.4 Gevangenes se gesindheid teenoor rehabilitasie- en leertegnologie	115
6.4.1 Gevangenes se houding t.o.v. radios en radiokassetspelers	116
6.4.2 Gevangenes se gesindheid teenoor televisie	117
6.4.3 Die gesindheid van gevangenes teenoor rekenaars en die Internet	119
6.5 Slotsom	120

**HOOFSTUK 7: SLOTBESKOUIING EN AANBEVELINGS 122**

**BRONNELYS 126**

**AANHANGSELS 135**

Aanhangsel 1: Dekkingsbrief en vraelys vir korrektiewe personeel	135
Aanhangsel 2: Dekkingsbrief en vraelys vir gevangenes	143

**TABELLE, FIGURE EN DIAGRAMME**

Tabel 1:	Verspreiding van respondente per afdeling	78
Tabel 2:	Respondente per rangvlak	80
Tabel 3:	Geslag en werkplekbelewenis	82
Tabel 4:	Ouderdom en werkplekbelewenis	83
Tabel 5:	Rang en werkplekbelewenis	86
Tabel 6:	Vakbondlidmaatskap en werkplekbelewenis	87
Tabel 7:	Ervaring en werkplekbelewenis	89
Tabel 8:	Opvoedkundige kwalifikasies en werkplekbelewenis	91
Tabel 9:	Afdeling en werkplekbelewenis	93
Tabel 10:	Interne konsekwentheid van die leerdissiplines	96
Tabel 11:	Ouderdomsverskille t.o.v. gevangenisestegnologie	107
Tabel 12:	Vorige aanhoudingsinrigting / gevangenisestegnologie	108
Tabel 13:	Vonnisgeskiedenis en gevangenisestegnologie	109
Tabel 14:	Opvoedkundige agtergrond / gevangenisestegnologie	110
Tabel 15:	Vonnislengte en gevangenisestegnologie	111
Tabel 16:	Televisiekameras behoort ook binne selle aangebring word / televisiekameras moet slegs buite selle aangebring word	112
Tabel 17:	Beskikbaarheid van televisie in die gevangenis	118
Tabel 18:	Die weiering van televisie as strafmaatreël	119
Tabel 19:	Gevangenes moet tydens hulle aanhouding gratis rekenaaropleiding kry	121
Figuur 1:	Verspreiding van respondente per hoof funksie	79
Figuur 2:	Misdaadtipes	104
Figuur 3:	Aanhoudingsgeskiedenis	104
Diagram 1:	Persoonlike sienswyses	97
Diagram 2:	Gedeelde visie	98
Diagram 3:	Persoonlike bedrewenheid	99
Diagram 4:	Spanleer	100
Diagram 5:	Sisteemdenke	102

## HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE

---

### 1.1 Inleiding

Die Suid Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) beleef sedert 1994 omvangryke veranderings en die organisasie bevind hom te midde van 'n situasie van dinamiese kompleksiteit. Dinamiese kompleksiteit verwys na situasies waar oorsaak en gevolg baie subtiel aanwesig is en waar die uitwerking van bepaalde intervensies oor tyd nie voor-die-handliggend is nie (Senge, 1990:71). Naas die noodsaak om 'n nuwe organisasiekultuur te vestig as gevolg van 'n program van demilitarisering, noodsaak die regering se Nasionale Misdaad Voorkomings Strategie (NMVS) en verbintenis tot 'n effektiewe en geïntegreerde strafregstelsel, die DKD om binne stelselverband eerder as totaal outonoom te funksioneer. Voorts is groot vordering gemaak met die implimentering van belangrike beleidsinnoverings soos korrektiewe toesig as strafopsie en eenheidsbestuur as gevangenisbestuursopsie.

Die DKD het haar verder ook verbind tot die kombinering van die beste beginsels van fasiliteitsontwerp en menslike gedrag om aanhoudingsomgewings te skep wat die rehabilitasie van gevangenes en die effektiwiteit van korrektiewe personeel bevorder (NEXUS, July 1997). Nuwe gevangenis word gevolglik gekenmerk deur die gebruik van gevorderde veiligheidstechnologie (elektronies-beheerde toegang, geslote baan televisie monitering ens.) ten einde gevangene-beweging deurlopend te moniteer terwyl informasie en kommunikasie tegnologie (IKT) toenemend in rehabilitasie gebruik word. IKT soos rekenaars, elektroniese pos (e-pos), inter- en intranet ens. is verder ook 'n algemene gesig in korrektiewe instellings. Die DKD as 'n belangrike komponent van die strafregstelsel, vorm verder ook deel van 'n projek om 'n tegnologie-gebaseerde hofadministrasie stelsel te vestig. Die projek poog om die werkvloei tussen die verskillende rolspelers (DKD, Suid Afrikaanse Polisie Diens en Departemente van Justisie en Welsyn) te verbeter d.m.v. elektroniese kommunikasie met behulp van plaaslike, wye area en openbare netwerke.

Die hantering van dinamiese kompleksiteit, sowel as die ontplooiing van gesofistikeerde tegnologie ter bereiking van sleuteldoelwitte (bv. kompeterende voordeel of korrektiewe uitnemendheid), is volgens Senge (1990) en Pistorius (1996) slegs moontlik binne lerende organisasies. In sodanige instellings bestaan daar 'n

balans tussen die organisasie en individuele behoeftes en dien tegnologie ter ondersteuning eerder as vervanging van prosesse.

## **1.2 Doel van die ondersoek**

### **1.2.1 Doel**

Die doel van hierdie studie is om die impak van tegnologie op 'n Suid Afrikaanse gevangenis te ondersoek teen die agtergrond van Pistorius (1996:264) se uitspraak dat "organisations can deploy very sophisticated technologies, like information technology for example, but they have to be learning organisations in order to really exploit the productivity advantages that the new technology can bring".

### **1.2.2 Doelwitte**

In navolging van bogenoemde doel, word die volgende doelwitte geformuleer, naamlik om:

- Na aanleiding van Foucault se perspektiewe 'n teoretiese raamwerk te ontwikkel waarbinne die gevangenis ontleed en beskryf kan word.
  - Die gevangenis as organisasie asook die kenmerke van die lerende organisasie en hoe dit in die openbare sektor in die algemeen en die gevangenis spesifiek, neerslag vind te ondersoek en te beskryf.
  - Die gebruik van informasie- en kommunikasie tegnologie (IKT) en geesteswetenskaplike tegnologie (GWT) vir onderskeidelik deurlopende waarneming en rehabilitasie en leer te ondersoek en te beskryf.
6. Die impak van tegnologie op 'n Suid Afrikaanse gevangenis te ondersoek en te beskryf.

## **1.3 Teoretiese perspektief**

Die gevangenis as lerende organisasie omvat perspektiewe vanuit beide die sosiale teorie en organisasieleer. Ignorering van een tot nadeel van die ander, hou die gevaar in dat die kompleksiteit van hierdie sosiale instelling en sy interaksie met ander instellings van die samelewing, nie ten volle begryp sal word nie. Indien dit gebeur word 'n een-dimensionele eerder as 'n veelvlakkige beeld verkry. Die gevangenis is terselfdertyd 'n magsinstrument, strafinstelling en werkplek en dit noodsaak die integrasie van verskillende teoretiese perspektiewe. Denkers vanuit bovermelde velde wat veral vir hierdie studie relevant is sluit in Michel Foucault en Peter Senge. Foucault is veral bekend vir die werk *Discipline and Punish: The birth of the Prison* (1977) wat

steeds as die belangrikste studie vir 'n grondige begrip van die instelling beskou word. Senge op sy beurt is die skrywer van *The Fifth Discipline* (1990) wat tot 'n groot mate as die “bybel” van die lerende organisasie konsep beskou word.

Foucault, beskou die gevangenis as deel van straftegnologie wat terselfdertyd ook gesteun word deur geesteswetenskaplike tegnologie. As deel van die tegnologie van straf vervul dit dieselfde funksie as byvoorbeeld die galg, folterwiel of skandpaal. Dit verskil egter van die ander aangesien dit nie die pyniging of foltering van die liggaam ten doel het nie. Die gevangenis neem die siel/gees van die oortreder as fokus en poog om dit te dissipleneer tot konformering en aanvaarding van die waardes en normas van die samelewing. Nieteenstaande die verskil in fokus het albei ten doel om die legitieme gesag van die owerheid, hetsy die monarg of die soewereine staat, te herstel. Ten einde in sy doelwitte te slaag steun die gevangenis egter sterk op kennis vanuit die geesteswetenskappe en word geesteswetenskaplike tegnologie (Prinsloo, 1993) in die vorm van diagnostiese toetse of observasie -instrumente, gebruik om te help in die individualisering en rehabilitasie van die gevangene. Die gebruik van IKT binne moderne gevangnisse ter aanvulling van die geesteswetenskaplike en veiligheidstegnologie, het besliste gevolge vir die tradisionele funksies van die instelling.

Strafvorme het tradisioneel vier funksies naamlik aanhouding, uitsluiting/isolasie, restorasie/herstelling en instandhouding. Vooruitgang op wetenskaplike gebied en die toenemende bruikbaarheid van IKT vir die gevangenis, het 'n funksieverskuiwing tot gevolg gehad (Faugeron, 1996:132). Deurlopende elektroniese waarneming met behulp van onderhuidse inplantings en draagbare moniteringstoestelle maak dit moontlik om 'n volledige beeld van 'n bepaalde liggaam se bewegings te kan saamstel. As sulks het dit bepaalde implikasies vir die gevangenis as sosiale instelling. Afstandsmonitering maak tyd, plek en ruimte irrelevant en het dit die implikasie dat gevonnisse oortreders nie meer noodwendig in aanhouding tot dissiplinering hoef geplaas te word nie. IKT is terselfdertyd ook 'n instrument vir bemagtiging en skakeling. Die gebruik van satteliet-gebaseerde afstandsonderrig en gevangene radiostasies asook televisie en binnekort ook 'n internet-gebaseerde klagtediens (Cape Argus, May 2002), skort isolasie en uitsluiting op. Dit stel die gevangene in staat om kontak met die wêreld buite die sensitiewe perimeter (Combessie, 1998) van die gevangenis te hê. Al hierdie faktore skep 'n natuurlike spanning tussen die bemagtigende potensiaal van

tegnologie en die tradisionele uitsluiting- en isolasie funksies van die gevangenis. Elektroniese waarnemings-toestelle diskrimineer verder ook nie tussen gevangenes en korrektiewe personeel nie en neem almal as legitieme datasubjekte wat verdere spanning binne die stelsel tot gevolg het.

Alhoewel tegnologie, soos hierbo aangedui, 'n wesenskenmerk van die moderne gevangenis is, verteenwoordig dit egter steeds slegs een dimensie van die lerende organisasie. Lerende organisasies, aldus Marquardt (1996) word gekenmerk deur vyf substelsels naamlik tegnologie, mense, organisasie, kennis en leer. Slegs wanneer hulle in die regte verhouding gekombineer word, kan 'n ware lerende organisasie wat instaat is om voortdurende veranderings te kan hanteer, geskep word.

Hierdie interafhanklikheid het besliste implikasies vir die gevangenis as 'n "gemeenskap van gevangenes" (Sykes, 1958). Beide gevangenes en korrektiewe beamptes beskik oor bepaalde kennis en word onderwerp aan die dieselfde fisiese omstandighede vir onderskeidelik die duur van hulle aanhoudings of werkstermyn. Die lerende organisasie as instelling waar met mense en hul kennis rekening gehou word, het dus geen ander keuse as om ook te put uit die kennis van die gevangene nie. Dit strook ook met Medlicott (1999) se siening van gevangenes as "knowledgeable agents". Gevangenes het vanweë hulle ervarings in aanhouding, insig in die werklikhede van die oorweldigende aard van die gevangenisstruktuur. As sulks kan hulle 'n besliste bydrae lewer in die daarstelling van 'n korrektiewe diens wat fundamenteel van sy voorgangers verskil. Diegene wat hulself aan die onderpunt van die magshiërgie bevind, se kennis/diskoers word tradisioneel deur blatante ontkenning of 'n stel reëls oor wat aanvaar word as kennis, geïgnoreer (Shiner, 1982). In hierdie studie sal die waardevolle insigte van gevangenes hul regmatige plek gegee word.

Alhoewel daar ander sienings van die lerende organisasie bestaan, geniet dié van Senge groot steun. Die lerende organisasie is na sy mening, een waarin vyf leerdissiplines of vaardighede, naamlik persoonlike bedrewenheid, gedeelde visie, sisteemdenke, blootlegging van beperkende denkwyses ("mental models") en spanleer sigbaar is. Hy definieer dan ook die lerende organisasie as een waarin mense op 'n volgehoue basis hulle vermoëns uitbrei ten einde verlangde resultate te verkry. Verder word vernuwende denke vertroetel en gemeenskaplike aspirasies aangemoedig en

word mense deurlopend geleer om saam te leer. Hy identifiseer terselfdertyd ook sewe sogenaamde leer-gebreke wat ten grondslag van organisasie-mislukking lê. Hierdie 7 is ondermeer posisieverknogtheid (“I am my position”), blaamverskuiwing (“The enemy is out there”), beheeroorname (“The illusion of taking charge”), gebeure –fiksasie (“The fixation on events”), instinktiewe reaksie (“The parable of the boiled frog”), die dwaling van leer uit ervaring (“The delusion of learning from experience”) en bestuurspan mites (“The myth of the management team”).

Senge is egter van mening dat hierdie gebreke nie onoorkombaar is nie maar dat die organisasie deur bemeestering van die voorvermelde dissiplines op die wenpad geplaas kan word. Die gevangenis as lerende organisasie kan dus aan die hand van die voorkoms of afwesigheid van hierdie dissiplines of leer-gebreke geëvalueer word.

#### **1.4 Motivering vir die ondersoek**

Die gevangenis as lerende organisasie, is so ver vasgestel kon word, nog nie plaaslik (Nexus Databasis, 12/09/2000) of elders as sodanig ondersoek nie. Daar is wel vordering gemaak met die ondersoek na die lerende organisasie binne die openbare sektor (Godfrey, 1994; Cook et.al, 1997). Veel navorsing behoort egter nog in dië bepaalde veld gedoen te word.

Op teoretiese gebied poog hierdie studie om 'n bydrae te lewer tot die debat oor die vermoëns van staatsinstellings om te leer ten spyte van die veranderende aard van beleid en die onbuigsame en kontrole-gedrewe burokrasie.

Aangaande die bruikbaarheid van navorsingsresultate vir die praktyk, vind hierdie studie besliste aansluiting by die DKD se navorsingsagenda. Daar is reeds in omsendskrywes die behoefte uitgespreek dat 'n studie of studies onderneem moet word na die gebruik van tegnologie in gevangenisadministrasie en meer onlangs, ook in rehabilitasie. Verder bestaan daar ook 'n behoefte aan navorsing na toepaslike steunstelsels vir lede van die departement (Department of Correctional Services: Feedback: Determination of departmental research needs; 1999).



## **1.5 Metode van ondersoek**

### **1.5.1 Teoretiese perspektief**

Die ontledingseenheid van hierdie studie is die gevangenis in die algemeen met Suid Afrikaanse en spesifiek Malmesbury Nuwe Gevangenis gevangenis, as illustratiewe geval. Die belangrikste motivering hiervoor is die feit dat hierdie spesifieke gevangenis die onderskeiding geniet as die eerste gevangenis in Suid- Afrika wat ingevolge die nuwe eenheidsbestuur-filosofie bedryf word en ook gekenmerk word deur die omvattende gebruik van observasie- en ander tegnologie.

Wanneer daar in die geheel na die navorsing wat onderneem is, gelet word is dit moeilik om dit aan een bepaalde navorsingsdoelstelling van die drie algemeen erkende doelstellings, naamlik verkennend, beskrywend of verklarend te koppel (Mouton & Marais, 1985). Daar bestaan egter 'n verband tussen hierdie doelstellings en hulle kan in dieselfde volgorde as bepaalde stappe in 'n proses van opeenvolging van mekaar geplaas word (Grinnell & Williams, 1990:140).

In die eerste geval kan hierdie navorsing as beskrywend beskou word. Met hierdie navorsing is gepoog om onder andere die gevangenis en die interaksies daarbinne te beskryf. Tweedens is die navorsing ook verkennend, aangesien die navorser onder andere 'n onbekende terrein, naamlik die gevangenis as 'n lerende organisasie navors. Die verkenning van 'n onbekende terrein is volgens verskeie skrywers (Babbie, 1993, Mouton & Marais, 1985) een van die basiese kenmerke van verkennende navorsing. Die navorsing poog verder ook om kennis te verbreed ten einde die organisasie instaat te stel om doeltreffend met deurlopende veranderings te kan handel.

By nadere ontleding van dié navorsing, is dit duidelik dat dit kwalitatief van aard is. Soos reeds gemeld, is daar verskeie sosiale verskynsels wat in die tegnologie-gedrewe gevangenis gemanifesteer word en hierdie tipe instelling kenmerk. Hierdie manifestasies of kenmerke spreek dus vanself en voldoen dus aan die eerste belangrike vereiste vir kwalitatiewe navorsing soos deur Mouton & Marais (1985) geïdentifiseer. Hulle merk in hierdie verband op: "Daarenteen is die kwalitatiewe navorser se uitgangspunt dat die verskynsel self moet spreek, dit wil sê die verskynsel moet soos dit self is, homself manifesteer en die navorser sal dit registreer." In hierdie geval poog die navorser om veral die interaksies binne die tegnologiese gevangenis te beskryf en nuwe insigte oor die domeinverskynsel te bekom. Daar hierdie studie ook

nie deur bepaalde eksplisiete hipoteses gerig word nie, voldoen dit aan 'n verdere vereiste vir kwalitatiewe navorsing soos deur bovermelde skrywers uitgewys

### **1.5.2 Literatuurstudie**

In die proses van ondersoek is plaaslike sowel as internasionale literatuur bestudeer. Vanweë die bepaalde tema, kon daar nie net na literatuur uit die korrektiewe, kriminologiese en penologiese veld gelet word nie. Daar is gevolglik ook gebruik gemaak van literatuur uit die sosiologie, filosofie, organisasiekunde, opvoedkunde, maatskaplike werk en informasie- en kommunikasie tegnologie.

Soos reeds vermeld, is daar oor die algemeen min navorsing oor die lerende organisasie in die openbare sektor gedoen. Die werk van Cook et al. (1997) was veral van besondere hulp. Oor die gevangenis as 'n lerende organisasie bestaan daar sover vasgestel kon word, geen inligting. Deurlopende soektogte in internasionale databasisse en die internet het ook niks opgelewer nie. Daar bestaan egter 'n omvattende literatuur m.b.t die teorie van die lerende organisasie in die privaatsektor. Die werk van Senge (1990) geniet veral groot aansien en word steeds as die belangrikste vertrekpunt vir enige navorsing aangaande die lerende organisasie gebruik.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is hoofsaaklik gebruik gemaak van die biblioteke van die Universiteit van Stellenbosch. Vir insae in die werksaamhede van die Suid Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) en ter verkryging van praktykvewante inligting, is van die argiewe van die tersaaklike departement gebruik gemaak. Toegang is vergemaklik deur die feit dat die navorser in diens van die DKD is en dus geskrewe toestemming vir die gebruik van sodanige inligting kon verkry.

### **1.5.3 Empiriese ondersoek**

Daar bestaan verskillende strategieë of metodes om data vir 'n ondersoek te bekom. Hierby ingesluit is strategieë of tegnieke soos opnames, gevallestudies, eksperimente, sekondêre analises en deelnemer waarneming. Tydens die versameling van inligting vir doeleindes van die studie kon nie van al die moontlike tegnieke gebruik gemaak word nie. Daar is egter met vrug gebruik gemaak van die sekondêre ontleding van amptelike dokumentasie, relevante literatuur, persoonlike waarneming en twee vraelyste.

Die amptelike dokumentasie wat ontleed is sluit in alle beskikbare en relevante departementele korrespondensielêers, jaarverslae, rondskrywes, diensorders en beleidsdokumente. Daarbenewens is ook gebruik gemaak van ander relevante staatspublikasies in soverre dit groter begrip van die gevangenis as openbare organisasie kon aanhelp.

Die relevante literatuur wat bestudeer is, is uiteenlopend en omvangryk van aard. Benewens die groot aantal boeke wat geraadpleeg is, is ook heelwat tydskrifte vir relevante artikels geraadpleeg. Internetsoektogte het verder meegehelp dat elektronies-gepubliseerde inligting relevant tot hierdie studie, gevind kon word.

Die inhoud van die twee vraelyste (een elk vir korrektiewe personeel en gevangenes onderskeidelik) is na aanleiding van dit wat uit die literatuur blyk, opgestel. Die inhoud daarvan strek oor die spektrum van feitlike-, opinie- en houding, inligting- en gedragsvrae. In die geval van die personeelvraelys is gepoog om, eerstens die teenwoordigheid of afwesigheid van die sleuteldisiplines van die lerende organisasie vas te stel en tweedens, om personeel se houdings met betrekking tot tegnologie in die werkplek vas te stel. Die vraelys vir gevangenes is hoofsaaklik daarop gemik om hulle houdings met betrekking tot die gebruik van die verskillende vorme van tegnologie binne die gevangenis vas te stel. Vir die doeleindes van die personeelvraelys opname is die totale bevolking, naamlik 269 personeellede, geteiken. Vraelyste is per afdeling en eenheid/werkstasie versprei en uiteindelik is 110 vraelyste terugontvang. Dit verteenwoordig omtrent 40% van die totale teikenbevolking. Hierdie vraelyste is verder ook verteenwoordigend van beide die dissipline-beroepsgroep (bewaarders) en die geslote-beroepsgroepe (onderwysers, verpleegsters, maatskaplike werkers en sielkundiges). Daarteenoor is 550 vraelyste onder beide medium- en maksimum geklassifiseerde gevangenes versprei. In hierdie groep is sorg gedra dat alle misdaadtipes sowel as beide eerste en herhalende oortreders, by die steekproef ingesluit is. Uit die totale aantal wat met behulp van kollegas en ander gevangenes versprei is, het 226 respondente positief gereageer.

## **1.6 Analise en Interpretasie**

Verkrëe data is hoofsaaklik na aanleiding van Senge se model van 5 leer-dissiplines en aan die hand van bestaande literatuur vertolk, vergelyk en verklaar. Die voorkoms of

afwesigheid van hierdie sleutelkenmerke, alhoewel belangrike aanduiders, is egter ook in samehang met die inherente aard en dinamika van die gevangenis as sosiale instelling beoordeel ten einde oorhaastige en ondeurdagte gevolgtrekkings te voorkom.

### **1.7. Hoofstuk indeling / aanbieding**

Hierdie studie bestaan uit 7 hoofstukke en word soos volg aangebied:

Hoofstuk 1 dien as Inleiding tot die studie. Dit handel onder andere oor die motivering vir die studie, metode van navorsing ensovoorts.

Hoofstuk 2 behandel die Gevangenis as 'n lerende organisasie. Hierdie hoofstuk bespreek Foucault se siening van die gevangenis as dissiplinêre tegnologie en verskaf ook insae in die funksionering daarvan. Verder word ook 'n ontleding van die gevangenis as organisasie onderneem. Laastens word die teorie van die lerende organisasie onder loep geneem en op die gevangenis as eiesoortige organisasie van toepassing gemaak.

Hoofstuk 3 fokus op die Gebruik van tegnologie ter ondersteuning van deurlopende waarneming en dissiplinering. In hierdie hoofstuk word veral gefokus op die gebruik van moniteringstegnologie binne en buite die inrigting en die wyse waarop dit gevangenes, geparoleerdes en hulle gesinne asook korrektiewe personeel beïnvloed. Aspekte wat ook aandag geniet sluit in die panoptiese effekte van die tegnologiese gevangenis en tegnologiese observasie en die privaatheidsdilemma.

Hoofstuk 4 behandel die Gebruik van tegnologie ter ondersteuning van rehabilitasie en leer. Aspekte wat hierin behandel word sluit in die gebruik van geesteswetenskaplike- en informasie- en kommunikasietegnologie in korrektiewe behandelingsprogramme. Spesiale aandag word veral gegee aan die problematiek van tegnologiegebruik, die kwessie van komplementariteit asook die natuurlike spanning tussen tegnologie en die isolasiefunksie van die gevangenis. Die hoofstuk word dan afgesluit met 'n kort bespreking van die gebruik van tegnologie ter bevordering van sisteemdenke en organisasie-leer.

In Hoofstuk 5 word aan die hand van Bevindinge gepoog om empiriese data met betrekking tot die voorkoms of afwesigheid van die leerdissiplines en leergebreke

asook houdings met betrekking tot tegnologie binne 'n enkele korrektiewe instelling, tewete Malmesbury Nuwe gevangenis, te bekom.

In Hoofstuk 6 word aan die hand van Bevindinge gepoog om empiriese data m.b.t. gevangenes se houdings t.o.v. waarnemings- en rehabilitasietegnologie vas te stel.

Hoofstuk 7 wat die laaste deel van hierdie navorsing uitmaak, bind die bevindings van hierdie studie saam ten einde uitspraak met betrekking tot die impak van tegnologie op die gevangenste gee. Daarbenewens identifiseer dit ook moontlike onderwerpe vir verdere navorsing.

## **HOOFSTUK 2: DIE GEVANGENIS AS LERENDE ORGANISASIE: LITERATUUROORSIG**

---

In hierdie hoofstuk word twee brëe temas ondersoek. Eerstens word gepoog om aan die hand van die beskikbare literatuur die aard, funksionering en filosofiese grondslae van die gevangenis vas te stel. Tweedens word gepoog om die aard en kenmerke van die lerende organisasie te ondersoek en dit op die gevangenis as van toepassing te maak. Sub-temas wat in hierdie proses besondere aandag geniet sluit in veranderinge binne die Suid Afrikaanse Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) en Foucault (1977) se siening van die gevangenis. Verder word die gevangenis as organisasie ontleed en sy funksionering as dissiplinêre tegnologie onder loep geneem. Laastens word op die belangrikste kenmerke en dissiplines van die lerende organisasie gefokus en met die gevangenis as openbare organisasie in verband gebring.

### **2.1 Inleiding**

Nieteenstaande die debat in intellektuele kringe oor die bestaan van 'n post-korrektiewe tydvak (Bauman, 2000:205) asook verwysings na 'n post- moderne kriminologie (Naudé, 1998), bly die gevangenis in die oë van die gewone individu niks meer as 'n statiese en roetine-gedrewe instelling waarin weinig veranderings plaasvind nie (Skosana; 2000). Hierdie siening hou egter nie rekening met die feit dat die gevangenis, soos ander organisasies, 'n leersisteem is nie. Daarmee word bedoel dat alle organisasies oor formele en informele prosesse en strukture beskik vir die verkryging, deel en benutting van kennis en vaardighede (Nevis et. al, 1995:75). Dit beskik dus oor die potensiaal om te leer. Die potensiaal om te leer, sowel as beskikking oor die sleutelsubstelsels soos mense, organisasie, kennis, leer en tegnologie (Marquardt, 1996) maak egter nie van 'n organisasie 'n lerende organisasie nie. Dit is slegs wanneer die verskillende substelsels toepaslik gekombineer word en verworwe kennis op heeltemal nuwe wyses gebruik word, dat 'n lerende organisasie 'n realiteit word.

Alhoewel die gevangenis as 'n diensorganisasie nie met enige ander instansie kompeteer nie en hoofsaaklik vir die beveiliging van ander sosiale instellings verantwoordelik is, beteken dit nie dat dit onbuigsaam en stagnant moet wees nie. Dit behoort veral te streef na die versterking van sy eie legitimiteit, 'n begrip wat opsigself 'n ope en dialektiese bewustheid van verandering bevat (Sparks, 1994:26). Legitimiteit

is egter nie vanselfsprekend nie en word deur verskillende faktore, insluitend interne probleme, ondermyn. Dit maak dit dus nodig dat die gevangenis as sosiale instansie voortdurend behoort aan te pas na aanleiding van terugvoer vanuit die eksterne en interne omgewing.

## **2.2 Verandering in die Suid-Afrikaanse korrektiewe dienste na 1994**

Die Suid Afrikaanse Korrektiewe Dienste (DKD) bevind haar sedert 1994 te midde van omvangryke verandering. Gevolglik is dit vir die hele organisasie nodig om, by wyse van spreuke, van nuuts af in die "ambag" geskool te word en vir korrektiewe beamptes om 'n gesindheids- en etiese transformasie te ondergaan (Nexus, Mei, 1999: 20).

Alhoewel nuwe filosofieë en programme asook beleidsveranderings, nuwe werksprosedures, visies, missies en strategieë kenmerkend is van die openbare sektor en gereeld geïmplimenteer word, word korrektiewe beamptes met veel meer gekonfronteer. As gevolg van 'n nasionale besluit om 'n ware geïntegreerde strafregstelsel asook 'n effektiewe tegnologies-gebaseerde hofadministrasie stelsel (Nexus; June 2000:18) te vestig en sodoende dienslewering te moderniseer en transformeer, staan korrektiewe beamptes voor totaal nuwe uitdagings. Die sluiting van hierdie tipe strategiese vennootskappe, waar verskillende instellings (DKD, S.A. Polisie Diens, Departement van Justisie) se vaardighede en kennisbasisse en hulpbronne bymekaar gebring word, skep unieke leergeleenthede vir die deelnemende partye (Inkpen; 1998:223). Dit vereis egter 'n gees van ontvanklikheid en 'n leeringesteldheid. Die onderskeibare groepe, elkeen met sy unieke verwysingsraamwerk, is gevolglik ook gekonfronteer met die noodsaak om 'n sistemiese perspektief te ontwikkel.

Die mees dramatiese verandering waarmee DKD -lede gekonfronteer word, is 'n program van demilitarisering wat daarop gemik is om die departement te oormoed van 'n militêre tot ware korrektiewe stelsel ingestel op die rehabilitasie van oortreders. Hierdie stap is in ooreenstemming met internasionale tendense en is wenslik (Dissel, 1997). Dit is egter ook ontwrigtend aangesien personeel nie werklik daarvoor voorberei was nie. Naas die verwydering van militêre simbole (rangtekens) en die gepaardgaande vervanging van rangbenamings, is ooreenkomstig die nuwe demokratiese orde begin met die vestiging van 'n menseregte-kultuur binne tronke. Behalwe die vervanging van militêre dissipline, is die regte van gevangenes erken en plek gemaak word vir rehabilitasie en ontwikkeling. Die onseremoniële verwydering van

die tradisionele organisasiekultuur sonder enige steunstelsels aan personeel en die vestiging van 'n nuwe, is dus 'n belangrike aspek waarmee gehandel moet word.

'n Belangrike verdere verwickeling is die bou van 'n nuwe geslag tronke. Hierdie inrigtings word gekenmerk deur die gebruik van gesofistikeerde veiligheidstechnologie soos elektronies-beheerde hekke, geslote-baan televisie monitoring van gevangenisbeweging en glasomhulde beheersentra. Die infasering van hierdie gesofistikeerde tegnologie het die skepping van ge-outomatiseerde sosio-tegniese omgewings (Lianos & Douglas, 2000:264) tot gevolg gehad. Dit vertoon ook verskeie ooreenkomste met "intelligente geboue" vanweë die hoë vlak van interne kantoor-outomatisasie (rekenaars, lokale area netwerke ens.) en verbinding met die eksterne telekommunikasie netwerk via faks, wye area netwerke ens. (Bain & Baldry, 1992:126). Alhoewel dié tipe omgewing operasionele kostes help besnoei ondermyn dit terselfdertyd ook werkerbeheer oor die werkplek. Die meerderheid van die personeel word as gevolg van die hoë vlak van tegnologie-benutting tot passiewe toeskouers degradeer en hul vermoë om omgewingstoestande te beïnvloed word ook aansienlik verminder. Bain & Baldry (1992:137) is verder van mening dat hierdie tipe beboude-omgewing die potensiaal het om 'n onaangename werksomgewing te skep wat nadelig vir personeel se gesondheid kan wees. Hierdie sentiment word tot 'n sekere mate deur Lianos & Douglas (2000) gedeel. Hulle wys daarop dat wanneer sosiale beheer geoutomatiseer en geskei word van interpersoonlike interaksie, daar geen behoefte meer is vir "negotiation of personal ties, no need for polished social skills, no need to demonstrate ethical probity, the new social divisions are defined by having or not having the right mechanical means of identification at each level" (Lianos & Douglas, 2000: 262).

Pistorius (1996) is van mening dat die ontplooiing van gesofistikeerde tegnologie ter verkryging van produktiewe voordeel of, soos met hierdie studie die geval, korrektiewe uitnemendheid, slegs moontlik is in 'n lerende organisasie waar tegnologie en mense in harmonie en gestruktureerd bestuur word.

Enige organisasie gekonfronteer met grootskaalse verandering, kan volgens Senge (1990) sekere leerdissiplines of vaardighede ontwikkel en 'n omgewing skep waarin leer kan plaasvind wat die organisasie in staat sal stel om die eise van verandering te kan hanteer. Hy identifiseer verder sewe praktyke wat 'n stremmende invloed op leer



het en organisasies verhoed om hulle sleuteldoelwitte te bereik. Dié vaardighede sluit in gedeelde visie, persoonlike bedrewenheid, spanleer, sisteemdenke en persoonlike denkwyses wat later tesame met die leerstremminge, onder loep geneem sal word.

Ten einde egter die wesenlike aard van leer binne 'n korrektiewe opset behoorlik te kan deurgrond, is dit wenslik dat 'n begrip verkry word van die filosofiese grondslae van die gevangenis, die kenmerke van die korrektiewe organisasie sowel as aard van die voorvermelde leerdissiplines binne die korrektiewe opset. Vervolgens sal Foucault (1977) se ontleding van die gevangenis onder loep geneem word.

## **2.3 Foucault se perspektief op die gevangenis**

### **2.3.1 Inleiding**

Die gevangenis was eens 'n ondergeskikte en ongewilde plaasvervanger vir lyf- en doodstraf. Sy transformasie van 'n mindere strafvorm tot die hoofstrafvorm, het eers in die 19de eeu plaasgevind as gevolg van die sameloop van 'n verskeidenheid ekonomiese, politieke en sosiale omstandighede. Voor hierdie tydperk was dit bloot gebruik as meganisme om die teenwoordigheid van die oortreder vir vonnisvoltrekking te verseker. Die transformasie van hierdie instelling is noukeurig deur die Fransman, Michel Foucault in *Discipline and Punish: The birth of the Prison* (1977) beskryf. Sy argument is dat dit 'n teenoorgestelde strafstelsel met 'n ander fokus asook 'n dieperliggende verandering in die aard van die regspleging verteenwoordig (Garland, 1990:134). Verder is dit ook 'n arena waarin mag as 'n strategie tot uiting kom.

Foucault se ontleding van die besondere aard en funksionering van die gevangenis as deel van die tegnologie van straf en die rol van mag in hierdie verband, word steeds as van deurslaggewende belang vir die verstaan van die instelling beskou en sal vervolgens onder loep geneem word.

## **DIE GEVANGENIS BINNE DIE KONTEKS VAN STRAFTEGNOLOGIE**

Die pre-moderne strafstelsel was tot die einde van die 18de eeu gekenmerk deur die gebruik van strafmetodes wat met reg deur die hedendaagse individu as barbaars, onmenslik en as 'n skouspel van aakligheid beskou kan word. In 'n tydvak toe misdad as 'n aanval op die gesag van die monargie en as 'n oorlogsverklaring teen die monarg beskou was, was dit die gebruik om oortreders met veral lyfstraf en doodstraf of verbanning te straf. Instrumente soos die galg, folterwiel, valbyl en die pynbank was

gevolglik algemeen in gebruik. Oortreders is in die openbaar gemartel en vergruis asook opgehang. Die gebruik van al hierdie tegnologieë van straf was daarop gemik om die soewereine gesag van die monarg te herstel en tot afskrikking van andere te dien. Terselfdertyd het die liggaam van die slagoffer as die arena vir herstel van die wetlike gesag gedien. Foucault het hierna verwys as die politieke tegnologie van die liggaam aangesien die liggaam vir beide politieke en juridiese redes aangeval is (Garland, 1990).

Nieteenstaande die grusame aard van die strafvoltrekking, was dit egter steeds 'n ordelike sosiale ritueel wat bewustelik ontwerp is om 'n bepaalde effek op die oortreder, samelewing en die slagoffer te hê (Poster, 1984:97). Die openbare teregstelling opsigself is voorafgegaan deur 'n juridiese proses om die waarheid te bekom. Selfs hierdie proses is wetties gereguleer. Straf was dus nooit bloot 'n uitdrukking van woede of wraaksoeke nie.

Die gevangenis het 'n sleutelrol vervul aangesien dit die teenwoordigheid van die oortreder in die juridiese prosesse en by vonnisvoltrekking verseker het. Daarbenewens was dit ook die plek waar die juridiese ondersoek, wat die teregstelling moes vooraf gaan, voltooi is. Tradisioneel was die openbare teregstelling die laaste fase van die strafproses. Dit kon ook slegs plaasvind nadat aan die vereistes vir juridiese ondersoek voldoen en voldoende getuienis vir voltrekking gevind is.

Verder was dit ook die gebruik dat die inligting wat tydens die ondersoek verkry is, deur 'n openbare skuldbekentenis van die beskuldigde gesteun word. Hierdie bekentenis is verkry deur juridiese marteling, wat alleen maar kon volg nadat voldoende prima facie getuienis ingewin is en 'n skuldigbevinding redelik seker was. Die openbare teregstelling was dus 'n aksie van openbaarmaking waardeur die publiek op hoogte gebring is met wat in die geheim (d.w.s. in die gevangenis) bekom is (Garland, 1990:139). Ten spyte van hierdie rol en die feit dat tronke ook as instrumente van arbitrêre regspraak (Cousins & Hussain, 1984:181) deur die monarg gebruik is, het die gevangenis vir baie jare nie in belangrikheid toegeneem nie. Na sy transformasie is die gevangenis opsigself tot dissiplinêre tegnologie gevestig. Hierdie aspek sal vervolgens aandag geniet.

### **2.3.3 Die gevangenis as dissiplinêre tegnologie**

Die sistematiese gebruik van die moderne gevangenis vir 'n wye verskeidenheid misdade asook die radikale herorganisasie van die aanhoudingsregime met die gebruik van tegnieke soos skeiding, klassifikasie en kategorisering is deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed. Hierdie politieke, ekonomiese en filosofiese faktore sal egter nie hier bespreek word nie. Van groter belang is dat die gevangenis wel daarin geslaag het om die ander instrumente van straf te vervang. Verder is 'n stelsel geïmplimenteer waarin fisiese pyn en openbare vertoon ter herstel van die soewereine gesag, heeltemal verdwyn het. Die strafregime van die gevangenis was gekenmerk deur maatrêls om die oortreder te dissiplineer en sodoende gedragsverandering teweeg te bring eerder as om die liggaam in 'n orgie van magsvertoon te vernietig. Dissipline, anders as geweld, is meer tegniek as instelling en leen hom daartoe dat dit in verskillende omstandighede vir verskillende doeleindes gebruik kan word sonder om totaal met 'n bepaalde opset vereenselwig te word (Dreyfus & Rabinow ; 1983:153) .

#### **2.3.3.1 Die funksionering van die gevangenis as dissiplinêre tegnologie**

Volgens Foucault (1977) funksioneer die gevangenis as dissiplinêre strategie, deur middel van die gebruik van vier hooftegnieke naamlik beheer oor ruimtes en tyd, hiërargiese observasie, normaliserende oordeel asook assessering en eksaminering. Dié tegnieke, aldus Foucault, is ook meganismes waarin verskillende magsvorme, naamlik sellulêre, organiese, genetiese en kombinerende mag, verskans word en gebruik word om spesifieke gedragsvorme te verseker. Sellulêre mag behels die opdeling van groot groepe in meer hanteerbare eenhede of reekse in bepaalde lokaliteite vir beter beheer. Organiese mag bou verder hierop deur 'n bepaalde liggaam te onderwerp aan 'n stel voorafbepaalde handeling en wyses van optrede. Genetiese mag op sy beurt bepaal fases waardeur gevorder moet word ten einde 'n gewenste resultaat te bereik terwyl kombinerende mag, die liggaam/individu aan 'n reeks opdragte en 'n verskeidenheid van rolle onderwerp (Bernauer; 1990:129). Gegewe hierdie magsvorme en hulle geïmpliseerde tegnieke is dit nodig om hul spesifieke werking onder loep te neem.

##### **2.3.3.1.1 Beheer oor ruimtes en tyd**

Die effektiewe bevordering van dissipline binne ruimtelike verband vereis dat gevangenes individueel eerder as in groepsverband hanteer moet word. Foucault stel dit dat die massa gedekonstrueer en vervang moet word met 'n versameling geskeide

individualiteite (Boyne, 2000:293). Aangesien dissipline 'n selfgereguleerde en konformerende individu wat uit eie oorweging eerder as gevolg van sigbare dwang optree, ten doel het, het dit bepaalde organisatoriese implikasies. Eerstens is dit belangrik dat individue ruimtelik georganiseer word en tweedens, dat tyd en beweging noukeurig beplan word.

Die noodsaak om individue ruimtelik te organiseer, het direk aanleiding gegee tot doelmatige gevangeniskonstruksie wat grootendeels sellulêr en semi-geslote in ontwerp was. Cousins & Hussain (1984:185) verwys daarna as funksionele monumente. Hierdie model funksioneer op die beginsel dat elke sel, spasie of lokaliteit deur 'n individu of liggaam gevul word ten einde die toepassing en fokus van bepaalde dissiplinêre tegnieke (volgehoue observasie, assessering ens.) daarop te fasiliteer. Ruimtelike skeiding van individue is gevolg deur die noukeurige reëling en beheer van die interaksie tussen gevangenes by wyse van werkplanne en roosters waardeur verseker is dat ruimte en tyd binne die gevangenissituasie nooit neutraal kan wees nie (Mathews, 1999:27).

Roosters is veral geskik vir die skepping van orde binne geslote ruimtes aangesien ongeorganiseerde en uiteenlopende aktiwiteite, chaos tot gevolg kan hê. Dit bemoontlik beide die verspreiding van individue onderhewig aan toesig en dissipline binne versigtig ontwerpte omgewings asook die spesifisering van hul aktiwiteite. Sodoende bevorder dit die werking van die verskillende magsmeganismes. Die verskillende gespesifiseerde aktiwiteite soos arbeid of opleiding, het dus nie soseer konstruktiewe tydsbebenutting ten doel nie maar is daarop gemik om ook by wyse van repetisie, die gewenste karaktertrekke van 'n goedaangepaste, selfgereguleerde en konformerende individu te internaliseer.

Tyd, ruimte en aktiwiteit maak nie net 'n integrale deel uit van roosters nie maar resorteer ook onder Foucault se sogenaamde "micro-penalties" wat volg wanneer strydig met 'n vooraf vasgestelde standaard opgetree word. Enige laatkommery, afwesigheid of taakonderbreking is strydig met die vereistes van die rooster as 'n vaste standaard en dus nie bevorderlik vir die vestiging van dissipline nie. Dieselfde geld vir onoplettendheid, agterlosgheid of gebrek aan ywer tydens taakuitvoering soos gespesifiseer deur die rooster, en leen hulle gevolglik tot een of ander vorm van straf ter normalisering.

### 2.3.3.1.2 Hiërargiese observasie

Suksesvolle dissiplinerings vereis meer as net die noukeurige beheer oor tyd en ruimte waarin 'n bepaalde individu hom of haar bevind. Dit benodig ook 'n meganisme wat dwing deur middel van observasie (Cousins & Hussain, 1984:186). Die gevangenis het gevolglik bekend geraak vir sy funksionele argitektuur wat die deurlopende waarneming van die individuele liggaam, sy handeling, gebare, gedrag of gesindheid bemoontlik. Die beskrywing van die gevangenis as 'n alsiende of sogenaamde "panoptiese stelsel" word hieraan verleen.

Hierdie stelsel, vernoem na die argitektoniese model ontwerp deur Jeremy Bentham in die 19de eeu, bemoontlik ononderbroke en alomteenwoordige waarneming sonder dat die waarnemer self sigbaar is. Die ge-observeerde en observeerder is dus hiërargies onderskeibaar met die wag, as verteenwoordiger van die samelewing se gesag, as 'n soort God-surrogaat wat die gevangene na willekeur kan dop hou en enige gedragsafwykings of verbeterings bespeur en toepaslike straf of beloning kan uitdeel (Poster, 1984:101). Panoptiese observasie word verder ook 'n strategie om die tegniese omstandighede, omvang en kompleksiteit van die taak om effektiewe beheer oor groot groepe mense uit te oefen (Dandeker, 1990:26) suksesvol te kan hanteer.

Deur die gebruik van deurlopende observasie, word dwang vervang as middel om 'n bruikbare en konformerende individu te verkry en word die mag wat terselfdertyd in werking is, as minder onderdrukkend en as 'n natuurlike gevolg van elke individu se strewe na doeltreffende funksionering ervaar (Bernauer, 1990:130). Dissiplinerings deur observasie is verder ook lig, vlugtig en anoniem en maklik om as vanselfsprekend te aanvaar.

Die transformasie van gewone aanhouding deur die argitektuur van die Panoptikon maak egter ook van observasie 'n "duiwelse" strafmetode en 'n totale mag oor die gevangene (Poster, 1984:102). Naas sy bydrae tot die dissiplinerings van die individu en die ekonomisering van die aanhouding van groot groepe, dring dit in waar dit normaalweg nie toelaatbaar is nie verwerf dit as sulks ewelstatus. Die resultaat hiervan is gevolglik nie rehabilitasie soos verwag nie maar bloot normalisering van gedrag.

### **2.3.3.1.3 Normaliserende oordeel**

Die self-gereguleerde en konformerende individu is 'n individu wat ooreenkomstig bepaalde standaarde optree. Gevolglik hang die doeltreffende funksionering van enige dissiplinêre stelsel af van die bestaan van standaarde wat kan dien as die norme van konformiteit. Foucault identifiseer die volgende standaarde of "mikro-penaliteite" wat gebruik kan word om individue te beoordeel as goed-aangepaste en insiklike en dus gerehabiliteerde persone naamlik: tyd, aktiwiteit, seksualiteit, gedrag, spraak en liggaam. Afwykings in enige van hierdie lewensareas word nie net vertolk as wanaanpassing nie maar gee ook aanleiding tot die toepassing van bepaalde korrigerende maatreëls of straf. Aangesien voorvermelde standaarde geen aspek van die menslike bestaan uitsluit nie word dit ook moontlik om 'n besondere oortreding te kwantifiseer en kan dit dien as 'n hiërargie vir die verspreiding en gradering van individue wat beide legitiem en geregverdig is (Dreyfus & Rabinow, 1983:158).

Normalisering steun sterk op die tegnieke van assessering, eksaminering en observasie nadat die konformiteitsnorm gedefinieer is. Dit beteken dus noodwendig dat die gevangene wat hom/haar op die laagste vlak van die hiërargie bevind, die meeste geïndividualiseer is (Shiner, 1982:394). Daarbenewens word diesulkes se diskoers en kennis gevolglik ook totaal geïgnoreer. Die beoordelaars van normaliteit binne die gevangenisopset, ingeslote maatskaplike werkers, opvoedkundiges ens. se kennis en diskoers is op die voorgrond en bepalend vir vrylating vanuit aanhouding. Kennis en mag word dus onlosmaaklik verbind. Vanuit bepaalde gespesialiseerde of vakkennis word die unieke karaktertrekke van die gevangene as subjek vasgestel en word die toepaslike magstegnologie of variasies daarvan, in gebruik gestel (Poster, 1984:111). Die dossier of gevallerekord en die rekorderingsaksie is dus vorme en rituele van oorheersing oor die geïsoleerde individu (Garland, 1990:145; Shiner, 1982:394).

### **2.3.3.2 Opsommend**

Die gevangenis as dissiplinêre tegnologie en plaasvervanger vir magsvertoon en herstel steun sterk op die tegnieke van individualisering, beheer oor tyd en ruimte, ononderbroke hiërargiese en alomteenwoordige observasie sowel as normaliserende oordeel met behulp van assessering en eksaminering vir die produsering van selfgulerende en konformerende individue. Belangrike aanvullende ondersteuningsstelsels is onder meer funksionele argitektuur wat die sigbaarheid van individuele gevangenes verseker asook spesialiste wat oor bepaalde kennisvorme

beskik, en wie se taak dit is om die ge-individualiseerde liggaam as subjek te deurgrond en sy gedrag te meet teen 'n vooraf geformuleerde konformiteitsnorm. Tydens hierdie proses van deurgronding en normalisering is daar weinig ruimte vir die kennis en diskoers van die ondergeskikte en geniet die kennis en diskoers van diegene in beheer voorrang.

In die volgende afdeling sal die gevangenis as organisasie verder ondersoek word ten einde 'n greep te verkry op sy unieke aard en die implikasies daarvan vir onder meer organisasieleer en die gevangene.

## **2.4 Die gevangenis as organisasie**

Moderne organisasies is "patterns of action surrounded by a semi-permeable membrane facilitating transactions...with their surrounding environment" (Munro, 1971:623) asook "complex arrangements of people in which learning takes place" (Nevis et.al, 1995:74). Hierdie beskouings strook met die sienings van Christie (1998) aangehaal deur Moloji (1999:30) dat samelewingsinstellings soos die skool en gevangenis, verstaan behoort te word in terme van gereguleerde en gesanksioneerde sosiale praktyke. Net soos die skool 'n georganiseerde omgewing skep vir sistematiese onderrig en leer, bied die gevangenis as aanhoudingsinstansie, 'n soortgelyke ruimte vir veilige bewaking, sistematiese intervensie en rehabilitasie ter fasilitering van suksesvolle herintegrasie in die gemeenskap. Die gevangenis is verder ook 'n sosiale organisasie wat bestaan uit die samewerkende verhoudinge tussen volwassenes (korrektiewe personeel) met 'n gemeenskaplike doelwit (gemeenskapsbeveiliging deur veilige bewaking en rehabilitasie).

### **2.4.1 Die gevangenis as menslike hulpbron organisasie**

Volgens O'Leary & Duffee (1971:604) het organisasies drie sleutelfunksies naamlik: doelgerigte aktiwiteite, interne instandhoudingsaktiwiteite en aanpassing by die omgewing. Die gevangenis se sleutelaktiwiteit is gemeenskapsbeveiliging deur die aanhouding en rehabilitasie van oortreders tot produktiewe burgers van die samelewing. Korrektiewe instellings kan gevolglik op 'n glyskaal van òf oorheersend aanhoudingsingesteld òf oorheersend rehabilitasie-georiënteerd geklassifiseer word. Met mense as sy belangrikste grondstof en veranderde gedrag as uitset, is dit gevolglik nie vreemd dat na die gevangenis verwys word as 'n "menslike hulpbron" organisasie nie (Neser, 1993:81). Sodanige organisasies verskil fundamenteel van ander, veral

produksie/produk organisasies, in terme van beheer en arbeidsverdeling as gevolg van die reaktiwiteit en selfinisiatief van diegene wat in die gevangenis opgeneem word. Die Amerikaanse National Advisory Commission on Criminal Justice Standards and Goals (NACCJSG) (1985:87) deel hierdie siening en beveel aan dat gevangenis organisasie-ontwerp deur duidelike gedefinieerde en wedersyds ooreengekome doelwitte, asook met inagneming van die interpersoonlike verhoudings binne sodanige organisasie, voorafgegaan word.

#### **2.4.2 Organisasiegrense**

Alle organisasies het duidelike grense of verbruikers en kliënte wat deel uitmaak van beide hulle interne en eksterne omgewing. As openbare sektor organisasie, funksioneer die gevangenis aan die hand van die beginsels van publieke administrasie en is dit polities en wetties verantwoordelik aan die belastingbetaler en die staat asook onderhewig aan professionele en ander etiese openbare diensstandaarde. Die organisasie is verder ook direk aan die gevangene verantwoordelik vir die lewering van goedere en dienste, hetsy aanhouding of rehabilitasie. Daar elke korrektiewe beampte wettige gesag oor die gevangene het, deel elkeen gevolglik die verantwoordelikheid asook regs aanspreeklikheid vir die lewering van sodanige dienste (Archambeault & Archambeault, 1982:44). Munro, (1971:626) verwys in hierdie verband na die bestaan van 'n kliënt-korrektiewe rolstel betaande uit korrektiewe personeel, mede-gevangenes en die familieledede van gevangenes, d.w.s. intra- en ekstra-organisatoriese lede, wat met mekaar kommunikeer, konsulteer en as rolseiners met betrekking tot wat elkeen se siening van behoorlike rolgedrag is, optree. Sodanige rolstel is onderhewig aan verskeie faktore byvoorbeeld interpersoonlike verhoudings of organisatoriese inset (organisasie grootte, aktiwiteitspatrone ens.), wat rolle ten goede of ten slegste kan beïnvloed.

#### **2.4.3 Die rasonale karakter van die gevangenis**

Sergiovanni & Starratt (1993), aangehaal deur Moloï (1999:30), wys daarop dat organisasies 'n rasonale karakter het wat aan hulle regverdiging en legitimititeit vir hulle voortgesette bestaan bied. Verder voer hulle ook aan dat organisasies oor eksplisiete bestuursstrukture, prosedures, verstaanbare en rasonale beleid, prosesse en bestuursstelsels beskik ten einde sleutel organisatoriese doelwitte te kan bereik. Hierdie elemente is voorts sodanig georganiseer dat effektiwiteit, doeltreffendheid en etiese optrede bevorder en doelwitbereiking bespoedig word. Die bestuur van



dienlewering aan gevangenes word bewerkstellig deur 'n netwerk van toesighoudende posisies wat op strategiese punte dwarsoor die organisasie versprei is (Archambeault & Archambeault, 198:43). Daar word na hierdie funksies of take wat deur hierdie netwerk gelewer word, verwys as die proses van korrektiewe supervisie. Tydens hierdie proses word die elemente van die organisasiestruktuur, administratiewe funksies, werksaktiwiteite en spesifiek bewakings- en behandelingsaktiwiteite op alle vlakke saamgebind. Probleme soos gevangene-opstande, hongerstakings ens. wat dui op wanfunksionering van die stelsel, word terselfdertyd ook beskou as legitimiteitsprobleme (Sparks, 1994) en noodsaak dat deurlopend gewerk word ter versterking van die instelling se legitimiteit.

#### **2.4.4 Die beginsel van differensiasie in gevangenis**

Soos die skool, is die gevangenis ook onderverdeel in duidelik onderskeibare funksionele areas en is elke beskikbare ruimte, tyd, persoon, taak ens. volledig georganiseer.

Ruimte word beheer deur korrektiewe personeel en beweging van gevangenes geskied slegs met begeleiding aangesien ongekontroleerde beweging chaos tot gevolg kan hê. Die gevangenis funksioneer verder ook op die beginsel van die afwesigheid / teenwoordigheid van individue.

Tyd is soos ruimte, gesegmenteer tot in die fynste besonderhede vir alle aktiwiteite ingeslote eet, slaap, werk, behandelingsprogramme ens. Die voorkoms van 'n rooster van aktiwiteite binne die gevangenisopset het egter nie konstruktiewe tydsbesteding in gedagte nie maar het, volgens Foucault, die vorming van 'n konformerende individu as doelwit.

Korrektiewe personeel word gedifferensieer na aanleiding van kwalifikasies, bedelingskategorieë of kundigheid en ervaring en die volgende kategorieë kan breedweg onderskei word: (i) Korrektiewe bestuurders (ii) Korrektiewe beamptes (iii) Klerikale personeel (iv) Professionele personeel (maatskaplike werkers, sielkundiges, onderwysers) ens.

Alle gesag binne die gevangenis berus by korrektiewe personeel wat insiklikheid en gevangenesamewerking afdwing. Daar is gevolglik weinig sprake van deelnemende

bestuur en eensydige besluitneming is die norm. Nieteenstaande die differensiasie tussen die verskillende beroepsvlakke, verskil die gevangenis steeds van ander organisasies daar elke korrektiewe personeellid beide 'n uitvoerende en bestuursfunksie het as gevolg van hulle medeverantwoordelikheid vir die bestuur van gevangenes (Neser, 1993:82).

#### **2.4.5 Die beheermeganisme van die gevangenis**

Die legitimiteit van organisasies in die algemeen, en dié in die openbare sektor in die besonder, hang ten nouste van af hul vermoë om ten alle tye in beheer te wees. Elke organisasie het gevolglik sy eie wyses waarop gehalte en doeltreffendheid van dienslewering gemeet word. Beheer in die openbare sektor bestaan uit twee aspekte naamlik interne beheer, wat deur funksionaries self uitgeoefen word, en beheer deur die wetgewer (Cloete, 1994:205). Interne beheer verwys onder meer na die afbakening van werkareas en leidinggewing aan ondergeskiktes sodat hulle individueel en gesamentlik die vereiste doelwitte kan bereik. Die beheerfunksies van die wetgewer word gedelegeer aan 'n reeks uitvoerende funksionaries bv. ministers en amptenare sowel as aan kolleges soos rade en kommissies (Cloete, 1994:211).

Die gevangenis het berugtheid verwerf vanweë die streng hiërargiese struktuur wat die organisasie kenmerk sowel as die komplekse netwerk van regulasies, orders en kodes in gebruik. Daar is ook eenstemmigheid onder studente van die gevangenis as instelling dat korrektiewe instellings tipiese burokrasieë is (Archambeault & Archambeault (1982), Matthews (1999), Van Zyl Smit (1997)) en as sulks geneig is om funksioneringprosedures te ontwikkel wat bestuursvoorkeure eerder as individuele of gemeenskapsregte en solidariteit dien (Van Zyl Smit, 1997:48).

Burokratiese organisasies aldus Weber, (Neser, 1993:83), is gekenmerk deur die volgende beginsels:

- wetlike gesag van die organisasie
- delegasie van gesag
- bestuur deur geskrewe dokumente
- opleiding as bestuursvereiste
- aanwending van voltydse bestuurders
- bestuur deur geskrewe reëls

Fayol se bestuursbeginsels, gebaseer op Weber se organisasiebeginsels, maak op hul beurt weer voorsiening vir die volgende kontrole maatreëls:

- dissipline
- sentrale bevelvoering
- voldoende beloning
- orde
- spesialisasie ens. (Neser, 1993:83)

Die meeste van hierdie beginsels is steeds te vinde in die meeste korrektiewe instellings en gee beslag aan die algemene siening dat korrekte instellings roetine-gedrewe en onveranderlik is. Nevis et. al (1995) wys egter daarop dat alle organisasies leersisteme is en oor die potensiaal beskik om te kan leer. Dit maak dit dus selfs moontlik vir burokratiese instellings om voortdurend te kan verander eerder as om roetine-gedrewe te funksioneer. In die volgende afdeling sal hierdie besondere aspek verdere aandag geniet.

#### **2.4.6 Organisasies as leersisteme**

Organisasies, ongeag in watter sektor van die ekonomie hulle hulself bevind, is ook leersisteme. Daarmee word bedoel dat alle organisasies oor beide formele en informele strukture en prosesse beskik vir die verkryging, deel en benutting van kennis en vaardighede (Nevis et.al, 1995:75) en beskik dus oor die potensiaal om te leer beskik. Die aard van leer en die wyse waarop dit geskied wissel egter tussen organisasies en word grootliks bepaal deur die organisasie se kultuur en of subkultuur, ervaring en sleutelvaardighede. Elkeen het 'n onderskeibare leeroriëntasie gesteun deur bepaalde faktore wat die pas daarvan bepaal. Ovens (1999:98), in 'n artikel aangaande 'n eko-sistemiese benadering tot die gevangenis, wys daarop dat suksesvolle rehabilitasie slegs moontlik word wanneer die unieke omstandighede van die gevangenis konteks in berekening gebring word. Wanneer die gevangene die korrektiewe instelling betree, moet hy/sy ter wille van oorlewing by die kunsmatige omgewing van aanhouding aanpas. In die proses word 'n nuwe werklikheid geskep wat versterk word tydens die duur van die verblyf. Die gevangene word dus 'n kennis-agent van die oorheersende struktuur (Medlicott, 1999:16) waarin hy/sy hom/haar bevind. Hierdie belewenis is van kritieke belang vir die terapeutiese proses aangesien personeel verantwoordelik vir die terapeutiese intervensie, 'n groter kans op sukses het

indien uit die tradisionele verwysingsraamwerk getree word en ontvanklikheid vir 'n nuwe leerervaring aanwesig is.

Uit bostaande is dit duidelik dat die gevangenis inderdaad 'n organisasie is wat moet leer en tot leer instaat is. Behalwe sy verpligting om voortdurend aan te pas as gevolg van veranderende omstandighede of die noodsaak om 'n effektiewer terapeutiese of rehabilitasierol te speel, moet sosiale instellings ook hul legitimititeit op 'n deurlopende basis versterk.

Dit is dus vervolgens moontlik om die gevangenis as 'n lerende organisasie van nader te beskou.

## **2.5 Die gevangenis as 'n lerende organisasie**

### **2.5.1 Die definisie en kenmerke van die lerende organisasie**

Verandering is 'n integrale deel van die lewensverloop van enige organisasie en kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Soms word dit genoodsaak deur die strewe om kompeterende voordeel te behou of te verkry, 'n beter gehalte of voortreflike diens te lewer of in reaksie op organisasiesterfte of selfs as gevolg van die behoefte aan 'n nuwe organisatoriese model (Robinson & Ellis, 1999:26-27). Moderne organisasies moet veral ontvanklik vir nuwe idees, benaderings en gesindhede bly. Hierdie ontvanklikheid stel hulle instaat om nuwe ontwikkelings te antisipeer en hulle strategiese en operasionele planne daarby aan te pas (Bornman, 1992:19). Versuim om vir verandering te beplan of selfs weerstand teen verandering behoort vertolk te word as weerstand teen leer. Sodanige organisasie behoort gevolglik ook as 'n anti-lerende organisasie beskou te word (Vermeulen, 1999:26). Marquardt (1992) maan egter dat leer alleen nie van 'n organisasie 'n lerende organisasie maak nie. Leer is na sy mening slegs 'n enkele substelsel van die lerende organisasie wat met kennis, organisasie, personeel en tegnologie gekombineer behoort te word om die gewenste uitwerking te verkry.

Na aanleiding van hierdie bespreking, word dit dus nodig om aandag te gee aan die vraag: "Wat is die kenmerke en definisie van 'n lerende organisasie in die algemeen en die lerende organisasie in die openbare sektor, in die besonder?"

Die lerende organisasie-konsep het tot 'n omvangryke literatuur met wisselende definisies aanleiding gegee. Garvin (1993) is van mening dat hierdie veelvoud van definisies daartoe bydra dat definisies wat implimenteerbaar, meetbaar asook betekenisvol is en nie gebuk gaan onder hoë aspirasies nie, nog nie gevind is nie. Gevolglik stel hy voor dat 'n lerende organisasies gedefinieer word as "an organization skilled at creating, acquiring and transferring knowledge and at modifying its behavior to reflect new knowledge and insights" (Garvin, 1993:80). Hierdie aanspraak op uitvoerbaarheid maak egter nie ander definisies ongeldig of minder bruikbaar nie. Van der Spuy (1996:26) op sy beurt beskou die lerende organisasie as een met 'n "flexible, open and flat structure ("rightsizing"), to face rapidly changing environments with employees capable of improvisation, who are generalists and have excellent networks for getting things done." Gesamentlik beskou, wys albei definisies op die belangrikheid van beide mense en organisasie as fasiliteerders van organisasieleer. Dit sou dus fataal wees om aan die een ten koste van die ander, groter belangrikheid te gee. 'n Ander belangrike waarneming is dat nuutverworwe insigte in die praktyk tot uiting moet kom as veranderde werkswyses. Indien dit nie die geval is nie, is dit nie leer nie maar bloot die potensiaal daartoe (Garvin, 1993:80).

Nieteenstaande die verskeidenheid van definisies waarmee die navorser gekonfronteer word, is dit tog moontlik om die belangrikste kenmerke of boustene van die lerende organisasie te identifiseer. 'n Bruikbare studie in hierdie verband is dié van Lane (1996:43 - 52), waarin gepoog is om die gemeenskaplike kenmerke van die lerende organisasie vanuit die literatuur te identifiseer. Sy bevinding was dat hierdie tipe organisasie gekenmerk word deur die volgende:

- aanwesigheid van 'n leerkultuur
- mense word eerste gestel
- leer geniet hoë prioriteit
- eksperimentering is aanwesig en word bevorder
- leer vanuit andere se ervaring word aangemoedig
- spanleer/ leer by en van mekaar
- kennisoordrag word aangemoedig

Senge (1990), wat beskou word as een van die belangrikste denkers op die gebied van die lerende organisasie, beskou die lerende organisasie as een wat daarin slaag om leerstremminge soos posisieverknogtheid, blaamverskuiwing ens. te vermy en die

vaardighede van sisteemdenke, gesamentlike visie, spanleer, persoonlike bedreweheid en blootlegging van beperkende denkwyses bemeester het.

Alhoewel die lerende organisasie sy oorsprong in die privaatsektor het, is daar voldoende bewyse dat die konsep ook op die openbare sektor van toepassing gemaak kan word.

Die lerende organisasie in die openbare sektor sal vervolgens onder loep geneem word.

### **2.5.2 Die lerende organisasie in die openbare sektor**

Die lerende organisasie-konsep het, soos vermeld, sy oorsprong in die privaatsektor en hou verband met maatskappye se strewe na die verkryging, behoud of uitbreiding van kompeterende voordeel. Alhoewel openbare organisasies nie winsoogmerke het nie, kan en behoort hulle steeds responsiewe en buigsame diensorganisasies (Godfrey, 1994:493) met 'n sterk kliënte-fokus te wees. Bozeman (1987) aangehaal deur Stewart (1997) steun hierdie siening en is die mening toegedaan dat daar wesenlik nie veel verskille tussen private en openbare instellings bestaan nie. Na sy mening vertoon openbare organisasies slegs 'n groter mate van "publiekheid" aangesien die vlak van politieke gesag wat uit die organisasie voortvloei en dit beperk, groter is (Stewart, 1997:44). Hy voer voorts ook aan dat alle organisasies in wese openbare organisasies is aangesien selfs private instellings deur die openbare sektor gereguleer word, soms ook befondsing vanaf owerheidskant ontvang en gevolglik aan openbare ondersoek onderhewig is. Openbare sektor organisasies op hulle beurt is weer toenemend onderhewig aan die invloed van markkragte as gevolg van die publiek se aandrang op koste-effektiewe en gehalte dienslewering. Die bepaalde aard van 'n openbare organisasie sowel as sy eiesoortige kenmerke, het dus nie noodwendig 'n groter stremmende invloed op die moontlikheid dat hulle nie tot lerende organisasies omvorm kan word nie.

Die vestiging van lerende organisasies in die openbare sektor kan aangehelp word deur die steun van politieke hoofde, afwesigheid van tydsdruk, bevordering van 'n diensingesteldheid by openbare beamptes asook die aanwesigheid van snellers of krisisse (Godfrey, 1994:494).

Openbare instellings is in wese politieke sisteme en dit is van die grootste belang om die steun van veral politieke hoofde te verkry. Politieke hoofde is in staat om 'n omgewing te skep waar vrees vir verandering verdryf word en leer en kreatiwiteit na waarde geskat word. Verder is hulle instaat om deur middel van transformatiewe leierskap, 'n voorbeeld te stel en as rolmodel vir 'n stel waardes wat met leer versoenbaar is, te dien.

Openbare instellings is ook minder tydgedrewe as privaatondernemings. Daar is dus genoeg tyd om veranderings wat die steun van die politieke leierskap geniet deur die organisasie te laat suur en 'n houvas te verkry. Politieke krisisse en gebeure met wydlopende gevolge kan in sodanige omstandighede sinvol benut word om die organisasie in sy totaliteit by beplanning te betrek en organisasieleer te bevorder.

Cook (1997:18) is van mening dat daar 'n onuitwisbare verbintenis bestaan tussen individuele leer en die bied van 'n gehaltdiens aan verbruikers. Openbare amptenare met 'n leeringesteldheid kan dus oorreed word om hulself te sien as diensverskaffers aan identifiseerbare kliënte. Sodoende kan hulle help om 'n kultuur en werkomstandighede te skep wat na aanleiding van lerende organisasiebeginsels funksioneer.

Soos Godfrey, is Dilworth (1999) oortuig daarvan dat die vestiging van die lerende organisasie in die openbare sektor nie net wenslik maar beslis ook haalbaar is en dat lerende organisasie praktyke in hierdie sektor geïnstitusioneel kan word. Om egter verder as bloot klein verstellings aan prosesse en strukture te beweeg, vereis dat veral aandag gegee word aan die ontwikkeling van die organisasie se menslike hulpbronne en die vestiging van 'n lewenslange leer-oriëntasie. Daarbenewens is dit ook belangrik dat leer nie as 'n individuele verskynsel behandel word, formele opleiding nie oorbeklemtoon word en die normale aktiwiteite van die organisasie en sy leerprosesse geïntegreer word. Verder is dit belangrik dat gebrekkige en nie-luister ("non-listening") werksomgewings en bowenal hiërargie en outokratiese leierskapstyle verwyder word. Hierdie gebreke ondermyn die waarde van spanleer en die voordele wat dit inhou. Binne die openbare sektor kan die lerende organisasie ook bevorder word deur die vestiging van veelvoudige belangegroepes op die verskillende organisasievlakke. 'n Belangrike voorvereiste vir sukses is egter die vestiging van 'n ware dialoog tussen die verskillende rolspelers. Ware dialoog in hierdie geval sluit in die kritiese

bevraagtekening van stellings, heroorweging van basiese aannames, kritiese refleksie en die oorweging van nuwe uitweë by die hantering van verskillende perspektiewe. Senge (1990) deel grootliks hierdie sentiment en identifiseer self sewe leerstremminge tewe te posisieverknogtheid, blaamverskuiwing, beheername, gebeure-fiksasie, bestuurspan-mites, dwaling van leer uit ervaring en gebrekkige begrip m.b.t. langtermyn en geleidelike verandering.

Posisieverknogtheid is veral in die openbare sektor problematies aangesien openbare bestuurders hulle posisies permanent of vir uitgebreide termyne beklee. Veilige posisies verminder die kanse of noodsaak aan persoonlike hernuwing wat uiters noodsaaklik is vir doeltreffende leierskap te midde van verandering. Dit het ook 'n dempende uitwerking op die leerprosesse en die vryheid van bevraagtekening wat tekenend is van die lerende organisasie. Dilworth (1996) stel gevolglik opvolgingsbeplanning as strategie vir die openbare sektor voor. Hiervolgens word persone op die opeenvolgende vlakke van die organisasie toegelaat om op gereelde grondslag die verantwoordelikheid met gelyke aanspreeklikheid vir resultate, te neem.

Blaamverskuiwing ("Die vyand is daar buite") verwys na die neiging om die oorsake vir mislukkings elders te soek. Binne die openbare sektor is dit veral maklik aangesien daar met beperkte hulpbronne en binne die raamwerk van wetgewing gehandel moet word. Dit is verder ook 'n uitvloeisel van nie-sistemiese sienswyses en posisie verkogtheid aangesien vergeet word dat individuele optrede altyd verderliggende gevolge het (Senge, 1990:18).

Beheeroorname ("Die illusie van beheername") dui op die neem van aggressiewe, pro-aktiewe optrede in die hantering van moeilike probleme ter voorkoming van groter probleme. Bestuurders is oor die algemeen geneig tot hierdie vorm van optrede ten einde die indruk te skep dat daar wel met probleemkwessies gehandel word. Gevolglik word versuim om ware introspeksie te doen en vas te stel hoe probleme ontstaan. Verder slaag die betrokke nie daarin geslaag om sy/haar eie aandeel in die totstandkoming van die probleem ter sprake, te identifiseer nie.

Gebeure-fiksasie ("A fixation on events") of die fokus op onmiddellike gebeure ter verklaring van probleme, is dikwels die verklaring van organisasies se onvermoë om die langtermyn patrone van verandering wat gebeure voorafgaan, raak te sien.



Moderne organisasies word bedreig deur stadig ontplooiende en langtermyn prosesse eerder as skielike gebeure. 'n Neiging om slegs op onlangse gebeure te fokus laat sodanige organisasie weerloos. Generatiewe leer vereis 'n breër fokus wat nie tot die onmiddelike beperk is nie.

Senge (1990:22) wys daarop dat organisasies, wat soos die padda in kokende water, slegs ingestel is op instinktiewe reaksie op onmiddelike veranderings, wanaangepas is t.o.v. gevare wat aan die opbou is. Die omgewing waarin sake gedoen word is geneig tot geleidelike eerder as onmiddelike verandering. Ten einde die geleidelike opbou van die gevaar/bedreiging vroegtydig te kan identifiseer, vereis 'n pasafname en noukeurige aandag aan die subtiele sowel as die dramatiese.

Alhoewel die openbare sektor nie winsgedrewe is nie, moet selfs dié sektor kennis neem van eksterne verwickelinge. Die korrektiewe instelling wat nie tred hou met post-moderne verwickelinge in die kriminologiese veld (Naude, 1999) nie, staar ernstige legitimiteitsprobleme in die gesig.

Die mees kritieke besluite wat daagliks deur organisasies geneem word, het stelselwys implikasies wat oor jare strek. Dit val meesal ook buite die persoonlike leerhorison van diegene wat die besluite neem. Alhoewel die kragtigste leer geskied na aanleiding van ervaring, is dit in die meeste gevalle onder bovermelde omstandighede nie moontlik nie. Wanneer sodanige besluite in komponente opgebreek word ten einde hantering by wyse van funksionele hierargië te vergemaklik, word 'n leerstremming geskep aangesien individue geneig is om dié hiërgië tot persoonlike koninkryke te omskep (Senge, 1990: 23). Nuwe filosofieë, programme, werksprosedures, visies, missies en strategieë is kenmerkend van die openbare sektor en word gereeld geïmplimiteer na gelang van regeringsveranderings. Openbare bestuurders en personeel geniet dus weinig die geleentheid om bepaalde beleidsprogramme tot hul logiese uiteinde te sien kom of tot uitvoer te help bring.

Senge beskou die bestuurspan-mite as ewe nadelig vir die vestiging van 'n lerende organisasie. Die bestuurspan is normaalweg die versameling ervare mense verteenwoordigend van die organisasie se verskillende funksies en areas van kundigheid. Diegene is veronderstel om die komplekse, transfunksionele probleme van die organisasie te hanteer (Senge, 1990:24). As gevolg van hul eie onderliggende

denkwyses en uiteenlopende ervaring, gee dit dikwels daartoe aanleiding dat belangrike kollektiewe ooreenkomste nie veel meer as verwaterde kompromieë is nie. Hulle is gewoonlik suksesvol met roetine sake maar minder doeltreffend met kollektiewe ondersoek. Ten einde onkunde en onsekerheid te verbloem is hulle geneig om beskermend op te tree en word die verkryging van nuwe insigte belemmer en ware spanleer verhoed.

Na aanleiding van hierdie bespreking is dit duidelik dat die lerende organisasie ewe suksesvol op die openbare sektor van toepassing gemaak en ook daarbinne gevestig kan word. Aangesien potensiële struikelblokke soos deur die literatuur geïdentifiseer, bekend is, is dit dus moontlik om hulle nie net te vermy nie maar ook teenvoeters daarvoor te verkry.

Vervolgens kan gefokus word op die sleutel leerdissiplines of vaardighede soos deur Senge geïdentifiseer, wat gebruik kan word om 'n lerende organisasie te skep.

### **2.5.3 Die dissiplines van die lerende organisasie**

Alhoewel openbare organisasies soos gevangnisse nie meeding op die wereldmarkte nie, is hulle eweneens aan belangrike internasionale tendense onderhewig. Naudè (1998) identifiseer veral verwikkelings in die kriminologie wat 'n besliste invloed op die plaaslike korrektiewe stelsel gaan hê en alreeds het. Dié tendense, gegroepeer onder die sambreelterm van post-moderne kriminologie, sluit in kwessies soos herstellende geregtigheid, tegnologiese misdaad, herstrukturering van gevangnisse op 'n korporatiewe basis met prestasie-gebaseerde maatstawwe, missie-stellings, doelwitte en oogmerke. Andere sluit in "corporate penalty" waar die privaatsektor toenemend by die bestuur van strafinstellings betrokke is (Naudè, 1998: 21- 23) asook nasionale misdaadvoorkomingstrategieë wat die algehele outonome funksionering van strafreginstellings soos die gevangenis beperk.

Senge (1990) identifiseer 5 dissiplines of sleutelvaardighede wat elke organisasie kan en behoort te ontwikkel ten einde 'n lerende organisasie te skep wat instaat sal wees om die uitdagings van 'n voortdurend veranderende wêreld te kan hanteer. Dié dissiplines bied aan die organisasie 'n belangrike hefboom vir optrede deur mense wat instaat is om hulle eie werklikheid te skep. Verder stel dit hulle instaat om te ondersoek, te identifiseer en aksies te beplan ten einde veranderings in strukture aan

te bring om blywende en betekenisvolle verbeterings te verseker (Senge, 1990:114). Ten einde maksimale voordeel uit hierdie dissiplines te kry, is dit belangrik dat hulle verder en in samehang met mekaar, ontwikkel en versterk word sodat hulle ter ondersteuning van mekaar kan dien (Senge, 1990:12).

Hierdie dissiplines, naamlik persoonlike bedrewendheid, blootlegging en bestuur van denkwyses, gesamentlike visie, spanleer en sisteemdenke sal vervolgens onder loep geneem word.

### **2.5.3.1 Persoonlike bedrewendheid**

Persoonlike bedrewendheid is 'n spesiale vaardigheid en 'n belangrike bousteen van die lerende organisasie. As sulks verwys Senge (1990:7) daarna as die "discipline of continually clarifying and deepening our personal vision, of focussing our energies, of developing patience, and of seeing reality objectively". Organisasies leer en groei deur middel van die leer van bedrewe individue wat hulself op alle vlakke daabinne bevind. Daarmee wil glad nie te kenne gegee word dat individuele leer organisasie-leer waarborg nie. Dit is egter 'n gegewe dat individuele leer onontbeerlik vir organisasie-leer is. Gevolglik is dit dus wenslik dat organisasies 'n belegging in die persoonlike ontwikkeling van mense behoort te maak. Daarbenewens is dit ook belangrik dat sodaniges die ondersteuning van die organisasie verkry aangesien verhoogde persoonlike bedrewendheid tot definitiewe voordeel van die organisasie is en ook help om dit te versterk.

Die vaardigheid behels egter ook veel meer as bloot vermoë, vaardigheid en geestelike oopstelling. Dit vereis ook dat die individu sy persoonlike lewe as kreatiewe werk beskou waaraan voortdurend vorm gegee moet word. Daarbenewens moet dit wat belangrik is, deurlopend opgehelder word en na gestrewe word. Verder is dit belangrik om die hede/werklikheid duideliker te sien (Senge, 1990:141).

Die demilitarisering van die DKD in April 1996, is deur baie gevangensdienspersoneel met gemengde gevoelens ervaar. Daar is nie net weggedoen met die "veilige skanse van uniform en rangtekens" nie (Steyn, 1996:46), maar korrektiewe personeel moes ook bedrewe raak in die bou van nuwe verhoudinge weg van die rangstrukture (Dissel, 1997:25). Benewens die noodsaak om nuwe wyses van eerbetoon te ontwikkel moes verby die uiterlike simbole tot by die hart van die persoon gekom word (Steyn, 1996:

46). Organisations moes die DKD ook 'n nuwe filosofie, funksioneringsbeginsels, waardes, praktyke ens. skep wat opsigself, verdere onsekerheid veroorsaak het. Verder het die departement in ooreenstemming met die Witskrif oor die Transformasie van die Staatsdiens (WSTSD), 'n program van regstellende aksie m.b.t. nie-blanke en vroue personeel geïmplimenteer. Daarbenewens was die mees fundamentele verandering binne die korrektiewe opset die internasionale erkenning en bevordering van gevangenes se menseregte.

Hierdie werklikhede moet dus nie net duidelik gesien word nie maar as sodanig aanvaar en in die visie en strategiese planne van die organisasie ingebou word. Verder moet bedrewenheid in die ontwikkeling van nuwe protokols, die bou van brûe na die politieke en wetgewende stelsels asook robuuste en oop bande met die informele en formele kante van die politieke proses en deelname aan die gesprek oor 'n begeerde toekoms ontwikkel word (Kallinich & Clack, 1998:67).

Dit is verder belangrik dat korrektiewe personeel bewus moet wees van hul eie dieperliggende denkwyses, vooroordele en gesindhede. Daarbenewens moet ook spesiale aandag aan andere se sienswyses gegee word. Daarsonder is dit feitlik onmoontlik om die sprong noodsaaklik vir die beweging vanaf 'n burokratiese na 'n lerende organisasie te maak. Voorts is dit ook belangrik dat die individuele korrektiewe beampte, te midde van snelle verandering, steeds sy /haar persoonlike visie behou aangesien dit die bron van alle kreatiewe energie is. Kreatiewe energie op sy beurt verteenwoordig weer die essensie van persoonlike bedrewenheid aangesien die voorkoms daarvan optrede noodsaak. Die afwesigheid van kreatiewe energie kan ook gelyk gestel word aan die afwesigheid van persoonlike bedrewenheid en 'n visie wat hede- eerder as toekomsgerig is.

Instellings wat daarna streef om lerende organisasies te word en persoonlike bedrewendheid wil bevorder, moet daarmee rekening hou dat persoonlike bedrewenheid sterk op persoonlike keuses berus. Dit vereis dus 'n totaal nuwe benadering tot die aanbieding van ontwikkelingsprogramme vir personeel. Organisasies behoort 'n klimaat te skep waarin persoonlike bedrewendheid floreer en beoefen word. Verder is dit belangrik dat 'n organisasie gebou moet word " where it is safe for people to create visions, where inquiry and commitment to the truth are the norm, and where challenging the status quo is expected "(Senge, 1990:172). Origens

is dit ook nodig dat leergeleenthede aan meer mense as slegs uitblinkers binne organisasies gegee word sodat 'n groter groep bedrewenes tot die instelling se beskikking kan wees.

### **2.5.3.2 Denkwyses**

Senge (1990:8) definieer denkwyses ("mental models") as die "deeply ingrained assumptions, generalizations, or even pictures or images that influence how we understand the world and how we take action ". Hierdie diepgewortelde en meesal onsigbare lewens- en wêreldbeskouiings is dikwels die rede waarom die beste planne, strategieë en sistemiese insigte nooit werklik in die praktyk tot uitvoer gebring kan word nie. Coetzee & Gericke (1997:21), wys daarop dat residivisme 'n uiters negatiewe uitwerking op die moraal van gevangenis personeel het. Hulle is van mening dat dit spesifiek bydra tot ervarings van gevoelens van mislukking. Om sake te vererger, werk korrektiewe personeel onder stresvolle omstandighede met mense wat deur die samelewing as uitgeworpenes beskou word. Boonop word hulle ook gekonfronteer deur 'n negatiewe openbare mening wat as gevolg van 'n toename in misdaad, op vergelding eerder as rehabilitasie ingestel is. Die korrektiewe beampte as verteenwoordiger van die gemeenskap is nie bestand teen hierdie sentimente nie. Gevolglik beland hulle in 'n morele dilemma ten opsigte van sy/haar eie rol binne die korrektiewe opset veral met betrekking tot hierdie kwessies. Een manifestasie daarvan is byvoorbeeld die gevoel onder sommige lede van die DKD dat gevangenes vandag meer regte as hulle het (Nexus, July, 1997: 7). In die proses word vergeet dat gevangenes as kliënte beskou moet word aan wie 'n rehabilitasiediens gelewer moet word.

Naas die morele dilemma waarmee korrektiewe beamptes gekonfronteer word, word daar ook van personeel in die openbare sektor verwag om apolities te wees.

Daarteenoor handel beleidmakers vanuit 'n bepaalde ideologiese verwysingsraamwerk (Stewart, 1997:46). Personeel is kundig in die lees van lyftaal en lees veel meer in mekaar se gedrag as in die inhoud van beleidsdirektiewe (O'Leary & Duffee, 1971: 609). Gevolglik baseer personeel hulle optrede op die stilswyende dog sigbare bestuurstyl van bestuurders. Bestuurders gee ook onbewustelik vir personeel en gevangenes blyke van 'n eiesoortige korrektiewe beleid en die onderliggende denkwyses daarin versteek. Wanneer daar enige inkongruensie tussen die amptelike

beleid en dit wat stilswyend gekommunikeer word bestaan, word diegene aan wie dit gekommunikeer word gedwing om keuses te maak.

Naas ideologiese en politieke denkwyses is daar ook professionele denkwyses wat 'n uitwerking op die werksaamhede en doelwitte van die gevangenis het. Ovens (1997) stem saam met Senge dat elke waarnemer sy/haar eie werklikheid skep en 'n situasie vanuit 'n eie verwysingsraamwerk beskou. Probleemoplossing vereis dat 'n begrip ontwikkel moet word van die wyse waarop die bepaalde probleem ontstaan en instand gehou word. Ovens is verder die mening toegedaan dat residivisme nie die gevolg van ondoeltreffende terapie binne die gevangenisopset is nie maar eerder aan die ignorering van die unieke gevangenisopset/konteks toegeskryf behoort te word (Ovens, 1999:98). Suksesvolle terapie vereis dat die terapeut begrip vir hierdie werklikheid ontwikkel eerder as om met vooropgestelde idees gebaseer op bepaalde kennisvorme, die terapeutiese situasie binne te kom.

Organisasies wat daarna streef om lerende organisasies te word, het geen ander opsie as om nuwe vaardighede aan te leer om met mense se denkwyses te werk nie. Dit is veral nodig dat die denkwyses van mense asook die onderliggende bestuursfilosofieë en praktyke van die organisasie onder loep geneem word. Verder is dit ook belangrik dat 'n balans tussen lede van die organisasie se verbintenis tot 'n bepaalde ideologiese groepering of denkrigting en empatie teenoor ander groepe, gemeenskappe en kliënte (Stewart, 1997:46) gevind word. Daarsonder is die lewering van 'n uitmunde korrektiewe diens 'n mooi ideaal met weinig kans op verwesenliking.

Die konfrontering van diepliggende persoonlike denkwyses vereis die skep van 'n oop en nie-bedreigende en nie-verdedigende omgewing. Daarsonder sal mense nie veilig voel om hulle uiteenlopende sienings te openbaar nie. Ten einde veelvuldige visies te verkry as teenvoeter vir 'n enkele oorheersende visie asook sensitiwiteit vir eksterne verandering te verhoog, stel Senge (1990) die gebruik van scenario-skeppingstegnieke voor. Om te voorkom dat scenario-skepping nie bloot 'n verlengstuk van die heersende denke word nie, is dit belangrik dat alle korrektiewe belangegroepe (korrektiewe beamptes, gevangenes, gemeenskap en politici) daarby betrek word. Sodanige inklusiewe aksie kan korrektiewe beleid tot gevolg hê wat minder onderhewig is aan subjektiewe vooroordeel, onakkurate interpretasie en selektiewe implimentering. Hierdie benadering is veral noodsaak gegewe ook die siening van die post-moderne

kriminologie dat daar 'n pluraliteit van kennis eerder as 'n enkele korrekte siening bestaan (Naudé, 1998:21).

### **2.5.3.3 Gesamentlike visie**

Gesamentlike visie, volgens Schwella et.al (1996:287), genereer nie net nuwe stelsels maar kan, ten spyte van beperkte tyd, ruimte, materiaal en energie, ook lei tot nuwe kennis, wyses van optrede, nuwe tegnologie en nuwe sosiale instellings. Dit kan selfs nuwe infrastruktuur benewens 'n nuwe geestesingesteldheid by individue vestig. Dit is verder ook 'n samebindende krag wat voortspruit uit 'n gedeelde eindbestemming en gemeenskaplike strewe en bring sodoende samehang in uiteenlopende organisatoriese aktiwiteite (Senge, 1990:206).

Gesamentlike sowel as die nasionale visie van openbare instellings, het hul oorsprong by persoonlike en individuele visie. Elke persoonlike visie is uniek en die bemeestering van die dissipline vereis dat visie nie via diegene in topposisies of die institusionele beplanningsproses, behoort te kom nie. Die omskepping van die persoonlike tot die gesamentlike en uiteindelik nasionale visie, vereis raadpleging en deurlopende gesprek binne 'n veilige omgewing waar individue vrylik hulle drome en wense uit kan spreek en leer om na mekaar luister en sodoende nuwe insigte te verkry. Dit is verder belangrik om eerlik te wees en dat die visie op die eenvoudigste en eerlikste wyse beskryf word en die ander partye toegelaat word om sonder enige oortuigingswerk self 'n keuse te maak t.o.v. die waarde van sodanige visie (Senge, 1990: 222). Die diversiteit wat deur hierdie proses verkry word bring nie net gemeenskaplike insigte nie maar versterk ook die groter proses van missie- en waardeformulering en die eliminerings van negatiewe visies wat nie net energie vermors nie maar ook gevoelens van magteloosheid en 'n gebeure-fokus in die hand werk.

Visie- en missiestellings in die openbare sektor het gewoonlik hulle oorsprong in magtigende wetgewing of gepubliseerde begrotingsdokumente vir openbare opvoeding en interne opleidingsdoeleindes (Von Wart, 1998:263) en verteenwoordig dit grootliks die visie van politici uitgedruk in terme van die ideologie van die regerende party. Alhoewel daar gevolglik beperkte ruimte vir openbare bestuurders en personeel is om hulle eie visies te skep as gevolg van wettiese en tydsbeperkinge en gesagsgrense (Stewart, 1997:48), is dit egter nie totaal onmoontlik nie. Die visie van politici is normaalweg hoogs idealisties en dit hang gevolglik van staatsamptenare af om meer

realistiese en prakties haalbare visies te formuleer wat makliker andere andere se steun kan bewerkstellig. Senge (1990) beklemtoon in hierdie verband dan ook die noodsaak om intrinsieke visie te ontwikkel en te ondersteun.

Nieteenstaande die uiteenlopende ideologies-gekleurde individuele visies van politici en openbare amptenare, is dit steeds moontlik om 'n gesamentlike visie van die strafregstelsel te ontwikkel. Vir hierdie doel is dit belangrik dat die oppenerende ideologiese sienings, die nodige ruimte vir artikulering verkry. Deur die skepping van hierdie ruimte word dit moontlik om voegtydig daardie elemente in die bestaande orde wat steeds bruikbaar, waardevol en lewenskragtig is te identifiseer. Verder help dit ook met die isolering en identifisering van daardie gedeeltes wat minder aanpasbaar is en dus mee weggedoen kan word. Laastens bied dit ook 'n geleentheid vir die verskyning van die visie en verbeelding wat nodig is vir die skepping van "new modes and new instrumentalities for accommodating emergent conditions "(Miller, 1973:154). Beide strome is dus nodig vir die formulering en implimentering van strafregtelike beleid wat haalbaar is en verder strek as 'n blote uitdrukking van 'n suiwer politieke ideologiese posisie. Ranson & Stewart (1994:177) merk in hierdie verband op dat in die "arena of public discourse learning comes from listening to the voices that express issues, concerns and aspirations that lead into and from that arena ". Hierdie individuele sowel as organisatoriese stemme, word voortgedryf deur die politieke proses en wanneer dit momentum verkry asook selfversterkend word, kan dit selfs die hindernisse wat leer verhoed en soms deur die proses self veroorsaak word, oorkom. Ranson & Stewart (1994:183) is verder van mening dat organisasie-leer in die openbare sektor afhang van die lewenskragtigheid van die openbare debat en die sterkte van die politieke proses aangesien die eise, begeertes en wense 'n rigtingwyser is na sake van openbare belang. As sodanig is dit dus eweveel oor die hede as die toekoms en behoort die openbare debat, verbreed en versterk te word.

#### **2.5.3.4. Span/gesamentlike leer**

Dit word algemeen aanvaar dat organisasie-leer grootliks afhang van individuele leer wat op alle vlakke van die organisasie plaasvind. Hierdie leer is hoofsaaklik individualisties, soms onbedoeld (spontaan) en nie by die organisasie se normale roetine en prosesse geïntegreer nie. Dit is ook hoofsaaklik instandhoudingsleer ("single loop learning") aangesien dit gemik is op taakuitvoering, korttermynbeplanning en groter doeltreffendheid eerder as antisipatoriese leer ("double-loop learning")



noodsaaklik vir die suksesvolle hantering van huidige en toekomstige verandering (Fulmer et.al, 1998: 10). Vir die organisasie om daarby baat te vind is dit nodig dat dit eers gekarteer, geverifieër en daarna verwerk word alvorens dit binne die organisasie geïnstusionaliseer kan word. Organisasie- leer strek egter verder as individuele selfanalise en selfrefleksie maar geskied hoofsaaklik deur middel van die verkryging van gedeelde insigte, kennis, doelwitte en denkwyses van lerende groepe. Hierdie groepe het nie net betekenis in groepverband ontdek het nie maar ook die interaksies wat leer ondermyn, geïdentifiseer (Senge, 1990:10). Asssulks omskryf hy dan ook spanleer as die proses van "aligning and developing the capacity of a team to create the results its members truly desire" (Senge, 1990:236).

Die vestiging van spanleer binne organisatoriese verband, vereis die skepping van 'n ontvanklike en bevorderlike omgewing en die verwydering van bepaalde struikelblokke soos die siening dat leer 'n individuele eerder as groepsaktiwiteit is, slegs in klaskamers kan plaasvind (formele opleiding), 'n afsonderlike aktiwiteit is wat niks met roetine funksies te doen het nie, outokratiese en hiërargiese bestuurstyle sowel as hardhorende tot stokdowe werksomgewings (Dilworth, 1996)

Openbare instellings soos die polisie, brandweerdienste en gevangenis is bekend daarvoor dat hulle veel eerder steun op opdraggewing en oorrading as diep en sistematiese luister (Kalinich & Clack, 1998:69), bespreking en dialoog. Demilitarisering van die Suid Afrikaanse DKD, bied aan korrektiewe personeel die geleentheid om 'n totaal nuwe organisasiekultuur te vestig waarin gesamentlik leer eerder as die wysheid van top amptenare aan die orde van die dag is. Die beklemtoning van rehabilitasie naas veilige aanhouding van die nuwe korrektiewe bedeling, vereis dat alle personeel nuwe en unieke vaardighede moet aanleer. Een opsie vir korrektiewe bestuurders om dialoog te vestig, is om in samewerking met die vakbonde transformasieforums tot stand te bring ter bespreking van lede se sienings rondom kwessies byvoorbeeld rekenskap en rasionaliteit (Van Zyl Smit, 1997:51) van die departement. Marks (2000) is ook van mening dat die kultuur van instellings soos die gevangenis, nie alleen deur middel van beleid en opleiding verander kan word nie maar deur nuwe "stories" van personeel wat op hul eie belewenis en praktyke wat deur die voorafgaande stelsel verdring is (Marks, 2000:559), gebaseer is. Dit is egter belangrik dat nie in die slagat van onderhandeling getrap moet word nie. Alle kwessies moet openlik oorweeg word en die hoogste graad van sinergie verkry word. Daarbenewens is dit belangrik dat

doodsondes soos koppigheid, trots, kritiek en oorheersing wat noodlottig is vir interaktiewe konsultasie, vermy word (Black & Synan, 1997:70).

#### **2.5.3.5 Sisteemdenke**

Organisasies is beide stelsels en substelsels wat die omgewing waarbinne hulle funksioneer beïnvloed of deur ander komponente in dieselfde omgewing, beïnvloed word. Die strafregstelsel is 'n sub-stelsel van die samelewing terwyl die korrektiewe stelsel, polisie dienste en howe op hulle beurt weer die substelsels van die strafregstelsel uitmaak. As openbare organisasies bevind hierdie instellings hulle ook in 'n groter netwerk en deel hulle ten spyte van hul eiesoortige funksies, die doelwitte, waardes, organiseringsbeginsels asook beperkinge van die openbare domein en kan organisasie grense nie werklik die openbare belang beperk nie (Ranson & Stewart, 1994:133 – 134).

Sisteemdenke as 'n bepaalde vaardigheid, fokus op die ondersoek en verstaan van die totale omgewing waarin die organisasie funksioneer en poog om beide die komponente en hul wisselwerking asook die totale funksionering van die organisasie te verstaan. Dit neem as vertrekpunt die siening dat die totale stelsel interafhanklik is en dat enige poging tot verandering in een deel van die stelsel, 'n direkte uitwerking op ander dele van dieselfde stelsel het en onbeplande gevolge en selfs verset kan ontlok. Senge (1990:7) definieer sisteemdenke gevolglik as “a body of knowledge and tools that has been developed...to make the full patterns clearer, and to help us see how to change them effectively “.

Die staatsdiens is bekend vir gesegmenteerdheid en kompartementalisering asook vir konflik tussen verskillende beroepsgroepe of beroepsgemeenskappe wat eerstens trou bewys aan hul gekose beroepsvelde en laastens aan die organisasie waarin hulle hulself bevind. Hierdie professie-georiënteerdheid is verder ook vergesel van mense se individuele denkwyses, kulturele sienswyses en wêreldsienings wat soms lynreg met die organisasie se prioriteite bots.

Die plaaslike Nasionale Misdaadvoorkomings Strategie (NMVS), beperk toenemend die vermoë van die verskillende komponente van die strafregstelsel om onafhanklike filosofie of strategieë te aanvaar. In Junie 1999, is 'n ministeriële “cluster“ vir misdaadvoorkoming, justisie en veiligheid totstand gebring om samewerking tussen die

verskillende komponente van die stelsel te verseker. Die implikasies hiervan vir korrektiewe personeel is om nie net hul eie organisasie se unieke werkswyses te verstaan nie maar ook voortdurend aandag te skenk aan die groter geheelbeeld en hul eie funksionering binne die groter geheel. 'n Belangrike voordeel van hierdie geïntegreerde werkswyse is dat dit nuwe geleenthede skep vir leer vir die deelnemende partye.

'n Belangrike voorvereiste vir sisteemdenke is die noodsaaklikheid aan 'n gemeenskaplike taal om die verweefdheid van die stelsel en veral die dinamies komplekse kwessies en strategiese keuses (Senge, 1990 : 74 ) te make met veiligheid en sekuriteit, te beskryf. Daarsonder kan individue, groepe en die organisasies wat deel van die netwerk uitmaak, nie die verwagte denkskuif maak wat vir die suksesvolle funksionering van die stelsel nodig is nie. Voorts help die bestaan van 'n gemeenskaplike taal om 'n vertrouensklimaat nodig vir die deel van kennis wat akkuraat, omvattend en tydloos is (Inkpen, 1998:225), te skep. Dit is dus nodig vir die deelnemende partye om voortdurend te reflekteer, na oponerende interpretasies te luister en uiteindelik tot ooreenkoms te kom m.b.t. 'n nuwe en gedeelde stel waardes, aannames en gemeenskaplike doelwitte.

#### **2.5.4 Opsommend**

Die gevangenis as organisasie beskik grotendeels oor dieselfde algemene kenmerke as ander organisasies. Soos ander, beskik dit oor bepaalde grense en gedefinieerde kliënte, 'n rasonale karakter en legitimiteit vir sy voortbestaan asook bepaalde beheermeganismes. Dit is verder ook 'n leersisteem met die vermoë en strukture om kennis en vaardighede te verkry, deel en te benut. Die gevangenis is egter terselfdertyd ook 'n unieke organisasie. As menslike hulpbronorganisasie, het dit mense as sy belangrikste grondstof en veranderde gedrag as sy belangrikste uitset. Die gevangenis maak egter ook deel uit van die geskiedenis van straftegnologie soos die galg, folterwiel en andere. Dit verskil egter ook van hulle aangesien dit nie poog om die liggaam te kwets en fisiese pyn te veroorsaak nie. As dissiplinêre tegnologie is dit meer gefokus op die dissiplinering van die siel tot konformering en aanvaarding van samelewingsnorme en die verwerping van misdaad. Ten einde sy doel te bereik word veral gesteun op tegnieke soos individualisering, deurlopende waarneming en normalisering.

Die gevangenis, soos sy privaatsektor ewekniëe, beskik ook oor die vermoë om te leer ten spyte van die groter mate van burokratiese beheer waaraan dit onderworpe is. Gegewe egter die politieke konteks en invloede waarbinne die organisasie funksioneer, is politieke steun vir die vestiging van 'n leer-ingesteldheid uiters noodsaaklik. Verder is die gevangenis soos private instansies ook aan deurlopende veranderings onderworpe wat spoedige optrede vereis. Dit is dus vir die organisasie ewe belangrik om vaardighede soos persoonlike bedrewenheid, spanleer, sisteemdenke, 'n gedeelde visie en die blootlegging van denkwyses te ontwikkel en bepaalde leergebreke te vermy. Korrektiewe personeel as die belangrikste akteurs in die organisasie moet volledig deel van hierdie prosesse wees. Daarsonder kan daar nie 'n lerende organisasie in die korrektiewe opset gevestig word nie.

## HOOFSTUK 3:      TEGNOLOGIE TOT DIENS VAN WAARNEMING / OBSERVASIE EN DISSIPLINE

---

In hierdie hoofstuk word die tegnologie wat binne die gevangenis vir veilige bewaking en rehabilitasie (dissiplinerings volgens Foucault) gebruik word, onder loep geneem. Besondere aandag word veral gegee aan waarnemings- of observasietegnologie. Daar word verder ook gelet op die sekondêre gevolge van elektroniese waarneming op korrektiewe personeel aangesien die gebruik daarvan hoofsaaklik vir gevangemonitering bedoel is. Laastens geniet die etiese kwessie van die reg op privaatheid en die ondermyning daarvan as gevolg van deurlopende elektroniese waarneming, ook aandag.

### 3.1      Inleiding

Die gevangenisliteratuur onder die invloed van Foucault (1977), stel die gevangenis voor as 'n plek waar individue met behulp van tegnieke soos deurlopende waarneming, klassifikasie en kategorisering, arbeid en reglimentering tot konformering en dissipline gedwing word. Volgens hierdie voorstelling word die gevange massa ge-individualiseer vir aanhouding- en behandelingsdoeleindes, onder intensiewe waarneming geplaas en word na aanleiding van 'n stel voorafbepaalde normes wat alle lewensareas dek, beoordeel vir straf of beloning. Ongewenste gedrag word sodanig ontmoedig terwyl sosiaal-aanvaarbare gedrag versterk word. Al hierdie praktyke is verder ook gekonkretiseer in observasietorings, aktiwiteitsroosters en arbeidsregimes wat deur Foucault as tekenend van moderne mag beskou word. Kritici soos Alford (2000) en Bauman (2000) stem egter nie met hierdie voorstelling saam nie. Hulle is van mening dat die moderne gevangenis eerder gekenmerk word deur die afwesigheid van praktyke soos deurlopende waarneming en ledigheid eerder as arbeidsaamheid. Alford is veral besonders krities in sy siening. Hy beweer dat gevangenispersoneel eerder op die bewaking van in- en uitgange en die korrektheid van die telling van die gevangenispopulasie as die bewaking van individuele gevangenes gefokus is. Voorts is hy ook van mening dat die essensie van beheer te vinde is in die afwesigheid van die noodsaak om voortdurend waaksaam te wees. Korrektiewe personeel wat voortdurend paraat is, is na sy mening nie werklik in beheer van die inrigting nie. Sy mees verdoemende kritiek is dat elemente soos wagtoringe, draadheinings en die alomteenwoordige ligte, blote vertoon is met niks om na te kyk nie en dat die werklike mag inderwaarheid elders anders is (Alford, 2000:129 – 130). Bauman (2000) steun

Alford se argument en voer op sy beurt aan dat gevangenis bloot die voorkoms van 'n elektroniese Panoptikon het. Hy voer verder aan dat die tegnologie wat binne die gevangenisopset gebruik word, nie waarneming of reglimentering ten doel het nie. Dit dien eerder as hulpmiddel om diegene wat na die oordeel van die samelewing nie die goeie orde kan of wil aanvaar nie, uit te sluit en in 'n toestand van immobiliteit te hou (Bauman, 2000:209 – 212).

Nieteenstaande hierdie waarnemings, dui die praktyk egter op die toenemende gewildheid, gebruik asook navorsing oor en ontwikkeling van gevorderde waarneming, assesserings en veiligheidstegnologie. Daar is ook alreeds sprake van 'n korrektiewe-nywerheidskompleks (Goldberg & Evans, 2000) met die Amerikaanse Departement van Justisie as 'n belangrike rolspeler. Hulle National Institute of Justice se Kantoor vir Wetenskap & Tegnologie is bv. verantwoordelik vir die navorsing en ontwikkeling van produkte ter beveiliging van strafregpersoneel teen fisiese aanvalle en ter voorkoming van regsdinge vir aksies geneem of wat hulle nagelaat het om te neem (National Law Enforcement and Corrections Technology Center (NLECTC), 2000).

Vervolgens sal waarnemings- of observasietegnologie wat binne die gevangenis ter ondersteuning van personeel in die uitvoering van hul hooftake veral veilige bewaking, onder loep geneem word.

### **3.2. Waarnemings-/observasietegnologie**

Volgens Cousins & Hussain (1984:186) is die "boundaries of the exercise of power... delineated by the field of vision". Dit is dus nie vreemd dat dissiplinêre instellings tradisioneel sodanig ontwerp is dat die gesigsveld met behulp van funksionele argitektuur vergroot is nie. Die waarnemingsaktiwiteit word daarmee van alle neutraliteit gestroop en binne die politieke arena geplaas. Gegewe hierdie tradisie, is dit gevolglik ook nie verbasend dat die waarneming van individue en groepe so 'n uiters sensitiewe en kontroversiële kwessie is wat groot emosie ontlok nie.

Observasie-tegnologie het veral sinoniem geword met spioenering op mense en hul aktiwiteite asook die spore van hulle aktiwiteite. Clarke (1988) noem hierdie proses "dataveillance". Per definisie verwys dit na die sistematiese gebruik van persoonlike datastelsels om die aktiwiteite van individue en groepe te ondersoek of te monitor. Ten spyte van die negatiewe persepsies wat daar oor die proses van waarneming by lede van die publiek bestaan, kan die gevangenis nie werklik daarsonder funksioneer

sonder om sy legitimititeit te verloor nie. Gevolglik leen die instelling hom uitstekend tot die intensiewe gebruik van verskillende waarnemingstoestelle ten einde 'n omgewing te skep wat die bereiking van sy sleuteldoelwitte bevorder. Sommige toestelle bv. geslote-baan televisie kameras, leen hulle by uitstek tot institusionele waarneming. Andere soos onderhuidse en draagbare moniteringstoestelle, is weer nuttig vir diegene wat onder parool uitgeplaas is en wat besig is om hulle straf binne die gemeenskap uit te dien. Die gemeenskaplike faktor in beide gevalle is dat dit die gevangenis instaat stel om steeds beheer te behou oor diegene wat onder korrektiewe toesig of onder paroolvoorwaardes uitgeplaas is.

Vervolgens sal elektroniese observasie en die funksionering daarvan verder ondersoek word. In besonder sal gelet word op die beweging vanaf direkte menslike observasie na die vestiging van 'n "surveillant assemblage" of kombinasie van menslike en tegnologiese waarneming. Die invloed van elektroniese waarneming op diegene in aanhouding, gearroleerdes in die gemeenskap en die personeel van die inrigting asook die privaatheidsdilemma, sal ook aandag geniet.

### **3.2.1 Elektroniese waarneming / observasie**

#### **3.2.1.1 Van menslike waarneming tot die "surveillant assemblage"**

Eerste-handse waarneming binne die gevangenis, was tradisioneel en is tot 'n groot mate steeds, die verantwoordelikheid van wachte geïmponeer op uitkyktorings binne sigafstand van gevangenes. Andere word weer sodanig geïmponeer dat hulle gesprekke kan afluister sonder om self gesien te word. Hierdie metodes is egter nie altyd doeltreffend nie as gevolg van tyds-, afstand en ruimtelike beperkings wat beswaarlik sonder die hulp van versterkende toestelle oorkom kan word. Vroegtydige waarneming, asook die bespeuring van enige bedreiging, hang verder ook van 'n verskeidenheid faktore af. Hierdie faktore sluit onder andere die grootte van die objek, afstand, spoed, rigting van beweging asook enige refleksies en die omgewing (bebos, oop veld ens.) (NLECTC, 2000) in.

Die argitektuur van moderne gevangnisse het ook 'n direkte invloed op waarnemingsresultate. Bentham se voorgestelde Panoptikon was hoofsaaklik sirkelvormig met die inspeksietoring in die middel en selle op die periferie. Bewaarders kon dus direk daarop uitkyk sonder om self gesien te word. Moderne gevangenis-konstruksie volg in die reël egter nie die panoptiese vorm slaafs na nie. In

ooreenstemming met heersende korrektiewe tendense, is gevangenis meer gedentraliseer met 'n kampus- eerder as panoptiese oriëntasie. Die panoptikon en sy nakomelinge bv. die "telegraaf-paalstyl gebou en straalvormige gevangenis (Matthews, 1999) maak elkeen op sy eie manier voorsiening vir die observasie van gevangenes. Moderne gevangenis met hul gedentraliseerde infrastruktuur beskik glad nie oor enige inspeksietorings nie en is aangewese op elektroniese eerder as menslike monitering.

Ontwikkelings op die gebied van inligtings- en kommunikasie tegnologie (IKT) in die algemeen en elektroniese waarneming in die besonder, stel korrektiewe instellings in staat om die beperkinge van die tradisionele metodes in terme van tyd, ruimte en afstand met betrekking tot inligtingsversameling- en prosessering te oorkom. Moderne observasietegnologie kombineer beide "hard ware and soft ware that includes devices for sensing, measuring, storing, processing and exchanging information and intelligence about the environment" (Gandy, 1989:62). Toestelle wat hierby ingesluit is, is geslote-baan televisie kameras, afluister- en meeluister- aparate, skandeerders en onderhuidse inplantings- toestelle wat beide die brein en sentrale senuweestelsel kan stimuleer en die kardio-vaskulêre funksies kan moniteer. Hierdie tegnologie-kombinasie vereis egter steeds menslike aanvulling en het die kombinasie van mense en tegnologie, die vestiging van 'n ge-outomatiseerde sosio-tegniese omgewing (Lianos & Douglas, 2000) en 'n "surveillant assemblage" (Haggerty & Ericson, 2000:61), tot gevolg. Sodanige omgewing is per definisie "technology-based contexts of interaction that regulate, organize, or monitor human behaviour by integrating it into a pre-arranged environment, built upon a conception of "normality" or "regularity" that all subjects are expected to produce" (Lianos & Douglas, 2000:264). Daarmee word verwys na omgewings of kontekste van interaksie waar menslike gedrag gereguleer of gemoniteer word met behulp van tegnologie bv. elektroniese hekke, toegangskodes ens. Diegene wat hulle binne hierdie omgewing bevind kan slegs bepaalde handelings uitvoer waarvoor ook reeds vooraf besluit is. Die belangrikste voordeel van hierdie tipe omgewing is dat dit die organisasie in staat stel om optimaal te funksioneer en dus sy bepaalde doelwitte te verwesenlik.

### **3.2.1.2 Die funksionering van elektroniese waarnemingstegnologie**

Instellings soos die gevangenis se benadering tot veiligheidsmaatreëls word bepaal deur 'n verskeidenheid faktore. Hierdie faktore sluit in die instelling se materiaal- en



fasiliteit-tipe (fisiese uitleg), die aard van die omliggende natuurlike en menslike omgewing, aard en tempo van aktiwiteite op en rondom die perseel of fasiliteit, die instelling se vorige veiligheidservaring en enige ander gevaarpersepsies (NLECTC, 2000). Die kombinasie van mense en tegnologie moet dus bydra tot die vermindering van enige onsekerheid wat bestaan sodat roetines gevestig kan word. Hierdie roetines help om die verskillende aktiwiteite van komplekse gekoppelde stelsels doeltreffend te pre-prosesseer, te klassifiseer en te rasionaliseer (Gandy, 1989:65). Verder moet dit ook help om beheerde omgewings te skep. Sodanige omgewings stel die instelling in staat om sy eie domein van aktiwiteite te analiseer en prosesse te ontwikkel om enige insident suksesvol te kan hanteer (Lianos & Douglas, 2000 : 271-2).

Groepswaarneming binne beheerde omstandighede is gewoonlik op die individu of "liggaam" gefokus. Daarmee word gepoog om individue wat aan 'n bepaalde klas of belange groep waarby 'n waarnemer belang het (Clarke, 1988), behoort, te identifiseer. Danksy hedendaagse korrektiewe tendense en die moderne gevangenis se gedesentraliseerde infrastruktuur, geniet gevangenes binne inrigtings vandag relatief meer bewegingsvryheid in vergelyking met hul voorgangers. Hulle is voorts ook nie meer slegs tot 'n enkele lokaliteit beperk nie. Daarmee word egter nie te kenne gegee dat daar glad nie meer beperkte ruimtes bestaan nie.

Veiligheidsinstellings baken in die reël hulle areas van verantwoordelikheid en veiligheidswaarnemings af en poog om met behulp van indringer-bespeuringssensors (NLECTC,2000), maksimale beheer te verseker. Soos die ge-observeerde liggaam beweeg, word die "surveillant assemblage" geaktiveer en tree 'n inligtingsversamelingstelsel in werking, wat inligting genereer wat soms selfs nie eens aan die datasubjek bekend is nie (Gandy, 1989 : 64).

Tradisioneel het nougesette waarneming sy oorsprong by die een of ander mate van wantroue in die individu onder observasie gehad. Binne sosio-tegniese omgewings met massa waarneming as die norm, gebeur die teenoorgestelde egter en word elektroniese observasie geaktiveer sodra daar beweging van 'n liggaam vanaf een lokaliteit na die ander is. Wanneer die stelsel eers geaktiveer is, is dit is verder ook glad nie moontlik om daarmee te onderhandel nie aangesien die interaksieperke vooraf bepaal is (Lianos & Douglas, 2000:264). Dikwels is die observasie-besluit arbitrêr en bloot gebaseer op operasionele imperatiewe en vooroordele ten opsigte van visuele voorkoms en gedrag (Webster, 1998:93). Dit kan verder ook voortspruit uit roetine-

ondersoek sonder dat daar bewyse van onaanvaarbare gedrag bespeur is. Die waarnemers is oor die algemeen ook nooit sigbaar nie. Inligting aangaande die bewegende liggaam word deurlopend versamel deur 'n reeks persone of tegnisi wat dikwels geen belang by, of persoonlike en spesiale kennis van die geobserveerde of datasubjek het nie. Hulle rol is eenvoudig om deur die kombinasie van geslote baantelevisie (GBT) monitering, menslike waarneming en ander sensors, die instelling instaat te stel om te verseker dat niemand sosiale beheer ontglip nie.

Na waarneming in verskillende lokaliteite, word die bewegende liggaam en sy aksies, as't ware uit sy ware lokaliteite gehaal en in 'n ander hersaamgestel. Haggerty & Ericson (2000) noem die resultaat van hierdie proses, 'n "data-dubbelganger". Data-dubbelgangers of digitale persone (Clarke, 1997) is uiteraard nie akkurate of onakkurate uitbeeldings van die individu nie maar het 'n bepaalde nuttigheidswaarde. Dit is "productive of a new type of individual, one comprised of pure information" (Haggerty & Ericson, 2000:614) wat die instelling instaat stel om te kan diskrimineer wanneer besluite geneem moet word ten opsigte van die toedeling van hulpbronne en dienste of die gebruik van mag. Hierdie virtuele persoonlikheid kan voorts ook getiketeer word sodat sy ruimtelike beweging gemoniteer kan word vir latere onderwerping aan spesiale ondersoek en behandeling (Haggerty & Ericson, 2000: 613-4). Die implikasie hiervan is dat tyd en ruimte irrelevante sake word en bepaalde intervensies ter bevordering van dissipline en konformerings dus nie van institusionalisering afhanklik is nie. Hierdie besondere aspek m.b.t. die elektroniese monitering van gevonnisd oortreders wat hulle straf in die gemeenskap uitdien, sal vervolgens onder loep geneem word.

### **3.2.1.3. Elektroniese observasie van gevonnisd oortreders binne die gemeenskap**

Gemeenskapsgebaseerde vonnisse vir "lae sigbaarheid" oortredings (Clarke, 1988) en oortreders sonder slagoffers (byvoorbeeld smokkelary), het internasionaal aanvaarbaarheid verwerf as deel van pogings om alternatiewe vir institusionalisering te vind en die druk van oorvol tronke af te haal. Groot getalle gevonnisd bevind hulle dus buite strafinstellings en binne gemeenskappe. Diesulkes geniet verder ook 'n groot mate van anonimiteit en is dus grootliks die skandvlek van gevangenskap en die gepaardgaande stigmatisering, gespaar. Hierdie toedrag van sake is voordelig en 'n meer aanvaarbare alternatief vir hierdie groep. Gemeenskaps-gebaseerde straf stel

die ootreder instaat om sy gesinsbande te behou en ook ekonomies aktief te bly. Diegene in aanhouding, volgens Alford (2000:133), beleef gebrekkige waarneming as beledigend en as “onsigbaarheid voor God en mens”.

Sekere kategorieë oortreders, byvoorbeeld herhaaldelike seksuele oortreders en ander geweldsmisdadigers, noodsaak egter direkte ingryping en die stroping van hulle anonimiteit. In die Verenigde State van Amerika (V.S.A.) word veroordeelde seksuele oortreders se teenwoordigheid binne bepaalde buurte, vooraf in die media bekend gemaak en word inwoners op hulle hoede geplaas. Deur hierdie maatreëls word die potensiële heroortreder “sigbaar” gemaak en word terselfdertyd voorkom dat hy / sy op die lys vir gevaarlike misdadigers, die sogenaamde “plakaat krimineel” (Fabelo, 2000), beland. Naas hierdie maatreël, is die huidige praktyk om gevonnisse oortreders, onderworpe aan ‘n program van korrektiewe toesig, elektronies te monitor met behulp van elektroniese arm- of enkelbande wat aan telefoonlynne gekoppel is— die sogenaamde “eerste geslag” van elektroniese monitering (EM).

Eerste geslag elektroniese monitering of geprogrammeerde kontakstelsel-tegnologie (John Howard Society, 2000), is hoofsaaklik beperk tot die monitering van ‘n enkele lokaliteit. Dit word verder ook uitsluitlik gebruik vir die monitering en verifiëring, van die nakoming van bepaalde klokreëlbeperkings soos neergelê in programme van huisarres en intensiewe supervisie. Hierdie stelsel bestaan uit drie (3) basiese komponente naamlik ‘n radio-frekwensie sender armband en ‘n telefoon-gekoppelde skakelaar wat verbind is aan die rekenaar van die besondere korrektiewe agentskap. Die elektroniese armband versend gekodeerde radio-frekwensie seine aanduidend van die afstand van die draer vanaf die huistelefoon skakelaar na die rekenaarstelsel van die korrektiewe agentskap. By aktivering is dit die funksie van die sentrale rekenaar om te “detects and time-stamps, then stores and subsequently communicates RF signals (presence or absence of RF signal in relation to time” (Mainprize, 1996). Die rekenaar vergelyk dan alle inkomende digitale rekords vanaf die verskillende ontvangskakelaars met die klokreël-skedule spesifiek aan ‘n bepaalde eenheid. Sodoende word klokreël-ooreenstemming geverifieer en word ‘n oordeel gevel ten op sigte van ‘n geparoleerde se nakoming al dan nie van spesifieke voorwaardes.

Nieteenstaande die voor-die hand-liggende voordele van EM, is dit egter steeds ‘n feilbare stelsel en gaan veral eerste- geslag tegnologie gebuk onder bepaalde

inherente beperkinge. Inligting wat deur hierdie stelsel verkry word is steeds beperk en gee slegs 'n aanduiding van die individu se aan- of afwesigheid van sy / haar tuiste of gespesifiseerde bewegingsgebied. Verder verskaf dit weinig inligting met betrekking tot die individu se bewegings buite die reikafstand van die beskikbare tegnologie.

Ontwikkelings op die gebied van die sogenaamde tweede-geslag-, of globale posisioneringstegnologie, van EM dui daarop dat voorvermelde beperkinge binne die afsienbare toekoms iets van die verlede gaan wees. Vordering op die gebied van geografiese ruimtelike monitering met behulp van die sellulêre en satellietnetwerk, bemoontlik presiese geografiese vasstelling ongeag waarheen beweeg word en oorkom dus die tradisionele tegnologiese en ontwerpersbeperkinge. Hierdie toestelle stel die moniteringsagentskap instaat om die gemoniteerde se beweging vanuit 'n voorafbepaalde geografiese gebied te moniteer, sy voortdurende beweging te volg en te karteer vir die latere instelling van regstellende (dissiplinêre) stappe.

Elektroniese monitering omskep letterlik die geaffekteerde persoon se tuiste tot gevangenis met bepaalde negatiewe gevolge. Deur die gebruik van ongereelde of vooraf geprogrammeerde vaste-tyd telefoonoproepe, asook tydig en ontydige verassingsbesoeke van moniteringsbeampies, word 'n panoptiese effek geskep wat die gesin van die toesiggeval ten diepste beïnvloed. Huisgenote word mede-gevangenes én bewaarders aangesien hulle met die ongevraagde mede-verantwoordelikheid om die verbreking van paroolvoorwaardes te voorkom, opgesaal word. Dit het verder ook tot gevolg dat die gesinslewe kriminogenies (Aungles, 1995) word as gevolg van die nuwe vorm van gesinsorg wat daarmee geïmpliseer word. Die "vader" van EM, Schwitzgebel, se bedoeling daarmee was dat dit as 'n "enabling remote, bi-directionable communication between therapist and client" sou dien. Onder moderne omstandighede, het dit egter ontaard in 'n magtige "uni-directional means of offender monitoring and control" (Mainprize, 1996). As sulks is dit 'n ewe dwingende maatregel ten spyte van die relatiewe vryheid wat dit aan die gemoniteerde bied.

Die samelewing van die laat 20 ste en vroeg 21ste eeu, is volgens verskeie denkers, grootliks 'n risiko-samelewing wat oorheers word deur gevoelens van onveiligheid en dreigende gevaar. Gevolglik is daar die verwagting dat regerings alles in hul vermoë sal doen om diegene wat nie die goeie orde wil aanvaar of respekteer nie, uit die samelewing te verwyder of weg te sluit. Daar is verder ook die verwagting dat die

gevangenis met diegene in sy sorg, sodanig sal handel dat terugval in misdaad voorkom sal word. Die ontwikkeling van “residivisme–voorkomend tegnologie” is gevolglik in aanvraag en outomaties dus ook deel van die samelewing se debat oor wet en orde. Dit is verder ook ‘n “simboliese beleidsinstrument “ (Webster, 1998 : 95) om die samelewing se aandrang om veiligheid en beskerming te bevredig.

Huidige ontwikkelings op die gebied van geenverwante navorsing, dui daarop dat die verdere ontwikkeling van hoogs gesofistikeerde anti-residivisme en “pre-visualiseringstegnologie” (Boyne, 2000:299) en dus die vestiging van tegno-korreksies (Fabelo, 2000), bloot ‘n kwessie van tyd is. Daar is verder alreeds sprake van psigo- en telemetriese tegnologie, telemedisyne, profilering, biometrie ensovoorts (Wright, 1998). Hierdie verskeidenheid met hul gepaardgaande toestelle, bemoontlik nie net bewegingsmonitering nie maar ook die direkte beïnvloeding van die ge-observeerde se gedrag ter voorkoming van misdaad. Naas die produkte van die natuurwetenskappe, word geesteswetenskaplike tegnologie (GWT), ook toenemend gebruik om residivisme by wyse van beïnvloeding of meting, te voorkom. Metingstegnologie bv. psigometriese toetse maak dit moontlik om die mens te beskryf, te identifiseer of in fokus te plaas ten einde een of ander verskynsel beter te ken. Beïnvloedingstegnologie daarenteen wil beïnvloed, verander, verskuif, verbeter of begelei. Sosiale impakstudies is een voorbeeld van GWT en onderskei tussen wie beïnvloed (individue of groepe) en wat beïnvloed word (gesindhede, interaksies of waardes) (Marais, 1993 :12).

Die grootskaalse gebruik van korrektiewe tegnologie, hetsy vir waarnemings-of veiligheidsdoeleindes, is soos met die geval van lyfstraf, ‘n ordelike proses. Politieke oorwegings, eerder as praktiese oorwegings, reël die mate waartoe besondere tegnologië in die huidige tydvak van gevangene-regte, in dissiplinering gebruik kan word. Ten spyte van die potensiële voordele van farmakologiese behandeling sowel as genetiese en neuro-biologiese risiko-assesering deur onder andere die toediening van elektroniese stimulasie of die onderhuidse inplanting van miniatuur elektroniese moniteringstoestelle, mag die wettiese aanspraak van die datasubjek op liggaamlike integriteit, nie benadeel word nie.

Vervolgens sal die invloed van elektroniese observasie op korrektiewe personeel onder loep geneem word. In die besonder sal die hantering van personeel as legitieme

datasubjekte en die gepaardgaande panoptiese effekte van deurlopende waarneming, aandag geniet.

### **3.2.2 Die invloed van elektroniese waarneming op korrektiewe personeel**

#### **3.2.2.1 Korrektiewe personeel as data subjekte**

Gegewe die verskeidenheid van waarnemingstoestelle vir gevangene-monitoring, kan gevangenes nie geblameer word vir die siening dat geslote-baan televisie kameras met “its gaze turned almost continuously downwards ...” onderdrukkend is en daar weinig “upward surveillance of the powerful whose often socially detrimental and harmful activities remain effectively beyond scrutiny and regulation” (Coleman & Sim, 2000:637) is nie. Binne die tegnologiese gevangenis gebeur die teenoorgestelde egter en bevind selfs korrektiewe personeel, hul binne ‘n situasie waar hulle aktiwiteite ook aan deurlopende waarneming onderworpe is. Vorvoreanu & Botan (2000) merk in hierdie verband op dat “.. the inhabitants of the electronic panopticon are always visible and subject to the surveilling gaze of an authority, which is always out of sight. They are unable to know when they are being observed and when they are not.” Wright (1998) steun hierdie siening en wys daarop dat gevangenis funksioneel-toepaslike kontrole omgewings is waar elke handeling of objek, ingeslote die argitektuur van die instelling en gedrag en roetines van korrektiewe personeel, doelmatig georganiseer word.

Die tegnologiese gevangenis is, soos ander “intelligente geboue” (Bain & Baldry, 1992) met hul hoë vlak van interne outomatisasie, skakeling met die eksterne telekommunikasie netwerk en bepaalde outonome vermoëns, ontwerp om sekere funksies te vervul. Verder inkorporeer dit ook ‘n besliste sienswyse van die wyse waarop werkplekverhoudinge gedefinieer en gereël behoort te word. Addisioneel daartoe bepaal dit ook die sosiale skeidslyne binne die organisasie. Laastens word die aard van die werkplek ook bepaal na aanleiding van die werkgewer se voorafbepaalde bestuursdoelwitte en ekonomiese en funksionele oorwegings.

Geoutomatiseerde sosio-tegniese omgewings soos die tegnologiese gevangenis, tref geen onderskeid tussen gevangene of korrektiewe beampte nie. Die verbruiker van die stelsel bevind hom / haar binne ‘n tweeledige (“binêre”) omgewing waar daar nie met die stelsel onderhandel kan word nie en waar daar ‘n duidelike onderskeid tussen positief en negatief bestaan. Geen onderskeid word verder ook getref tussen wat

normatief, of wat prakties is, nie. Alles wat glad funksioneer is die norm terwyl dit wat probleme verskaf, as afwykend en dus problematies, beskou (Lianos & Douglas, 2000:264–6) word. Korrektiewe personeel binne die “informatie panoptikon” (Bryant, 1995), bevind hulle gevolglik in die onbenydenswaardige posisie waar hulle as gebruikers van die elektroniese observasie stelsel, ook as potensiële oortreders en dus datasubjekte, behandel word. Soos elders vermeld, word die “surveillant assemblage” outomaties deur die individuele liggaam geaktiveer wanneer die gebied van waarneming betree word. Inligting bekom as gevolg van roetine waarneming en sonder die bestaan van enige redelike wantroue, noop diegene in beheer om te besluit hoe sodanige inligting hanteer behoort te word. Na aanleiding van die aard van die besluit, word ook die magsverhoudinge wat binne ‘n bepaalde werkplek geld, geopenbaar.

### **3.2.2.2 Die panoptiese effekte van die tegnologiese gevangenis**

Werkplek-gebaseerde observasie is nie ‘n nuwe verskynsel nie en word vir ‘n verskeidenheid doeleindes gebruik. Deurlopende elektroniese waarneming van die korrektiewe werkplek, alhoewel ‘n verbetering op die tradisionele metodes, is dus nie ‘n uitsondering nie. In die privaatsektor is telefoondiens, lokale area netwerk en elektroniese pos monitering (Levy, 2000) maar enkele van die aktiwiteite wat alreeds in die tegnologiese werkplek, aan observasie onderworpe is.

Werkgewers het verskillende redes vir die toenemende gebruik van observasietegnologie in die werkplek. Twee van die grootste motiverings is onder andere die strewe na groter produktiwiteit en die bemagtiging van personeel. Ten spyte van hierdie en ander lofwaardige redes, het navorsing aan die lig gebring dat volgehoue observasie grootliks negatiewe effekte tot gevolg het. Werkers opsigself openbaar ambivalente gevoelens oor die gebruik, al dan nie, van observasietegnologie. In gevalle waar dit help om ‘n veilige werksomgewing te skep word dit verwelkom, maar in andere waar dit as hulpmiddel dien om ongerymdhede te openbaar wat straf tot gevolg kan hê, word dit nie verwelkom nie.

Deurlopende observasie het, volgens Vorvoreanu & Botan (2000), interne panoptiese effekte bv. stres, onsekerheid, gevoelens van kwesbaarheid ens. tot gevolg. Dit ontlok verder ook eksterne negatiewe gedragsmanifestasies bv. weerstand, sabotasie, omseiling ens. Die kombinasie van gesofistikeerde tegnologie in die werkplek met

elektroniese observasie, is 'n verdere potensieel negatiewe sosio-tegniese sneller (Levy, 2000) wat werkers geheel en al uit die werkplek kan rangeer. Normaalweg het die infasering van nuwe tegnologie in die werkplek, die rasionalisering en standaardisering van werkmetodes tot gevolg. Hierdie prosesse op hulle beurt het verdere implikasies aangesien dit dikwels gepaard gaan met verskraalde areas van verantwoordelikheid en die standaardisering van werk wat tot repetisie kan lei. Verskaalde werksverantwoordelikheid en standaardisering gee op hul beurt weer aanleiding tot 'n vermindering van die mate waartoe 'n werknemer die werktaak kan of mag organiseer of sy / haar oordeel te kan gebruik en besluite kan neem (Beirne & Ramsey, 1992:8). Werk as 'n persoonlike uitdaging bly gevolglik ook in die slag. Werknemers wat hulle binne hierdie omstandighede bevind, ervaar gevolglik verminderde beheer oor hulle werksomstandighede.

Tradisioneel het gevangenis personeel beheer oor hekke, loopgange, vloere ens. uitgeoefen as gevolg van hulle beheer oor die meestersleutel, waarmee alle toegang beheer was. Die ingebruikstel van elektronies-beheerde deure het nie net die sleutel vervang nie maar ook beheer van die werkplek, grootliks uit die hande van die meerderheid personeel geneem. Daarbenewens het die gebruik van elektroniese waarneming, die korrektiewe beampte tot 'n groot mate vervang as die primêre inligtingversamelaar. Die verdere verskynsel dat beamptes vanwêe die sosio-tegniese aard van die werkplek en die outomatiese aktivering van die elektroniese waarnemingstelsel, 'n legitieme datasubjek geword het, bevorder werkplek-vervreemding eerder as gevoelens van beheer oor die werksituasie. Goed-aangepaste en geestes-gesonde werknemers voel nie net in beheer van hul werkplek nie, maar ervaar ook intellektuele uitdagings en groeipotensiaal eerder as frustrasie en verveling. Indien dit nie die geval is nie, gee dit aanleiding tot werknemers met sielkundige en psigo-somatiese probleme (Levy, 2000).

Organisasies wat toegerus is met die nuutste informasie en kommunikasietegnologie (IKT), word dikwels gekonfronteer met die onderbenutting en selfs totale verwerping daarvan. Dit kelder nie net die strewe tot groter produktiwiteit nie maar doen weinig aan mense se huiwering om van gevestigde werkgewoontes af te sien. Ten einde 'n lerende organisasie te vestig is dit nodig om veranderings in organisasie-praktyk, gedrag en kultuur aan te bring. Die onder- of geen benutting van tegnologie, sabotasie of ontglipping deur gebruik van gedetailleerde kennis van die stelsel (Bryant, 1995) en



konstante afwesigheid as gevolg van werklike of gewaande ongesteldheid of siekte, maak deel uit van Vorvoreanu & Botan (2000) se "multitude of micro-practices that subvert the functioning of the dominant disciplinary system ". Assulks is dit dus vorme van weerstand en anti-dissipline. Hierdie toedrag van sake is egter nie verbasend nie as in ag geneem word dat die tegnologiese werkplek geneig is om werkers te behandel as vreemdelinge en indringers met die potensiaal om doeltreffend funksionerende stelsels te versteur (Bain & Baldry, 1992 : 135).

### **3.3 Die tegnologiese gevangenis en die privaatheids-dilemma**

Deurlopende elektroniese waarneming van gevangenes, geparoleerdes en korrektiewe personeel, het 'n beslisse impak op die betrokkenes se reg op privaatheid. Alhoewel die regte van diegene in aanhouding of onder parool vanweë die vonnis wat hulle uitdien, beperk is, beteken dit egter nie dat spesifieke regte nie meer bestaan nie. As burgers van die land, staan hulle steeds in 'n bepaalde verhouding tot die staat wat binne die gevangenis verteenwoordig word deur korrektiewe personeel. Die wye gebruik van observasietegnologie deur korrektiewe agentskappe en die negatiewe impak daarvan op privaatheid, beïnvloed beide die verhouding tussen werknemer en die staat en die verhouding tussen die gevangene en die staat.

Clarke (1997) onderskei vier (4) dimensies van privaatheid naamlik privaatheid van persoon (reg tot liggaamlike integriteit), persoonlike geslagsprivaatheid (bv. seksuele voorkeure, gewoontes ens.), persoonlike kommunikasie privaatheid (die reg om onderling te kommunikeer sonder om gemoniteer te word) en privaatheid van persoonlike data. Webster (1998:90) is van mening dat die grootskaalse gebruik van tegnologie soos geslote-baan televisie kamera monitering ter bekamping van misdaad (buite die gevangenis), bydra tot groter gevoelens van veiligheid en sekuriteit en dus die regte van individue versterk. As gevolg van hierdie groter gemoedsrus, word hierdie observasie passief aanvaar. Die nuwe verhouding wat in hierdie proses ontstaan, is gevolglik gekenmerk deur 'n balansering van die negatiewe (verlies aan persoonlike vryheid) en die positiewe (groter veiligheid). Hiermee wil egter nie te kenne gegee word dat dit die belewenis van gevangenes, geparoleerdes en korrektiewe personeel is, of dat hulle ervaring daarvan, dieselfde is nie.

Dit is 'n onbetwisbare feit dat elektroniese observasie van die gevangenis daartoe bydra dat 'n veiliger werkplek vir personeel geskep word. Deur volgehoue inspeksie

van die inrigting en sy aktiwiteite, word nie net 'n beheerde gebied geskep nie maar word die inrigting ook instaat gestel om gedetailleerde inligting, wat noodsaaklik is vir sy doeltreffende funksionering, te bekom. Die tegnologiese gevangenis met deurlopende monitering van beide areas van verantwoordelikheid en veiligheid, laat egter weinig ruimte vir selfs 'n verminderde vorm van werkplekbeheer. Voorts dra die hantering van personeel as legitieme datasubjekte en hul eie ambivalensie oor die nut en wenslikheid van deurlopende observasie, beslis daartoe by dat die werkplek negatief beleef word en dat ook hulle rol as verteenwoordigers van die staat, bevraagteken word.

Studies oor die gevangenes as instelling, verwys deurlopend na die bestaan van 'n gevangene sub- of teenkultuur. Hierdie subkultuur het sy eie kode, normatiewe orde, statushiërgie en eiesoortige taal (Carney, 1979:142) en verteenwoordig 'n alternatief vir dië van die gemeenskap. Ten spyte van gevangenes se status as gevonnisde oortreders en die gepaardgaande beperking van die meeste van hul grondwetlike regte, geniet die moderne gevangene in die huidige tydperk, groter wettiese beskerming as ooit tevore. In die proses is die absolute mag van inrigtingspersoneel om insae in alle vorme van gevangene-kommunikasie met die buitewêreld (hetsy d.m.v. briefwisseling of telefoon) te hê, heelwat ingekort. Dit is byvoorbeeld standaardpraktyk dat korrespondensie tussen die gevangene en sy/ haar regsverteenvoorder as vertroulik beskou word en dus nie deur korrektiewe personeel gelees of gesensor mag word nie. Selfs die sensurering van persoonlike briewe is vandag grootliks 'n uitgediende praktyk. Hierdie verslapping van die ondersteunende observasiemetodes ter aanvulling van inligting verkry deur middel van direkte observasie, word egter vervang deur intensiewe elektroniese waarneming wat veel meer inligting verskaf. Gevangenes ervaar dus weinig privaatheid ten spyte van hul pogings om met behulp van kromme voor hulle vensters, 'n private ruimte te skep (Alford, 2000 :131).

Die geparoleerde oortreder se posisie met betrekking tot privaatheid, is slegs relatief beter as dië van sy geïnstansionaliseerde eweknie. Alhoewel diesulkes redelike bewegingsvryheid geniet, is hulle steeds aan indringende observasie onderworpe. Vanwêre die geografiese en tydsbeperkings geassosieer met korrektiewe toesig en die deurlopende telefoon en fisiese monitering deur huisbesoeke van parool en ander beamptes, word die privaatheid van die gesin ook diepgaande beïnvloed. Aungles (1995) is selfs van mening dat in hierdie proses ook 'n nuwe gesinsorg-verhouding ontstaan as gevolg van die ommuuring van die verskillende geslagsrolle. Waar die man

tradisioneel die rol van broodwinner vervul het, rus die verantwoordelikheid nou swaarder op die skouers van die eggenote van die geparoleerde man. Verder het die noodsaak vir die geparoleerde om op 'n gegewe tyd en plek te wees, tot gevolg dat die gesinspatrone en lewenswyse ingrypend verander aangesien gesinslede nou onbepland die verantwoordelikheid verkry om enige verbreking van paroolvoorwaardes te voorkom. Die gevoel van konstante observasie, selfs in die afwesigheid van moniteringsbeamptes of telefoonoproepe, dra dus verder daartoe by dat ook die nie-veroordeelde gesinslede se verhouding tot die staat, dus ook verander. Anders as in die geval waar openbare monitering met behulp van geslote baan kameras in onveilige omstandighede, aanleiding gee tot verhoogde gevoelens van veiligheid en liggaamlike integriteit (Webster, 1998) en verminderde privaatheid verwelkom word, kan dit binne die huisgesin van die geparoleerde net die teenoorgestelde wees. Indien gesinsverhoudinge gesond en alle steunstelsels stewig gevestig is, word ongevraagde indringing en inbraak op privaatheid, bloot 'n noodsaaklike ewel wat verduur behoort te word. Waar egter die teenoorgestelde situasie heers, bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat beide monitering en die gemoniteerde verwerp kan word. Hierdie scenario is nie net nadelig vir die geparoleerde nie maar verhoog ook die moontlikheid van residivisme en dus die verkryging van "plakaat status". Navorsing deur die John Howard Society van Alberta in Kanada (2000) dui aan dat elektroniese monitering uiters doeltreffend werk in gevalle waar die gemoniteerde persoon ten volle ingelig is aangaande die werking van die stelsel en ook vrywillig daaraan deelneem. Gedwonge huisarres en die voortdurende ongerief van ontydige telefoonmoniteringsoproepe, onderbreking van private oproepe sowel as die gebrek aan beheer oor faktore soos verkeersknoppe en ander onvoorsiene omstandighede wat tot afwesigheid aanleiding kan gee, kan stres veroorsaak wat selfs tot gesinsgeweld kan lei.

Die beperking van deurlopende en elektroniese waarneming, is tans die onderwerp van 'n hewige akademiese en regsdebat. Daar is 'n sterk gevoel dat deur middel van wetgewing bepaalde beperkinge op die omvang en gebruik van inligting bekom deur middel van elektroniese observasie, geplaas behoort te word. Naas die reg op privaatheid, is daar heelwat vrae met betrekking tot die reg van toegang tot, asook visentering, van die wonings van diegene onderhewig aan elektroniese monitering sonder 'n lasbrief. Clarke (1997) is van mening dat gegewe die beperkte intrinsieke beskerming vanuit die tegnologie opsigself, die enigste moontlike beskerming teen ongevraagde inbraak op privaatheid, deur middel van sosio-politieke meganismes

verkry behoort te word. Wright (1998) steun hierdie sentiment en beveel in 'n verslag aan die Europese Unie aan, dat 'n gevangenisregime in ooreenstemming en versoenbaar met internasionaal aanvaarde mense-regte standarde is, konsekwent in alle lidlande toegepas behoort te word.

### **3.4 Opsommend**

Die moderne gevangenis is by uitstek 'n technologies-gedrewe instelling met 'n sterk klem op deurlopende elektroniese waarneming van bewegende liggame. Deur 'n kombinasie van tegnologie en direkte menslike waarneming, word 'n nuwerwetse visualiseringsinstrument, die sogenaamde "surveillant assemblage", geskep wat aan korrektiewe personeel 'n meganisme bied om binne 'n totaal beheerde gebied te werk. Die "surveillant assemblage" word geaktiveer deur die beweging van liggame sonder dat daar enige redelike gronde vir wantroue bestaan en ontsien geneen. Korrektiewe personeel en gevangenes is beide legitieme datasubjekte en inligting wat uit roetine ondersoek voortspruit, verkry dan ook status as bestuursinligting waarvoor 'n bepaalde besluit geneem behoort te word. Besluite in hierdie verband waar werknemers betrokke is, word gevolglik aanduiders van die stand van arbeidsverhoudinge in die werkplek.

As gevolg van die wye gebruik van observasie en ander tegnologie binne die gevangenis, word die instelling tot 'n ge-outomatiseerde sosio-tegniese omgewing omskep. Hierdie tipe omgewings ondermyn werknemerbeheer aangesien beide die observasie rol en toegangsbeheer vanaf 'n sentrale punt beheer word. Gebrekkige beheer oor werktake en werksomgewing benadeel egter werkers se geestesgesondheid en kan aanleiding gee tot sabotasie of omseiling van die stelsel. Tenspyte van die werksomgewing se sukses met betrekking tot die dissiplinerig van gevangenes/geparoleerdes en personeel, ontlok dit vrae oor individue se reg op privaatheid. Daar bestaan ook konsensus dat bepaalde meganismes hetsy, polities of wetties, gevind behoort te word ten einde die gebruik van observasietegnologie te reguleer.

## HOOFSTUK 4:      **TEGNOLOGIE TOT DIENS VAN REHABILITASIE EN LEER**

---

In hierdie hoofstuk word die gebruik van GWT en IKT ter bevordering van rehabilitasie en leer van gevangenes ondersoek. Daar word veral aandag gegee aan die tradisionele gebruike van GWT en IKT in teenstelling met hul gebruik binne die gevangenisopset. Verder word ook gelet op die impak daarvan op die tradisionele isolasiefunksie van die gevangenis en die spanning veroorsaak deur die geleentheid wat IKT aan gevangenes bied om steeds in kontak met die buitewêreld te bly. Sommige moderne gevangenisbeheer beskik byvoorbeeld alreeds oor hul eie gevangeneradiostasies en verskaf satelliettelevisie vir opvoedkundige doeleindes. Hierdie innoverings hef isolasie op en maak tyd en ruimte irrelevant. Voorbeelde vanuit die Suid Afrikaanse en internasionale opset sal by wyse van illustrasie gebruik word.

### **4.1      Inleiding**

Strafstelsels het een besondere funksie in gemeen naamlik die taak om die oortreder met die samelewing waarteen hy/sy ootree het, te versoen. Die gevangenis verkry dus naas die aanhoudingsfunksie ook 'n "tegniese projek" (Bernauer, 1990:125) naamlik rehabilitasie van gevangenes. Hierdie besondere funksie is uiters kontroversieel en die onderwerp van 'n volgehoue debat aangaande die sukses al dan nie van die gevangenis as strafinstelling. Die rehabilitasie funksie vloei voorts ook direk uit die aanhoudingsfunksie en word hier aan die begin van die 21 ste eeu ook toenemend gesteun deur die gebruik van beide geesteswetenskaplike (GWT) en informasie-en kommunikasie tegnologie (IKT). Kennis en spesifieke kennisvorme opsigself het egter 'n lang verbintenis met die gevangenis en het, volgens Foucault (1977), sinoniem met die ontplooiing van mag op die meeste vlakke van die samelewing geword. Dit het veral ook daartoe bygedra dat komplekse sosiale en ekonomiese prosesse, kenbaar, bruikbaar en regeerbaar geword het (Johnson, 1993:151).

Vervolgens sal die begrippe GWT en IKT onder loep geneem en verklaar word.

## **4.2 Geestes wetenskaplike tegnologie en inligting – en kommunikasie tegnologie: begripsverklarings**

### **4.2.1 Die geesteswetenskappe en GWT**

Die geesteswetenskappe, waarby ingesluit die sosiale-, gedrags- en menswetenskappe, het soos elders vermeld, 'n lang verbintenis met die gevangenis. Vakdisseplines soos sielkunde, demografie, kriminologie, sosiale higiëne ens. het veral gehelp met die deurgronding, individualisering en normalisering van die aangehoude liggaam. Hierdie dienste was aanvanklik rudimentêr en bloot deel van die aanhoudingsfunksie (Faugeron, 1996:130). Binne kontekste soos die gevangenis het hulle egter gespesialiseerd geraak met hulle eie "rules of evidence, their own modes of recruitment and exclusion, their own disciplinary compartmentalization" (Dreyfus & Rabinow, 1983:160). Dit is gevolglik ook nie verbasend dat Foucault na diegene in hierdie professies verwys as onderwyser-, sielkundige- en maatskaplike werkregters gemoeid met die skryf van 'n politieke biografie van gevangenes nie (Shiner, 1981: 393). As gevolg van die verdere ontwikkeling van die geesteswetenskappe en hul erkenning as outonome kennisvelde met 'n eie diskoers en metodiek, kon hulle 'n "assemblage of social and psychological discourses and practices" (Faugeron, 1996:130) skep. Hierdie diskoerse en praktyke staan vandag bekend as geesteswetenskaplike tegnologie.

Geesteswetenskaplike tegnologie (GWT) is 'n betreklike nuwe term op wetenskaplike gebied en verwys volgens Marais, na getransformeerde informasie en kennis in die vorm van byvoorbeeld sielkundige en opvoedkundige toetse en ontwerpe, opleidingskursusse, remediërende pakkette en organisatoriese ouditte (Prinsloo, 1993). Dit word veral gebruik vir die beïnvloeding van individue en groepe (d.w.s. impak) asook hul houdings, vermoëns, interaksies, waardes en welsyn (Van den Berg, 1993:12). GWT is verder 'n tegnologie wat gebaseer is op deeglike navorsing en wat empiries vir effektiwiteit (m.a.w. vir geldigheid, betroubaarheid en relevansie) getoets is. Die suksesvolle benutting van GWT vir beïnvloeding van individue en groepe asook hulle handeling en gesindhede, vereis egter groot omsigtigheid en sensitiwiteit asook aktiewe deelname van diegene waarop dit gemik is. Wetenskaplike kennis moet dus omskep word in toepaslike probleemoplossings-prosedures en tegnieke wat instaat is om op volhoubare wyse tot die vind van oplossings vir samelewingsprobleme by te dra.

#### **4.2.2 Die problematiek van GWT**

Suid Afrika geniet vandag as gevolg van die werk van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), 'n goed gevestigde reputasie met betrekking tot die skepping van GWT ter hantering van sosiale probleme. As gevolg van die land se politieke verlede is daar egter by sielkundige- en opvoedkundige tegnologie bepaalde rasse- en kulturele vooroordele bespeur en bestaan daar dus behoefte aan die skepping van nuwe GWT, veral op die gebied van sielkundige toetsing. Dit is veral wenslik dat nuwe toetse kultureel-relevant moet wees ten einde die kliënt en sy multi-dimensionele en multi-kulturele omgewing te kan evalueer (Maree, 1998:75).

Die probleem van bevooroordeeldheid van bepaalde GWT, is nie uniek Suid -Afrikaans nie. Instellings soos die Citizens Commission on Human Rights (CCHR) in die Verenigde State van Amerika (V.S.A.) is byvoorbeeld van mening dat sielkundiges deel van die misdaadprobleem eerder as die oplossers daarvan is. Hulle beskuldig die professie van ondermyning en uitwissing van die reg en tipeer sielkundiges as verderflike indringers in die regstelsel. Verder word hulle vermoë om te diagnoseer of gevaar te voorspel, beskou as nie veel beter as die kuns om te blare te lees nie (CCHR, 1995). Hierdie tipe sentiment verteenwoordig egter 'n uiterste sentiment en neem nie in ag dat 'n geslaagde rehabilitasieprogram individueel menslik gerig en by die uniekheid van elke persoon aangepas behoort te word. Gevolglik sal rehabilitasie- en behandelingsprogramme van oortreder tot oortreder verskil. GWT het dus beslis 'n rol te vervul. Alvorens daar egter na die gebruik van bepaalde GWT in rehabilitasieprogramme binne die korrektiewe konteks gekyk kan word, is dit egter nodig om ook 'n greep op IKT as sosiale verskynsel te verkry.

#### **4.2.3 Inligting- en kommunikasietegnologie as sosiale verskynsel**

##### **4.2.3.1 IKT en IT: verskille en ooreenkomste**

Toestelle soos kabel- en satelliettelevisie, videokassetspelers, persoonlike rekenaars en mobiele telefone was oorspronklik as inligtingstegnologie (IT) geklassifiseer. IT was dus gevolglik gedefinieer as "this cluster of inter-related computing, telecommunications, information and communication technologies linked to the advances in microelectronics " (Preston, 2001:26). Rekenaars opsigself was aanvanklik hoofsaaklik vir bewerkings of berekenings gebruik maar sedert die 1990's word daar groter klem op die kommunikasie aspek van hierdie en gepaardgaande tegnologie gelê. Die verandering in gebruik het gevolglik ook tot die toenemende

gebruik van die term IKT aanleiding gegee. As gevolg van vooruitgang op die gebied van telekommunikasie en mediategnologie veral t.o.v. digitale -elektronika, het gevorderde telekommunikasie, rekenaar- en uitsaainetwerke gebaseer op 'n gemeenskaplike digitale inligtingsverwerkings- en verspreidingsmeganisme, vervleg geraak en 'n nuwe tegnologie tot gevolg gehad. Alhoewel IKT dus inderwaarheid breedweg na dieselfde groep tegniese ontwikkelings op rekenaargebied en in die veld van telekommunikasie en digitale elektronika verwys, verteenwoordig dit egter ook 'n betekenisvolle nuwe tegnologiese stelsel en reeks innoverings met wye toepassingspotensiaal (Preston, 2001: 26).

Dutton (1999:4) gesteun deur Herriot & Pemberton (1995:177), is van mening dat IKT as sosiale verskynsels beskou moet word. Dit bepaal nie net die hoe van mense se aksies nie maar ook die wat, wanneer en waar van daardie optredes. Verder beïnvloed dit wat mense weet, wie hulle ken en wat hulle gebruik. Dutton is verder ook van mening dat IKT veral toegang tot inligting, mense, dienste en tegnologiëe bepaal. Die rol van IKT in hierdie verband sal vervolgens onder loep geneem word.

#### **4.2.3.2 IKT verskaf toegang tot inligting**

Inligting word algemeen aanvaar as 'n strategiese ekonomiese en sosiale hulpbron en as 'n belangrike instrument in organisasies se strewe om kompeterende voordeel te verkry of te behou. IKT verander nie net die wyse waarop toegang tot inligting verkry word maar verleen terselfdertyd ook toegang tot die groter poel van kennis wat op 'n gegewe plek en tyd beskikbaar is. As sodanig speel IKT dus 'n rol by die opheffing van die onderskeid tussen interne en eksterne inligting (Megill, 1997:62).

Deur middel van toestelle en tegnologiëe soos die Internet, persoonlike rekenaars, sellulêre telefone ens. word organisasies instaat gestel om hul sleutel inligtingsfunksies naamlik verkryging, berging, herwinning, analisering, druk en versending van ondermeer feite, statistieke, beelde, video, data en klank, suksesvol te bestuur. IKT kan ook inligting verminder, uitsoek of deursoek en verander (hetsy doelbewus of per ongeluk) en sodoende help om kommunikasie te verbeter en dus besluitnemers instaat stel om goed ingeligte besluite te neem. Die gebruiker van 'n bepaalde tegnologie is ook instaat om inligtingsvloei te beheer en oorbelading te voorkom. Inligting –soos– benodig of die sogenaamde “Just-in-Time“ inligting (Croasdell, 1997) word dus die norm.



#### **4.2.3.3 IKT verskaf toegang tot mense**

IKT, soos reeds vermeld, is 'n kombinasie van inligting – en kommunikasie- toestelle en verskaf nuwe wyses van kommunikasie aan mense. Dit beïnvloed ook wie ontmoet of mee kontak gemaak en mee saamgewerk word. Assulks is dit is dus ook bruikbaar vir individue, groepe en veelvoude van mense deur hulle met mekaar in verbinding te plaas deur middel van publikasies, uitsendings, faks, elektroniese pos (e-pos), telekonferensies ens. Al hierdie prosesse word deur Dutton (1999:5) as vorme van tele-toegang beskou.

Naas prosesse en artefakte is mense die belangrikste bronne van inligting wat oor 'n wye gebied (binne en buite die organisasie) versprei is. Die verskillende IKT- toestelle soos voorheen na verwys, maak dit moontlik om sodanige inligting te bekom deur mense in verskillende lokaliteite met mekaar in verbinding te plaas en te integreer as vennote. Nadat die verbinding bewerkstellig is, volg daar geleentheid vir kollektiewe reflektoring oor gemeenskaplike sake, inter-organisatoriese uitruil van inligting en die deel van beste praktyke. Onder sekere omstandighede waar stemming vereis word, is dit moontlik om anoniem te bly dog steeds 'n mede-besluitnemer te wees. IKT bied veral ook 'n geleentheid om soos in voorgenoemde geval, differensiasie en die politiek wat daarmee verband hou, te verminder (Herriott & Pemberton, 1995). Dit moet egter bygevoeg word dat die gebruik van IKT voldoende is vir momentele bespreking. Die bou van lerende organisasies daarteenoor vereis deurlopende en ontwikkelende gesprekvoering en 'n ryke dialoog (Karash, 1995).

#### **4.2.3.4 IKT verskaf toegang tot dienste**

Die verkryging, benutting en gebruik/verbruik van produkte en dienste is fundamenteel deur die benutting van IKT geraak. IKT bepaal nie net hoe bepaalde dienste of produkte verkry word nie maar ook watter benut asook waarvandaan dit verkry word. Beperkende tyd-ruimtelike stremmings word dus in die proses totaal opgehef. Tipiese dienste sluit in elektroniese transaksies en die verkryging van elektroniese dienste van verwyderde of plaaslike /nabygeleë lokaliteite deur middel van elektroniese bankwese en inkopies, tele-besprekings en andere (Dutton, 1999). Beide openbare en private organisasies maak toenemend gebruik van byvoorbeeld inbel- of oproepsentrums en kiosktegnologie om verbruikers geriefliker toegang tot dienste te bied. Waar oproepsentrums op een vlak veral geskik is vir relatief eenvoudige diensverskaffing by wyse van 'n kontaknommer ter verkryging van 'n bepaalde diens, kan dit egter ook vir

meer komplekse dienste benut word. Die gebruik van oproepsentrums en kiosktegnologie vir bv. betaling van dienste, verskuif die tradisionele gebiede waarin dienste gelewer word en verhoog ook die sigbaarheid daarvan. Interaksie tussen diensverskaffer en gebruiker vind gevolglik veral plaas binne sogenaamde "operating environments" (Milner, 2000:117) wat op 'n roetine grondslag deur mense gebruik word. Die beskikbaarheid van dienste buite hul tradisionele leweringsgebied maak dit nie net vir die publiek makliker om toegang tot dienste te verkry nie maar gee ook aanleiding tot die demokratisering daarvan.

#### **4.2.3.5 IKT verskaf toegang tot ander tegnologie**

IKT is 'n besondere tegnologie wat opsigself by ander ingeskakel en self interafhanklik is. Wanneer toegang tot 'n besondere tegnologie hetsy toerusting, kundigheid of tegniek verkry word, skep dit opsigself verdere toegang. Toegang tot die Internet, wat 'n netwerk van rekenaars verteenwoordig, vereis bv. 'n telefoonlyn, kabelverbinding, 'n modem asook koppeling met 'n Internet diensverskaffer met sy gepaardgaande inligtingsinfrastruktuur vir die ontvangs en versending van e-pos. In gevalle waar IKT vir vergaderings met deelnemers wat nie fisies op dieselfde plek is nie (bv. video-konferensies) benut word, word tegnologie soos mikrofone, video-kameras ens. ondersteunend gebruik.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat IKT 'n wyer rol as bloot net vir die verkryging, verwerking en verspreiding van inligting kan vervul. As sosiale bemagtiger is dit by uitstek 'n tegnologie wat afstand, tyd en ruimte irrelevant maak. As sulks kan en word dit alreeds toenemend in die verskaffing van menslike hulpdienste oor 'n wye front benut.

Vervolgens sal die benutting van IKT en GWT vir rehabilitasie en leer binne die gevangenis ondersoek word. Daar sal veral ook gelet word na die invloed daarvan op die tradisionele rol van die korrektiewe instelling

### **4.3 Die gebruik van GWT en IKT vir rehabilitasie en leer binne die gevangenis**

#### **4.3.1 Rehabilitasie as mensgerigte diens**

Rehabilitasie van gevangenes is by uitstek mensgerigte diens daar dit poog om 'n kwalitatiewe verandering in mense se persoonlike omstandighede of vaardighede te bewerkstellig (Petheram, 1989:187). As sulks steun dit sterk op die sosiale

vaardighede van die terapeut vir die maak van kliniese intervensies. Dikwels is die enigste steun waarop diegene in die diensprofessies kan staatmaak, intuïsie en teorie om die werklikheid te interpreteer en hulle intervensies te rig (Benbenishty, 1989:70). Terapeute eindig gevolglik dikwels met hope dubbelsinnige en gedeeltelik betroubare inligting wat beswaarlik deeglik in 'n intervensie geïntegreer kan word. Die hulp-professies soos maatskaplike, sielkundige en opvoedkundige dienste gebruik reeds toenemend GWT en IKT in die praktyk vir 'n verskeidenheid van take. Hierby is ingesluit kliniese diagnose, monitering van behandeling, direkte voorligting en onderrig (Cnaan, 1989:11). As gevolg van die dramatiese vooruitgang op tegnologiese gebied word veral IKT toenemend as aanvullend tot die vaardighede van die terapeut gebruik en het dit ook 'n vastrapplek binne korrektiewe instellings gevind. In gevalle waar tegnologie sodanig ontwerp word om menslike vermoëns in taakverrigting te ondersteun maar ook terselfdertyd bydra tot die verwerwing van nuwe vaardighede en dus verbeterde resultate, is daar volgens Rosenbrock (1977,1981) dus sprake van komplementariteit (Petheram, 1989 :191).

Vervolgens sal die komplementêre gebruik van GWT en IKT binne die gevangenis vir rehabilitasie en leer verder ondersoek word.

#### **4.3.2 Die komplementêre gebruik van GWT en IKT vir rehabilitasie en leer**

Kontemporêre korrektiewe agentskappe funksioneer binne die raamwerk van spesifieke internasionale konvensies wat bepaalde voorskrifte met betrekking tot die hantering van gevangenes neer lê. Groot klem word veral gelê op die respektering van die waardigheid asook die regte van die gevangene. Daar is verder ook die verwagting dat daar binne die gevangenisopset 'n terapeutiese gemeenskap geskep moet word. Terapeutiese gemeenskappe opsigself kan egter slegs tot stand kom indien personeel en gevangenes aktief daarby betrokke is en behandelings-programme op gedragterapeutiese beginsels gebaseer is. In gevalle waar IKT vir terapeutiese doeleindes aangewend word, vereis dit 'n sterk terapeutiese basis. Addisioneel daartoe is dit nodig dat die terapeut beheer oor die gebruik daarvan behou aangesien psigoterapie op die emosionele eerder as die inhoudelike gefokus is (Clarke & Schoech, 1989). Dit is verder ook belangrik dat in gedagte gehou word dat die kombinerings van konvensionele tegnieke met gesofistikeerde tegnologie soos rekenaar- gebaseerde hulpmiddels, omvattende interdisiplinêre kennis vereis aangesien daar verskillende kennisvelde ter sprake is.

Vir die doeleindes van aanhouding en rehabilitasie is korrektiewe instellings toepaslik georganiseer. Daar word veral voorsiening gemaak vir afsonderlike opname-, assesserings-, woon-, ontwikkelings- of program-, intensiewe sorg, afsonderings- of segregasie- asook voorvrylatingseenhede. Elkeen van hierdie eenhede verteenwoordig bepaalde rehabilitasieprosesse en is terselfdertyd ook arenas waarbinne die een of ander vorm van tegnologie vir bepaalde doeleindes gebruik word. Die aangehoue liggaam bevind hom dus terselfdertyd binne dwingende (Bracken, 1991) en bemagtigende (Tumim, 1996:16) institusionele ruimtes. Rehabilerende intervensies is verder ook 'n proses wat by opname begin en deurlopend tot by vrylating 'n wesentliche deel van die gevangene se verblyf uitmaak.

Die gebruik van bepaalde vorme van GWT en IKT in assessering, sosiale diagnose, selfontdekking, onderrig en leer sal nou aandag geniet.

#### **4.3.2.1 Risiko assessering en sosiale diagnose met behulp van rekenaars , video-speletjies en nabootsings**

By opname en vrylating / parolering word elke gevangene aan 'n proses van multi-dissiplinêre assessering onderwerp ten einde risiko's binne bepaalde lewensareas vir rehabilitasie of residivisme te bepaal. Op grond van hierdie assessering word 'n bepaalde veiligheidsklassifikasie en voorregte asook parooltermyn toegeken. Aanvanklik word die minimum aantal voorregte toegeken en kan progressief tot die maksimum voorregte gevorder word namate voorafbepaalde terapeutiese doelstellings bereik word. Ter ondersteuning van hierdie proses word verder ook gebruik gemaak van 'n punte-voorregtestelsel. Sosiaal-gewenste gedrag word onmiddelik positief beloon terwyl negatiewe gedrag gevolg word deur 'n periode in die segregasie/afsonderingseenheid en verbeuring van punte.

Risiko assessering en sosiale diagnose word vandag almeer met behulp van rekenaars gedoen. Daarmee word egter nie te kenne gegee dat die tradisionele potlood- en papier metodes totaal in onbruik verval het nie. Terapeute steun steeds sterk op intensiewe onderhoudvoering en tradisionele sielkundige evaluering met behulp van sielkundige toetse. Tegnologie soos rekenaars, videospelletjies, nabootsings en raak-skerm rekenaartegnologie word toenemend komplementêr gebruik om kliënte se konflikte, huidige probleemsituasie of toekomstige dilemmas (Resnick & Sherer, 1994:7) te verstaan en te hanteer. Individue is normaalweg egter

huiwerig om hulle diepste ervarings met ander te deel. Vermelde tegnologie verskaf aan terapeute 'n nie-bedreigende, selfs nie-beoordelende en "neutrale" alternatief om belangrike inligting te bekom. Dit bied terselfdertyd ook aan die kliënt 'n geleentheid om sy/haar omstandighede in 'n nuwe lig te sien, ander sienings te bestudeer, nuwe feite en versterking van die fasiliteerder of die groep te bekom. Danksy die beskikbaarheid van rekenaartegnologie is die terapeut nie net meer bloot op sy/haar eie professionele waarnemings, interpretasies, oordeel en insigte afhanklik nie. Die terapeut word met behulp van rekenaars instaat gestel om 'n meer presiese en sistematiese meting van die kliënt se probleem te verkry en toepaslike intervensies te beplan.

Na assessering word die inligting outomaties verwerk en word 'n profiel van die gevangene (kliënt) beskikbaar gestel waarop bepaalde intervensies en 'n vonnisplan met 'n groter kans op doeltreffendheid gebaseer kan word. Verkreë inligting kan deskriptief, relasioneel en temporaal (Benbenishty, 1989: 72- 3) m.b.v. rekenaars ontleed word. Op die deskriptiewe vlak produseer dit verslae wat die sleutelkenmerke van die teikenpopulasie, die intervensie en die resultate van die intervensie bv. probleme, demografie ens. beskryf. Relasionele ontleding op sy beurt poog om die verbande tussen die kenmerke van die kliënt en die intervensie vas te stel. Temporale analyses gee 'n aanduiding van die veranderings wat met verloop van tyd as gevolg van die bepaalde intervensie m.b.t. die individuele geval, plaasgevind het. Verder kan dit ook help met die kartering van die veranderings asook die resultate wat deur die individu en die intervensie ondergaan is.

Groot vordering is in die V.S.A. gemaak met die gebruik van gerekenariseerde videospeletjies vir assesserings- en intervensiedoeleindes by jeugdige oortreders. Een sodanige gerekenariseerde nabootsingsspel is getiteld "BUSTED" en poog om jeugdige oortreders se anti-sosiale gedrag deur verhoogde gevolgebewustheid, verbeterde interpersoonlike vaardighede en selfbewussyn te verminder (Resnick, 1994: 62). Gedurende die spel word spelers uitgedaag om bepaalde keuses te maak en die gevolge daarvan te ervaar en te aanvaar. Deelnemers kry terselfdertyd ook 'n geleentheid om verdere rekenaarvaardighede aan te leer. Die data wat uit die spel verkry word, stel terapeute instaat om verdere intervensies te rig of verwysings vir gespesialiseerde hulp te doen.

Nabootsing bied ook aan die klient 'n geleentheid om te leer deur self te doen. Die tegnologie daag as te ware die oortreder uit om sy / haar eie idees te toets en die program se reaksie daarop te ervaar. In hierdie proses word instruksie of onderrig deur selfontdekking vervang en word leer vanuit foute eerder as vermyding van foute, die belangrikste resultaat (Hansen, 1994:35). Die rol van die terapeut in hierdie verband is die fasilitering van leer vanuit die speletjie na die werklike lewenssituasie hetsy die skool, gesin of die ouderdomsgroep (Resnick & Sherer, 1994:21).

Die aanleer van bepaalde morele en sosiale lewensvaardighede, maak 'n ewe belangrike gedeelte van die rehabilitasie program van gevangenes uit. Alhoewel die aanleer van komplekse sosiale vaardighede nie maklik nageboots kan word nie as gevolg van die gebrek aan sistematiese reëls (Hansen, 1994:37) kan dit wel met behulp na bepaalde tegnologie aangehelp word. Nuwe benaderings soos hierdie word egter dikwels in samehang met tradisionele GWT gebruik .

Vervolgens sal na die gebruik van 'n kombinasie van GWT en IKT in die Belegging in Voortreflikheid (BIV) program ter bevordering van verhoogde selfbewussyn en suksesvolle doelwitstelling asook die aanleer van sosiale en morele vaardighede, gekyk word. Tweedens sal ook kortliks na die Amerikaanse program getiteld Moral Reconciliation Therapy (MRT) gekyk word. Eersgenoemde program is aanvanklik hoofsaaklik in die bemagtiging van Suid Afrikaanse korrektiewe personeel gebruik maar word sedert 1998 ook plaaslik vir die rehabilitasie van gevangenes gebruik. Beide kombineer 'n verskeidenheid tegnologieë en help om 'n terapeutiese gemeenskap binne die gevangenis te skep.

#### **4.3.2.2 Die aanleer van sosiale en morele vaardighede met behulp van GWT en IKT**

Die Belegging in Voortreflikheid (BIV) program is ontwerp deur die Pacific Institute (Seattle, VSA) en gebaseer op die konsepte van selfbeeld sielkunde. Dit poog om die voortreflike kwaliteite waarvoor individue beskik verder uit te bou en te versterk. BIV gaan van die veronderstelling uit dat individue oor onbepaalde potensiaal vir groei beskik. Individue behoort dus slegs gehelp word om self verantwoordelikheid vir persoonlike groei te neem. Die program poog verder om die individu van instrumente/hulpmiddels te voorsien om faktore wat persoonlike groei strem en doelwitbereiking voorkom, te kan identifiseer. Individue word ook deur middel van

deurlopende selfreflekteringsvrae en oefeninge gehelp om 'n duidelike begrip van hul eie vermoëns, potensiaal, aanlegte en omgewing te ontwikkel. Die skeppers van hierdie program se uitgangspunt is as volg verwoord : "Ons handel, ons werk, ons produseer, ons gedra ons nie volgens die waarheid nie, maar slegs die "waarheid" soos ons dit waarneem. Regdeur hierdie leerplan- en die oefeninge wat daarmee gepaard gaan – sal jy insien dat ons wel die wyse waarop ons optree, kan verander as ons net ons denkwyse kan verander " (Inleiding, 1983).

Die skeppers van MRT, Correctional Counselling Inc., poog om te rehabiliteer deur middel van 'n nie-tradisionele gedragsterapie waardeur die kliënt se morele denke en redenasievermoë gestimuleer word (Yablonski,1998). Terselfdertyd word addisionele lewensvaardighede soos gemeenskapsdiens, begrips- en uitdrukkingsvermoë ens aangeleer.

Beide BIV en MRT sluit nou aan by Senge (1990) se siening dat die skepping van 'n gewenste toekoms (bv. 'n misdaadvrye lewe na gevangesetting) gepaard moet gaan met 'n verandering in persoonlike denkwyses.

Die BIV program bestaan uit 'n stel video-lesings en oudio-kassette wat tesame met 'n praktiese gids van 20 modules gebruik word. MRT daarteenoor maak hoofsaaklik van konvensionele terapeutiese metodes en 'n werkboek getiteld "Hoe om uit jou Gevangenis te ontsnap " (How to Escape Your Prison) gebruik. Beide steun verder sterk op selfreflekterende vrae en oefeninge en vereis die aktiewe deelname van deelnemers. Die oudio-kasset van die BIV reeks hanteer onderwerpe soos Bevestiging, Visualisering, Bevestigings, Stappe tot die inprentingsproses, Teleologiese aard van die mens, Filosofie van Doelwitstelling asook Riglyne tot Doelwitbepaling, Riglyne tot Doelwitstelling en Pygmalion. Deur die gebruik van oudio-kassette word gepoog om leer deur luister te bewerkstellig. Die tegnologie is verder ook nie net draagbaar nie maar bemoontlik ook herhaling en dus voortgesette onderrig. MRT op sy beurt kombineer doelwitselling met aktiewe implimentering van die re-integrasieplan met 20 uur se gemeenskapsdiens. Die deelnemer word dus as ware gedwing om uit die veiligheid van die terapeutiese gemeenskap te tree en die nuut verworwe sosiale vaardighede wat aangeleer is, binne die gemeenskap te gaan gebruik.

Hansen (1994:39) is van mening dat die vermoë om te interpreteer en te beoordeel, 'n ontdekkingsproses eerder as onderrig vereis. Die kliënt moet deur die ondersoek van 'n verskeidenheid situasies en deur eksperimentering met verskillende benaderings, d.w.s. met behulp van deurlopende selfrefleksie, tot 'n selfbevredigende besluit kom. Inherent aan hierdie proses is ook die noodsaak om geïkete gewoontes af te leer. GWT en IKT verkry dus binne hierdie omstandighede 'n belangrike ondersteunende rol ter bevordering van voortgesette refleksie en die aanleer van nuwe vaardighede.

Suid Afrika is 'n relatiewe groentjie in die gebruik van gevorderde IKT vir die rehabilitasie van gevangenes. Oor die afgelope paar jaar sedert 1994 is opwindende vordering gemaak met die implimentering van innoverende programme van rekenaar-gebaseerde en satelliet-gesteunde onderwys en opleiding asook gevangenis-radio binne die plaaslike korrektiewe opset. Hierdie innoverings en spesifiek die kwessie van tele-toegang (Dutton, 1999) sal vervolgens ondersoek word.

#### **4.3.2.3 Tele-toegang en die virtuele klaskamer: rekenaar- en satelliet-gebaseerde onderwys en gevangenis-radio**

Grenier & Metes (1995: 245 ) definieer 'n organisasie wat op groot skaal van "virtuele" prosesse en tegnologie gebruik maak om die vaardigheidskurwes van diegene wat 'n belang by die organisasie het te verbeter, as 'n virtuele lerende organisasie. Virtuele prosesse en tegnologie in hierdie konteks, verwys na die intensiewe benutting van byvoorbeeld rekenaar- en telekommunikasietegnologie om mense wat hulle in verwyderde lokaliteite bevind, vir onderwys-, besprekings- en leerdoeleindes byeen te bring. Aangesien hulle nie fisies byeen is nie maar a.g.v. hul tegnologiese verbinding instaat is om gesamentlik te debatteer, standpunte te stel en tot gesamentlike insigte te kom asof hulle fisies bymekaar is, word daarna verwys as 'n tele-teenwoordigheid binne 'n virtuele klaskamer (Tiffen & Rajasingham, 1995:7). Onlangse tendense (plaaslik en elders) dui daarop dat tegnologie soos video-konferensietegnologie naas rekenaargebaseerde onderrig toenemend vir rehabilitasiedoeleindes gebruik word. As sulks maak dit dus deel uit van Fabelo (2000) se residivisme-tegnologie wat gebruik word om "plakaatmisdadigers" te voorkom. Die moderne gevangenis soos alreeds hierbo aangetoon, vertoon dus besliste kenmerke van die virtuele lerende organisasie.

Rekenaargesteunde onderrig en opvoedkundigetelevisie asook rekenaarnabootsings vir leerdoeleindes is nie nuwe verskynsels nie. Soos reeds vermeld, bied die moderne



kombinasie van verskillende tegnologië egter nuwe moontlikhede aan diegene verantwoordelik vir onderrig. Die virtuele klaskamer en virtuele leer as 'n ontwerpte, samewerkende en deurlopende leerproses waardeur individue, spanne en organisasies die vermoëns (kennis, vaardighede, perspektiewe, ervarings) wat hulle benodig ontwikkel (Grenier & Metes, 1995:245), vervang egter nie totaal die tradisionele benaderings tot onderrig en leer nie. Dit maak egter veel eerder gebruik van al die beproefde metodes sonder om tot 'n enkele benadering beperk te word. Tradisionele klaskamer onderrig word dus gekombineer met rekenaar-gesteunde opleiding, telematiese afstandsonderrig en ook 'n leernetwerk ten einde 'n verskeidenheid opvoedkundige behoeftes aan te spreek.

Die tydperk 1996 tot 1999 was van besondere belang vir die transformasie van die plaaslike korrektiewe diens. Gedurende hierdie fase is belangwekkende besluite rondom die hantering van jeugdiges en die konsep van "juvenile justice" in Suid Afrika geneem. In 1995 met die skepping van die Interministerial Committee on Youth at Risk (IMC) en in ooreenstemming met die nuwe demokratiese gees, is daadwerklike stappe geneem om veral die kinder- en jeugstelsel te transformeer. Daar is veral klem gelê op die eiesoortige behoeftes van kinders en die noodsaak vir die skepping van institusionele omgewings wat bemagtig en tot kinders en jeugdiges se persoonlike ontwikkeling sal bydra. Die vestiging van korrektiewe jeugsentrums as 'n alternatief vir die aanhouding van jeugdiges in volwasse gevangnisse, verteenwoordig 'n belangrike deel van hierdie ontwikkelings. Verder is ook in samewerking met 'n verskeidenheid rolspelers begin om met verskeie innoverende benaderings tot die bemagtiging van gevonnise jeugdiges m.b.v. IKT soos radio, rekenaars, satelliet en video-tegnologie te eksperimenteer. Hierdie innoverings het egter nie net tot jeugdiges beperk gebly nie maar is ook tot volwasse gevangenes uitgebrei en sal vervolgens kortliks onder loep geneem word.

Gedurende voorvermelde tydperk het die DKD in samewerking met susterdepartemente, private sektor en die nie-regeringsektor, begin om multimedia rekenaaropleidingsentra, 'n gevangene-radiostasie en satelliet-gebaseerde entrepreneurskap-en-lewensvaardighedsopleidingsprogram in verskeie gevangnisse te vestig (Department of Correctional Services, 1998 : Year Report; Frank et.al, 1999; Weaver & Borchert, 2000). Die doelwit van die onderhawige bespreking is nie om die

spesifieke tegnologie in hierdie programme in detail te beskryf nie maar slegs om die gebruik daarvan in die hantering van komplekse terapeutiese probleme aan te toon.

Navorsing het bewys dat daar 'n onbetwisbare verband tussen lae geletterdheid- en opvoedkundige vlakke en residivisme bestaan. Gevolglik word die bevordering van basiese geletterdheid en die verbetering van opvoedkundige kwalifikasies deur die meeste korrektiewe agentskappe gesteun. Gevolglik is twee sentrums vir multi-media rekenaarbaseerde opleiding te Barberton- en Malmesbury gevangenis gevestig. Beide sentrums maak gebruik van die PLATO 2000 – leerstelsel van die ADvTECH maatskappy (Johannesburg, Suid Afrika) wat voorsiening maak vir die onderrig van leerders vanaf die vlak van Volwasse Basiese Onderwys & Opleiding (VBOO) tot op tersiêre vlak.

Die PLATO-kursus word met behulp van 'n verskeidenheid van stelsels ingeslote Lokale Area Netwerke (LAN) en alleenstaande rekenaars via CD-ROM aangebied. Hierdie program maak voorsiening vir leer teen eie pas en leerders kry ook deurlopende terugvoer m.b.t. hul eie vordering in modules soos kommunikasievaardighede, toegepaste wiskunde, datavaardighede, inligtingslees en skryfvaardighede. Deelnemers kry as 'n natuurlike uitvloeisel van die program ook 'n geleentheid om rekenaarvaardighede aan te leer. Naas die geleentheid om 'n bepaalde bedrewenheid te ontwikkel, bied die program m.b.v. individuele leerplanne wat outomaties geformuleer word en gebaseer is op 'n verskeidenheid van assesserings, aan leerders 'n geleentheid om in 'n veilige omgewing wat ook sensitief vir individuele leerbehoefte is, te leer.

Naas die bevordering van basiese geletterdheid m.b.v. rekenaars, is verskillende jeugsentra in die Wes Kaap, Kwazulu Natal en Noordelike Provinsie, in samewerking met die Nasionale Jeug Kommissie (N.J.K.), by wyse van sattelietegnologie verbind vir die aanbieding van 'n program ter bevordering van konstruktiewe denke, lewensvaardighede en entrepreneurskap. Hierdie program getiteld die Prison Education Project (PEP) is gebaseer op Edward de Bono se program van konstruktiewe denke. Aldus hierdie benadering kan die individu sy persoonlike omstandighede verander deur konstruktiewe eerder as negatiewe denke. Dit gaan egter verder deur te aanvaar dat konstruktiewe denke sonder bepaalde bruikbare vaardighede van ewe min waarde is. Gevolglik bied dit aan deelnemers 'n geleentheid

om formele opleiding te ontvang en 'n sertifikaat te verwerf in entrepreneurskap en rekenaargeletterdheid. Die program word op 'n weeklikse basis per satelliet vanuit 'n ateljee in Sandton na die verskillende sentra uitgesaai. Tussen uitsendings word leerders deur korrektiewe personeel by die verskillende sentra ondersteun en vorm probleme met bepaalde leerinhoud die grondslag van die weeklikse interaksie tussen aanbieder en deelnemers. Die belangrikste sterkpunt van die PEP projek is dat dit poog om jeugdige as volledige mense te ontwikkel en nie net tot die aanleer van enkele vaardighede te beperk nie. Dit is veral belangrik gegewe die werklikheid dat 'n gebrek aan bruikbare vaardighede die verwerping van misdaad uiters moeilik maak. Verder bied dit ook aan deelnemers die geleentheid om selfonderhoudend te word en self tot werkskepping te kan bydra.

Die "Basic Radio " Projek, gevestig te Brandvlei jeugsentrum (Worcester, Wes Kaap), bou voort op voorgenoemde inisiatiewe. Hierdie program poog om radio as 'n medium vir rehabilitasie te gebruik. As sulks sluit dit beide 'n vaardigheidopleidings- as 'n "opvoeding-deur- inligting" komponent in. Dit was ook voorts die projekbeplanners se voorneme om die potensiaal van radio as katalisator en fasiliteerder van persoonlike transformasie te benut (Frank et.al,1999). Deelnemers aan die projek ontvang opleiding in ondermeer radioproduksie en programaanbieding. Verder word die medium ook deur terapeutiese personeel gebruik om op te voed deur die aanbieding van lewensvaardigheds- en ander programme wat binne 'n radius van 500 meter uitgesaai word.

Nieteenstaande die gebrek aan enige omvattende evaluasies van die impak van hierdie innovasies, gee dit 'n duidelike aanduiding tot watter mate IKT alreeds binne die plaaslike korrektiewe opset vir opvoedkundige en leerdoeleindes gebruik is en steeds gebruik word. In ag genome ook die grootskaalse gebruik daarvan elders, is dit 'n uitgemaakte saak dat die gebruik daarvan slegs in belangrikheid kan toeneem. DKD is reeds daartoe verbind om 'n korrektiewe diens te lewer wat sal bydra tot gemeenskapsbeveiliging en rehabilitasie van ootreders en geparoleerdes deur middel van "development programmes, security systems, state of the art technology and a competent workforce, while aiming to reduce re-offending " (DCS , Mission statement).

Ten spyte van IKT se ongetwyfelde voordele as bemagtiger van mense, bring dit terselfdertyd spanning met betrekking tot die tradisionele rol van die gevangenis mee.

Gevangenes- radio, satelliet-televisie en video stel diegene wat vanuit die gemeenskap gesluit is as gevolg van hul misdaad, instaat om steeds in kontak met die buite wêreld te bly eerder as om in isolasie te wees. Hierdie spanning asook die veranderende rol van die gevangenis onder die invloed van tegnologie, sal vervolgens onder die loep geneem word.

#### **4.4 Isolasië, tele-toegang en die veranderende rol van die gevangenis**

Strafvorme het tradisioneel vier funksies naamlik aanhouding, isolasie, rehabilitasie en instandhouding. Die toenemende bruikbaarheid van bv. IKT binne die gevangenisopset vir waarnemings- en rehabilitasie doeleindes het alreeds 'n funksieverskuiwing veral met betrekking tot die isolasie van gevangenes meegebring (Faugeron, 1996:132). Deurlopende elektroniese waarneming met behulp van onderhuidse inplantings en draagbare moniteringstoestelle asook die moontlikheid om met dië toestelle 'n volledige beeld te kan saamstel van 'n bepaalde liggaam se bewegings, het bepaalde implikasies vir die gevangenis as instelling. Afstandsmonitering maak tyd, ruimte en plek irrelevant en impliseer dat gevonnisse oortreders nie meer noodwendig in aanhouding hoef geplaas te word om hulle straf uit te dien nie. Gemeenskap-gebaseerde straf maak dus gevolglik alreeds 'n belangrike deel van die moderne strafbedeling uit alhoewel dit nog nie aanhouding as sleutel aktiwiteit vervang het nie. Elektroniese en ander vorms van monitering verskaf verder ook bykomende inligting wat vir terapeutiese en rehabilitasiedoeleindes gebruik kan word.

IKT is, soos elders aangetoon, ook 'n bemagtiger daar dit mense toegang gee tot inligting, dienste, tegnologie en ander mense. Die gebruik van satelliet- en rekenaargebaseerde onderwys en opleidingsprogramme asook die bedryf van gevangenis-radio stasies en die beskikbaarheid van televisie, skort isolasie op en stel die gevangene instaat om steeds kontak met die wêreld buite die tronkmure te hê. Hierdie toegang skep, soos vermeld, 'n natuurlike spanning tussen die tradisionele rol van die gevangenis nl. isolering en die kwessie van tele-toegang. Verdere verwikkelings dui reeds daarop dat tegnologie soos die Internet en Lokale Area Netwerke (LAN) eersdaag ook vir gevangenes beskikbaar gestel kan word (Benton, 1996; Cape Argus, May 20, 2002) vir naslaan- en kommunikasie doeleindes. Die beskikbaarheid van CD-ROM-tegnologie maak dit byvoorbeeld moontlik om biblioteke te vervang met alleenstaande, beveiligde CD-ROM leesterminals binne selblokke. Gevangenes kan dus op 'n koste-effektiewe manier toegang tot regs- en ander

inligting verkry terwyl onnodige beweging na en vanaf biblioteke uitgeskakel word. Diegene in aanhouding kan selfs beperkte en beheerde toegang tot die Internet gebied word gegewe die vordering wat alreeds met betrekking tot netwerksekuriteit ("firewalls") tegnologie gemaak is. Onlangs is reeds aangekondig dat Suid Afrikaanse gevangenes binnekort klagtes oor enige aspek van hulle aanhouding by wyse van die Internet aan die kantoor van die Inspekterende Regter van Gevangenis sal kan rapporteer (Cape Argus, May 20, 2002). Die Intranet wat op dieselfde tegnologie as die Internet steun kan ook in gevangene rehabilitasie gebruik word as 'n skakel tussen die gevangene en korrektiewe personeel of met korrektiewe bestuurders sonder die tussenkoms van enige iemand anders. Tele-toegang aan gevangenes verteenwoordig dus 'n revolusie in die klein en noodsaak 'n uiters belangrike paradigmaskuif by korrektiewe personeel in die algemeen.

Die optimale gebruik van die IKT in rehabilitasie soos hierbo na verwys, is egter 'n uiters kontroversiële kwessie. Korrektiewe instellings worstel alreeds met die openbare siening dat gevangenis "vyf ster" hotelle en misdaadskole is wat tot weinig rehabilitasie bydra. Hierdie negatiewe sentiment dra volgens Coetzee & Gericke (1997) veral daartoe by dat korrektiewe personeel hulle werksomstandighede as negatief ervaar en van mening is dat gevangenes vandag meer regte as hulself en ander wetsgehoorsame burgers geniet. Onlangse gebeure in die V.S.A. dui ook daarop dat selfs pogings om gevangenes met behulp van ander se webwerwe toegang tot die Internet vir ondersteuningsdoeleindes te gee, nie sonder meer aanvaar sal word nie. Amerikaanse Kongreslede opsigself is daarteen gekant en poog om deur middel van die Prisoner Web Site Disclosure Act of 1999, webwerfeienaars te dwing om gevangenes se misdaad en vrylatingsdatum te publiseer. Daarbenewens word ook gepoog om openbare sentiment in hierdie verband te beïnvloed en die publiek se steun in die bevordering van die webwerf-idee te ontmoedig (Schmidt, 1999). Dit bly egter 'n gegewe dat die gebruik van IKT in die hulpprofessies nie gestop kan word nie en, gegewe die wye gebruik daarvan in menslike dienslewering, nie vanuit die gevangenis geweier kan word nie.

Tegnologie het nie alleen die gevangenis se benadering tot rehabilitasie dramaties beïnvloed nie maar het ook 'n verdere rolverskuiwing tot gevolg gehad. As gevolg van die bruikbaarheid van tegnologie om toesig en beheer oor gevonnisdies te verseker sonder die noodsaak van gevangensetting, het dit tot gevolg dat die beskikbare ruimte

ook vir ander doeleindes gebruik kan word. Faugeron (1996) gesteun deur Simon (1994) maak die waarneming dat die moderne gevangenis al meer vir die beheer van sosiale en ander "openbare orde" probleme soos die aanhouding van onwettige immigrante of dwelmgebruikers benut word. Die teikenbevolking van die sogenaamde "tweede golf van gevangensetting" is ook volgens Simon (1998:603) toenemend ekonomies gemarginaliseer en polities gevaarlik. In al hierdie gevalle is administratiewe aanhouding (Faugeron, 1996:121) eerder as straf die vernaamste oorweging. Tesame daarmee word gedifferensieer tussen kort- en langtermyn strawwe vir verskillende tipes oortreders. Hierdie tendense verteenwoordig na sy mening 'n verandering in die morele en politieke funksie van aanhouding. Dit het verder ook die potensiaal om die openbare orde funksie van die gevangenis te ondermyn (Faugeron, 1996: 123).

Gegewe die besliste veranderings in die rol van die gevangenis asook die spanning tussen die gevolge van die gebruik van IKT in rehabilitasie en die tradisionele rol van die instelling, is daar geen twyfel dat korrektiewe personeel inderdaad voor groot uitdagings staan nie.

Die gebruik van IKT ter bevordering van sisteemdenke en sistemiese ingesteldheid by personeel werksaam in die strafregstelsel sal vervolgens kortliks onder loep geneem word.

#### **4.5 IKT ter bevordering van 'n sistemiese ingesteldheid**

Senge (1990) beskou sisteemdenke as 'n belangrike bousteen of leerdissipline vir die vestiging van 'n lerende organisasie. Die verskillende komponente van die strafregstelsel is van nature geneig om in isolasie te werk as gevolg van hulle onderskeibare aktiwiteite. Doeltreffende dienslewering in die openbare belang vereis egter dat alle rolspelers die totale omgewing waarbinne hulle funksioneer asook die wisselwerking tussen die onderskeibare komponente sal ondersoek en verstaan. Hierdie tipe organisasieleer is nie vanselfsprekend nie en moet doelbewustelik gestuur word. Personeel moet inderwaarheid ook geleer word om in stelselverband te funksioneer. Verskillende vorme van IKT soos lokale en wye area netwerke asook die intra-, inter- en ektranet verteenwoordig enkele van die hulpmiddels wat tans ingespan word.

As deel van Suid Afrika se NMVS is 'n informasietegnologie infrastruktuur vir die gladde werking van die strafregstelsel geïmplimenteer. Dit poog om 'n sistemies-georiënteerde strafregstelsel en 'n verbeterde inligtingsdiens aan alle komponente te bewerkstellig. DKD en ander komponente van die stelsel is aan 'n staatswye area netwerk (WAN) bekend as OpeNET (Nexus, 1996, February; 14) gekoppel wat op dieselfde standaard as die Internet gebaseer is. Dit is verder gebaseer op 'n enkele sakeplan en tegnologiestelsel en stel ge-outomatiseerde persoons-, vingerafdruk-asook bestuurs identifiseringsdienste aan die stelsel beskikbaar (Nexus, June 2000). Hiermee word gepoog om beamptes en oortreders tydig en akkuraat te identifiseer asook soektogte en gidisdienste en dus die hofproses, te versnel. As bestuurs-inligtingstelsel help dit om kritieke inligting aan die stelsel te verskaf waarteen prestasie gemeet en die stelsel in sy geheel doeltreffend bestuur kan word. Dit help ook verder om die optimale benutting van menslike- en ander hulpbronne asook die neem van ingeligte besluite te fasiliteer.

Die belangrikste waarde van hierdie informasietegnologie- infrastruktuur is te vinde in die vestiging van 'n gemeenskaplike bedryfstaal wat deur almal in die stelsel gebruik moet word. Daar die proses poog om grootliks papierloos te werk en van elektroniese dokument bestuursbeginsels gebruik maak, word die deelnemende partye gedwing om ook bedrewe in die gebruik van die tegnologie ter sprake te word. Assulks skep dit dus nuwe geleenthede wat deur die onderskeie komponente van die stelsel vir herstrukturering van eie interne prosesse gebruik kan word.

#### **4.6 Opsommend**

Die gevangenis kan met reg as 'n tegnologie-gedrewe terapeutiese gemeenskap beskou word gegewe die grootskaalse gebruik van beide GWT en IKT vir rehabilitasie en leer. Ten spyte van die bruikbaarheid daarvan, skep dit egter spanning. Tradisioneel is dit die rol van die gevangenis om oortreders vanuit die gemeenskap te verwyder. Toegang tot veral IKT toestelle soos sattelietelevisie ens. maak dit vir gevangenes moontlik om as te ware buite die mure van die inrigting te tree. Daarbenewens het die rol van die gevangenis ook 'n rolverandering ondergaan en word gevangesetting toenemend ook vir administratiewe aanhouding benut. Ten spyte hiervan en die tegnologiese dwang om binne stelsel eerder as in isolasie te funksioneer, skep dit ook nuwe geleenthede vir leer en die vestiging van 'n lerende organisasie.

## **HOOFSTUK 5: NAVORSINGSRESULTATE: KORREKTIEWE PERSONEEL SE WERKPLEKBELEWENIS**

---

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die opname wat met behulp van 'n gestruktureerde vraelys vir korrektiewe personeel verkry is bespreek. Soos voorheen vermeld is hierdie studie beide verkennend en beskrywend van aard. Die Statistical Package for the Social Sciences (SPSS) is gebruik om die response van korrektiewe personeel binne die raamwerk van Senge (1990) se dissiplines van die lerende organisasie, te ontleed.

### **5.1 Demografiese Oorsig**

In hierdie studie is van meerveranderlike ontledings gebruik gemaak aangesien die vraelys oor nege veranderlikes (geslag, ouderdom, opvoedkundige kwalifikasies, vakbondlidmaatskap, pos, rang, diensjare, huistaal en afdeling waarin werksaam) gestrek het. Die demografiese oorsig wat hierop volg sal gevolglik al hierdie aspekte dek.

Malmesbury Nuwe Gevangenes beskik oor 269 personeellede wat oor 11 afdelings versprei is (Tabel 1) en verder in drie hoofgroepe naamlik: Bewakingsdienste, Administrasie en Logistiek en Programme en Werkswinkels ingedeel is (Tabel 2). Van die 269 vraelyste wat in alle afdelings versprei is, is slegs 111 (41%) vraelyste terug ontvang. Die grootste gedeelte van die respondente is manlik (67,3%) terwyl vroue 32,7% van die totaal uitmaak. Voorts is die meerderheid respondente bo die ouderdom van 30 jaar (67,7%) terwyl die res (32,3%) in die ouderdomsgroep 23 tot 30 jaar val.

Die georganiseerde werksmag ondersteun veral die Police and Prisons Civil Rights Union (POPCRU) (67,3%) en die Vereniging van Staatsamptenare (VSA) (32,7%). Ander vakbonde soos die National Education, Health and Allied Workers Union (NEHAWU) en die Democratic Nursing Organisation of South Africa (DENOSA) geniet 'n beperkte aanhang binne die inrigting.


Respondente is verder werksaam in die administratiewe afdeling van die Areabestuurderskantore, medium en maksimum gevangenis, programme, produksie en opleidingswerkswinkels sowel as die logistieke afdeling. Alhoewel die sekuriteitsafdeling op die oog af ondervteenwoordig voor kom (3,6%), moet dit



vermeld word dat die meeste personeel naas hulle ondersteuningsfunksie, primêr vir veilige bewaking van gevangenes en die algemene beveiliging van die totale inrigting verantwoordelik is. Die enigste uitsonderings is programpersoneel (onderwysers, maatskaplike werkers, verpleegsters en sielkundiges) wie se primêre verantwoordelikheid die aanbieding van rehabilitasieprogramme en verskaffing van gesondheidsorg is. Hierdie onderskeid is verder vervat in die groepering van die personeel in twee onderskeibare bedelings teweete die dissipline- (alle bewakingspersoneel plus verpleegpersoneel) en die geslote-groep bedeling (programpersoneel soos genoem uitgesonder verpleegsters). In die praktyk word hierdie skeiding egter nie rigied gehandhaaf nie en word personeel vir 'n verskeidenheid funksies, selfs buite hul bedeling, benut.

**TABEL 1:      VERSPREIDING VAN RESPONDENTE PER AFDELING**

AFDELING	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Jeugdige	1	.9
Medium	22	20.0
Maksimum	13	11.8
Administrasie	24	21.8
Toegangsbeheer	3	2.7
Menasie	2	1.8
Logistiek	8	7.3
Werkswinkels	12	10.9
Hospitaal	4	3.6
Programme	17	15.5
Sekuriteit	4	3.6
Totaal	110	100.0
Nie vermeld	1	
TOTAAL	111	

**FIGUUR 1: VERSPREIDING VAN RESPONDENTE PER HOOFFUNKSIE**

Respondente is verder ook verteenwoordigend van die meerderheid rangvlakke en hul ekwivalente (Tabel 2 hieronder). Die enigste range wat nie hierby ingesluit is nie is diè van Adjunk-direkteur en Direkteur. Aangesien funksionaris se op die vlak van Assistent-direkteur en hul ekwivalent (hoofopvoedkundiges) asook senior korrektiewe beamptes en hul ekwivalente (hoofverpleegkundiges, hoof maatskaplike werkers, hoofsielkundiges, Eerste Opvoedkundiges) normaalweg die bestuurskader van die inrigting uitmaak, is besluit om hulle as Bestuur te kategoriseer. Die laer range en hul ekwivalente is gevolglik ook dienooreenkomstig saam gegroepeer.

Uit die gegewe in Tabel 2 is dit duidelik dat die meerderheid respondente (80,4%) hulle op die laer rangvlakke van die organisasie bevind. Bestuurders op hulle beurt maak weer 19,6% van die respondente uit.

Die meerderheid (69,4%) respondente se huistaal is Afrikaans of Xhosa (23,4%). Slegs 'n klein groepie (4,5%) het Engels as huistaal aangedui. Verder beskik 55,2% oor slegs 'n matriek sertifikaat en 44,8% oor 'n naskoolse kwalifikasie. Nieteenstaande die hoë vlak van geskooldeheid beskik die meerderheid (57,9%) oor minder as 5 jaar se ervaring in die DKD. Slegs 42,1% van respondente beskik oor meer as 6 jaar se dienservaring.

**TABEL 2: RESPONDENTE PER RANGVLAK**

RANGGROEP	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Bestuurders	21	19.6
KB1/ Ekwivalent	31	29.0
KB II/ Ekwivalent	29	27.1
KB III/ Ekwivalent	26	24.3
Totaal	107	100.0
Nie vermeld	4	
TOTAAL	111	

Vervolgens sal na personeel se response met betrekking tot die verskillende leerdissiplines gekyk word. Vir die doeleindes van die volgende bespreking asook die gepaardgaande kruistabulasies (Tabelle 1 –10), is van slegs sewe demografiese veranderlikes (naamlik geslag, ouderdom, vakbondlidmaatskap, rang, diensjare, opvoedkundige kwalifikasie en afdeling waarin werksaam) gebruik gemaak. Die oorblywende twee veranderlikes nl. huistaal en pos beklee is dus buite berekening gelaat. By alle veranderlikes is egter nie dieselfde mate van beduidenheid bespeur nie. Gevolglik sal spesifieke vlakke van statistiese beduidendheid bespreek word. Daarna sal by wyse van leerdissipline-indekse 'n oordeel gevel word oor die stand van sake met betrekking tot elke dissipline by die Malmesbury Nuwe Gevangenis.

## **5.2 Demografiese verskille t.o.v. korrektiewe personeel se belewenis van hul werkplek**

### **5.2.1 Geslag en werkplekbelewenis**

Die Suid Afrikaanse gevangenis was tradisioneel op geslagsgronde georganiseer met mans verantwoordelik vir manlike gevangenes en vroue beperk tot vroulike inrigtings. Sedert 1994 word beide mans en vroue in dieselfde werkplek, ongeag die geslag van die gevangenebevolking, benut en is dit moontlik om hul werkplekervaring te kan vergelyk. Uit die navorsingsresultate soos vervat in Tabel 3, is dit duidelik dat geslag 'n beslissende uitwerking op personeel se belewenis van hulle werkplek het. Dit beïnvloed nie alleen hulle persoonlike sienings van die gevangene, die gevangenis, tegnologie en rehabilitasie nie maar het ook 'n invloed op hulle ervaring van visieformulering, persoonlike bedrewenheid en die mate van spanleer in die werkplek. Uit onderstaande tabel is dit ook duidelik dat beduidend meer vroue as mans ( $p=.046$ ) daarteen gekant is dat gevangenes tydens hulle vonnistermyn toegang tot rekenaars kry. Alhoewel 'n minderheid mans (36,5%) hulle ondersteun, heers daar by laasgenoemde groep ook 'n

groter mate van onsekerheid (16,2%). Meer as 70% van albei geslagte het egter nie 'n probleem dat radio's binne die gevangenis toegelaat word nie.

Naas hulle teenkanting teen rekenaartoegang aan gevangenes, is 'n groterige groep van beide geslagte ook gekant teen enige vroeë en diskresionêre vrylating van gevangenes. Daar is egter steeds beduidende verskille ( $p=.019$ ) tussen die twee groepe oor hierdie saak te bespeur. Aansienlik meer mans (66.7%) as vroue (41.7%) het nie 'n probleem met die diskresie van die gevangenis nie. Vroue is daarbenewens meer verdeeld en daar is byna ewe veel steun vir en teen diskresionêre vrylating (41,7% vs 44.4%). Daar is voorts ook slegs 'n klein groepie mans (19.4%) wat teen sodanige magte gekant is.

'n Aansienlike getal respondente van albei geslagte is nie baie optimisties oor die suksesvolle kombinasie van tegnologie soos rekenaars met tradisionele rehabilitasiemetodes (bv. onderhoude) in die werkplek nie. Daar is beduidend ( $p=.001$ ) meer onsekerheid by vroue (57,1%) as by mans (20.3%) oor die mate waartoe sukses met hierdie kombinasie behaal word. Mans is egter meer positief as vroue dat daar wel 'n mate van sukses in hierdie verband behaal word. Verder is in die geledere van albei groepe groot verdeeldheid oor die saak en sien hulle weinig verskil in benadering

In vergelyking met hulle manlike ewekniëe (45.9%) is vroue (72.2%) ook beduidend ( $p=.028$ ) meer positief oor die voorkoms van spanwerk in aktiwiteite ter bevordering van 'n menseregte kultuur binne die inrigting. 'n Groep van 31,1% mans en 19,4% vroue bespeur egter steeds die hardnekkige voortbestaan van 'n bestuursgedrewe organisasie waar visieformulering steeds deur bestuurders gemonopoliseer word.

**TABEL 3: GESLAG EN WERKPLEKBELEWENIS**

Stelling	Respons	GESLAG manlik	GESLAG vroulik	STATISTIEK
1. Gevangenes behoort tydens hulle verblyf in die gevangenis toegang tot rekenaars te hê	Verskil Onseker Stem saam	36,5% 16,2% 47,3%	57,1% 20,0% 22,9%	$X^2= 6.144$ $P = .046$ Cramer's V= .237
2. Die beskikbaarheid van radio's in die gevangenis ondermyn die gladde werking van die inrigting	Verskil Onseker Stem saam	75,7% 6,8% 17,6%	63,9% 30,6% 5,6%	$x^2=12.461$ $p= .002$ Cramer's V= .337
3. Die DKD moet toegelaat word om gevangenes vry te laat wanneer hulle oortuig is dat die persoon na vrylating nie weer 'n misdaad sal pleeg nie	Verskil Onseker Stem saam	19,4% 13,9% 66,7%	44,4% 13,9% 41,7%	$x^2= 7.971$ $p= .019$ Cramer's V= .272
4. Die visie van Malmesbury Nuwe Gevangenis is deur die bestuur van die inrigting geformuleer	Verskil Onseker Stem saam	20,5% 32,9% 46,6%	26,5% 55,9% 17,6%	$x^2= 8.610$ $p= .013$ Cramer's V= .284
5. Tegnologie (soos bv. rekenaars) word saam met persoonlike onderhoude gekombineer om die beste rehabilitasieresultate te verkry	Verskil Onseker Stem saam	41,9% 20,3% 37,8%	20,0% 57,1% 22,9%	$x^2= 14.942$ $p= .001$ Cramer's V= .370
6. Die personeel in my afdeling/seksie werk goed saam in leeraktiwiteite ter vestiging van 'n menseregte kultuur	Verskil Onseker Stem saam	31,1% 23,0% 45,9%	19,4% 8,3% 72,2%	$x^2= 7.123$ $p= .028$ Cramer's V= .254

### 5.2.2 Ouderdom en werkplek belewenis

Webb & Morris (1985: 204) is van mening dat korrektiewe beamptes nie bloot deur aanstelling 'n ware korrektiewe beampte word nie maar slegs deur ervaring waarlik een kan word. Deur 'n proses waartydens die nuwe beampte deur gevangenes mislei of gemanupuleer word, word die nuwe beampte "tronk- of bandietwys" en word begrip vir die gevangenekultuur verkry. Uit die navorsingsresultate soos weergegee in Tabel 4, blyk dit dat ouderdom hoofsaaklik 'n uitwerking op respondente se siening van salaris en selfontwikkelingkwessies binne afdelings het. Die oorgrote meerderheid van albei ouderdomsgroepe is positief t.o.v. hulle afdelings en gee 'n aanduiding dat afdelings

hulle personeel tot selfontwikkeling aanmoedig. Ouer personeellede (82, 1%) is beduidend meer positief ( $p=.012$ ) as hul jonger kollegas oor laasgenoemde kwessie. Die meerderheid van respondente is egter nie gelukkig met die salaris wat aan korrektiewe personeel betaal word nie. Daar is 'n baie klein verskil (4,3%) tussen die twee ouderdomsgroepe oor hierdie saak te bespeur. Aan albei kante is daar egter ook aansienlike verskille of onsekerheid te bespeur. 'n Aansienlike groep (33,3%) in die ouderdomsgroep ouer as 31 jaar verskil egter van hulle jonger eweknieë en tydgenoteen is daar 'n beduidende verskil ( $p=.035$ ) in sienswyse oor die salariskwessie. Daarbenewens is daar ook taamlike onsekerheid (25,8%) onder die jonger groep oor die saak onder bespreking in vergelyking met hul ouer kollegas.

**TABEL 4: OUDERDOM EN WERKPLEKBELEWENIS**

STELLING	Respons	Ouderdom 23 – 30 jaar	Ouderdom 31 + jaar	Statistiek
1. Lede van my afdeling word aangemoedig om hulself te ontwikkel	Verskil Onseker Stem saam	28.1% 15.6% 56.3%	14.9% 3.0% 82.1%	$X^2 = 8.820$ $P = .012$ Cramer's $V = .298$
2. Die salarisse wat aan lede van die Departement van Korrektiewe Dienste betaal word is voldoende vir die taak wat hulle verrig	Verskil Onseker Stem saam	54.8% 25.8% 19.4%	59.1% 7.6% 33.3%	$X^2 = 6.725$ $P = .035$ Cramer's $V = .263$

### 5.2.3 Rang en werkplekbelevens

Die Suid Afrikaanse gevangenis was tradisioneel deel van die militêre opset en het assulks ook van dieselfde militêre rangstrukture gebruik gemaak. Sedert 1 April 1996, na 'n proses van demilitarisering, is na 'n siviele rangstruktuur oorgeslaan. Nieteenstaande hierdie verwickeling is daar steeds binne die inrigtings van die DKD 'n sterk rangbewustheid en beïnvloed dit noodwendig mense se sienswyses.

Uit die resultate vervat in Tabel 5, is dit opvallend dat respondente in die hoër ranggroepe beduidend meer negatief staan teenoor gevangenes ( $p=.022$ ), die rol van die gevangenis ( $p=.030$ ) en die vermoë van die gevangenis om te rehabiliteer. Beide Bestuurders en KBI/ekwivalent is gekant teen rekenaartoegang aan gevangenes, pessimisties oor die mate waartoe daarin geslaag is om moderne tegnologie en tradisionele metodes in rehabilitasie te gebruik en van mening dat moderne gevangenis nie iemand afskrik nie ( $p=.017$ ). Verder twyfel hulle of diegene wat tronkstraf uitgedien het misdaad in die toekoms sal vermy ( $p=.018$ ) of dat personeel

voldoende geskool is om 'n menseregte kultuur binne die inrigting te vestig ( $p=.021$ ). Die enigste kwessies waaroor daar 'n mate van positiwiteit by hierdie groep bestaan is die voorkoms van ope bespreking en dialoog binne afdelings, die noodsaak aan 'n gedeelde visie onder korrektiewe belangegroepes as voorvereiste vir rehabilitasie en die bydrae van hul inrigting tot die skepping van 'n veilige gemeenskap.

Negatiewe sentimente is egter nie tot die hoër range beperk nie en is daar ook blyke van 'n soortgelyke ingesteldheid oor sommige van hierdie sake by diegene op die laer range. Hierdie groepe is egter veel meer verdeeld oor die meeste sake alhoewel diegene op die rangvlak KBII/Ekwivalent se sentimente in sommige gevalle veel nader aan dié van hul seniors is. Onrusbarend is die hardnekkige voortbestaan, onder al drie ranggroepe, van die sentiment dat die gevangenis 'n groter straf- eerder as rehabilitasieorientasie behoort te hê. As verder in ag geneem word dat diegene op die hoër range vanweë hul groter ervaring en senioriteit strategiese leiding aan hul juniors behoort te gee om transformasie binne inrigtings te bewerkstellig, gee hierdie bevindinge weinig rede tot optimisme.

#### **5.2.4 Vakbondlidmaatskap en werkplekbelewenis**

Soos met die meeste ander werkplekke die geval, word die gevangenis ook toenemend gekenmerk deur 'n hoë vlak van arbeidsorganisering. Korrektiewe personeel by die Malmesbury Nuwe Gevangenis se lojaliteit in die werkplek lê grootliks by of POPCRU of die VSA., elkeen met sy eie geskiedenis en ideologie. Assulks beïnvloed dit dus tot 'n groot mate die sienings van hulle lede.

Lede van beide vakbonde huldig die mening dat die brêe personeel nie die regering se Nasionale Misdaadvoorkomingsstrategie verstaan nie (Tabel 6 hieronder). POPCRU-lede is egter beduidend meer ( $p=.020$ ) optimisties oor hierdie saak alhoewel hulle nie juis 'n noemenswaardige voorbeeld is nie. Daarbenewens het die meeste personeellede weinig vertroue in die vermoë van oortreders om uit hulle gevangenis te leer en is hulle van mening dat vrygelate oortreders beslis weer in misdaad sal verval. Aspekte waaroor beide groepe saam stem sluit in die mening dat tegnologie wat vir gevangener rehabilitasie gebruik word ook vir die bemagtiging van personeel beskikbaar moet wees, dat alle aktiwiteite van die inrigting onder bespreking daarop gemik is om 'n veiliger gemeenskap te skep asook dat afdelings tot konstruktiewe bevragsaak van hul persoonlike sienings instaat is.

Die mees beduidende verskille ( $p=.004$ ) tussen lede van die verskillende vakbonde is te vinde in hul sienings oor die rol van die gevangenes en die potensiaal vir residivisme. Meer as 60% van POPCRU-lede is van mening dat die gevangenis die regte balans tussen rehabilitasie en straf handhaaf in vergelyking met hulle VSA-kollegas se 35,5%. Verder is presies die helfte van VSA –lede van mening dat die gevangenis nie genoeg klem op straf, en dus by implikasie vergelding, plaas nie. 'n Groter persentasie (64,7%) van VSA-lede is ook van mening dat vrygelate gevangenes beslis weer in misdaad sal verval en dus na die gevangenis sal terug keer. Slegs 43,5% van POPCRU-lede steun hierdie sentiment (Chi-kwadraat 6.046,  $p= .041$ , Cramers'  $V=.242$ ).



**TABEL 5: RANG EN WERKPLEKBELEWENIS**

STELLING	RESPONS	RANG BESTUUR	RANG KB1 / Ekwiv	RANG KBII / Ekwiv	RANG KB III / Ekwiva	STATISTIEK
1. Gevangenes behoort gedurende hulle verblyf in die gevangenis toegang tot moderne kommunikasie soos rekenaars te hê	Verskil Onseker Stem saam	52.4% 9.5% 38.1%	63.3% 10.0% 26.7%	17.2% 27.6% 55.2%	38.5% 23.1% 38.5%	X <sup>2</sup> = 14.843 P= .022 Cramer's V= .374
2. Die belangrikste rol van die gevangenis is om die gemeenskap te beveilig deur die oortreder op te sluit en veilig te bewaak	Verskil Onseker Stem saam	38.1% 61.9%	32.3% 67.7%	13.8% 3.4% 82.8%	3.8% 96.2%	X <sup>2</sup> = 13.929 P= .030 Cramer's V= .361
3. Moderne gevangenis se skrik nie misdadigers af nie	Verskil Onseker Stem saam	35.0% 5.0% 60.0%	6.55 93.5%	21.4% 10.7% 67.9%	4.0% 12.0% 84.0%	X <sup>2</sup> = 15.527 P= .017 Cramer's V= .386
4. Wanneer 'n persoon in die gevangenis aangehou word, is die kans goed dat hy/sy nie weer 'n misdaad na vrylating sal pleeg nie	Verskil Onseker Stem saam	55.0% 30.0% 15.0%	74.2% 25.8%	37.9% 41.4% 20.7%	40.0% 28.0% 32.0%	X <sup>2</sup> = 15.320 P= .018 Cramer's V= .382
5. 'n Gedeelte van die visie onder korrektiewe beamptes, politici en die gemeenskap skep 'n klimaat vir die rehabilitasie van gevangenes	Verskil Onseker Stem saam	25.0% 75.0%	22.6% 25.8% 51.6%	7.1% 21.4% 71.4%	4.0% 12.0% 84.0%	X <sup>2</sup> =13.885 P= .031 Cramer's V= .365
6. Tegnologie soos bv. rekenaars word saam met persoonlike onderhoude gekombineer om die beste rehabilitasieresultate te verkry	Verskil Onseker Stem saam	65.0% 20.0% 15.0%	22.6% 29.0% 48.4%	31.0% 37.9% 31.0%	30.8% 38.5% 30.8%	X <sup>2</sup> = 12.688 P= .048 Cramer's V= .346
7. Lede van my afdeling is instaat om hul sienings van gevangenes op 'n konstruktiewe wyse te bevraagteken	Verskil Onseker Stem saam	19.0% 81.0%	12.9% 35.5% 51.6%	24.1% 37.9% 37.9%	23.1% 38.5% 38.5%	X <sup>2</sup> = 12.818 P= .046 Cramer's V= .346
8. Korrektiewe beamptes by Malmesbury Nuwe Gevangenis is voldoende opgelei om 'n menseregte kultuur binne die gevangenis te vestig	Verskil Onseker Stem saam	71.4% 23.8% 4.8%	46.7% 43.3% 10.0%	44.8% 24.1% 31.0%	38.5% 23.1% 38.5%	X <sup>2</sup> = 14.924 P= .021 Cramer's V= .375
9. My afdeling word gekenmerk deur ope bespreking en dialoog binne spanverband aangaande die noodsaak om tegnologie bv. videokameras, elektroniese deure ens. binne die gevangenis te gebruik	Verskil Onseker Stem saam	20.0% 15.0% 65.0%	19.4% 38.7% 41.9%	17.9% 14.3% 67.9%	42.3% 11.5% 46.2%	X <sup>2</sup> =13.579 P=035 Cramer's V= .360
10. Alle aktiwiteite van Malmesbury Nuwe Gevangenis is daarop gemik om by te dra tot die skepping van 'n veilige gemeenskap	Verskil Onseker Stem saam	28.6% 19.0% 52.4%	16.1% 29.0% 54.8%	20.7% 31.0% 48.3%	7.7% 3.8% 88.5%	X <sup>2</sup> = 13.376 p= .037 Cramer's V= .354

**TABEL 6: VAKBONDLIDMAATSKAP EN WERKPLEKBELEWENIS**

STELLING	RESPONS	POPCRU	VSA	STATISTIEK
1. Die gevangenis plaas te veel klem op rehabilitasie en te min op die straf van die oortreder	Verskil Onseker Stem saam	68.6% 4.3% 27.1%	35.3% 14.7% 50.0%	$X^2 = 11.077$ $P = .004$ Cramer's V = .326
2. Wanneer 'n persoon in 'n gevangenis aangehou word is die kans goed dat hy/sy nie weer 'n misdaad na vrylating sal pleeg nie	Verskil Onseker Stem saam	43.5% 33.3% 23.2%	64.7% 29.4% 5.9%	$X^2 = 6.046$ $P = .049$ Cramer's V = .242
3. Tegnologie soos rekenaars wat vir gevangene-opleiding gebruik word moet ook vir die bemagtiging van personeel beskikbaar gestel word	Verskil Onseker Stem saam	1.4% 2.9% 95.7%	2.9% 2.9% 97.1%	$X^2 = .491$ $P = .069$ Cramer's V = .782
4. Lede van my afdeling is instaat om hulle sienings van gevangenes op 'n konstruktiewe wyse te bevraagteken	Verskil Onseker Stem saam	23.2% 33.3% 43.5%	2.9% 32.4% 64.7%	$X^2 = 7.697$ $P = .021$ Cramer's V = .273
5. Personeel in my afdeling/seksie verstaan die regering se Nasionale Misdaadvoorkomings Strategie	Verskil Onseker Stem saam	31.4% 38.6% 30.0%	17.6% 67.6% 14.7%	$X^2 = 7.780$ $P = .020$ Cramer's V = .274
6. Alle aktiwiteite van Malmesbury Nuwe Gevangenis is daarop gemik om by te dra tot die skepping van 'n veilige gemeenskap	Verskil Onseker Stem saam	12.9% 27.1% 60.0%	29.4% 8.8% 61.8%	$X^2 = 7.075$ $P = .029$ Cramer's V = .261

### 5.2.5 Dienservaring en werkplekbelewenis

Uit die gegewens in Tabel 7 hieronder, blyk dit dat personeellede ongeag diensjare in die DKD oor slegs twee sake saamstem naamlik: dat die salaris wat hulle verdien nie genoeg is nie en dat gedeelde visie onder alle belange groepe 'n voorvereiste vir suksesvolle rehabilitasie van oortreders is. Wanneer dit egter by kwessies aangaande residivisme, hul inrigting se bydrae tot die formulering van departementele visie of die ondersoek van interne probleme, kom die eenstemmigheid aan sy einde.

Senior personeellede (66,7%) met meer as 6 jaar ervaring het beduidend minder vertroue ( $p = .040$ ) in die potensiaal van voormalige oortreders om te verander. Daarteenoor is die meerderheid van hulle jonger eweknieë of onseker (36,1%) of meer positief (42,6%) en bereid om voormalige gevangenes die voordeel van die twyfel te gee. Gegewe meer ervare lede se langer dienstermyn en ervaring van residivisme is dit glad nie verbasend dat hulle so min vertroue in die menslike aard om te verander het nie.

Respondente is verder redelik pessimisties oor die stand van sake met betrekking tot die bydrae van Malmesbury–personeel tot die hersiening van die DKD se visie en die personeel se vermoëns om probleme op 'n sistemiese wyse te benader en op te los. Meer as die helfte is of van mening dat daar nie juis 'n bydrae gemaak word of onseker of enige bydrae wel gemaak word of dat interne probleme sistemies benader word nie. In die geval van visieformulering is daar slegs slegs 43,5% van jonger werknemers en 20,5% van hulle meer ervare eweknieë wat daarvan oortuig is dat hulle inrigting wel 'n bydrae lewer tot die hersiening van departementele beleid. Hulle meer ervare kollegas is beduidend meer pessimisties ( $p=.045$ ) en verskil met die stelling.

Wat betref die inrigting se benadering tot probleemoplossing, is daar slegs 'n persentasie van 36,2% van albei groepe wat oortuig is dat afdelings interne probleme sistematies benader en tot voordeel van die hele organisasie oplos. Ervare personeellede (48,8%) is ook in hierdie geval beduidend meer negatief ( $p=.040$ ) as hul jonger medewerkers oor die sistemiese hantering van afdelingsprobleme. Alhoewel 31% van hierdie groep onseker oor die stelling is, is daar egter 'n groep van 43.5% wat meer positief ingestel is en met die stelling saamstem.

**TABEL 7: ERVARING EN WERKPLEKBELEWENIS**

STELLING	RESPONS	5 JAAR EN MINDER	6 JAAR EN MEER	STATISTIEK
1. Wanneer 'n persoon in die gevangenis aangehou word, is die kans goed dat hy/sy nie weer 'n misdad na vrylating sal pleeg nie	Verskil Onseker Stem saam	42.6% 36.1% 21.3%	66.7% 24.4% 8.9%	$X^2 = 6.449$ $P = .040$ Cramer's $V = .247$
2. 'n Gedeelde visie onder korrektiewe beamptes, politici en die gemeenskap skep 'n klimaat geskik vir die rehabilitasie van gevangenes	Verskil Onseker Stem saam	6.7% 15.0% 78.3%	27.3% 15.9% 56.8%	$X^2 = 8.717$ $P = .013$ Cramer's $V = .290$
3. Lede van die DKD Malmesbury dra aktief by tot die formulering en herformulering van die departement se visie	Verskil Onseker Stem saam	37.1% 19.4% 43.5%	50.0% 29.5% 20.5%	$X^2 = 6.184$ $P = .045$ Cramer's $V = .242$
4. Wanneer probleme binne my seksie/afdeling ondersoek word, word na die hele inrigting se werking gekyk	Verskil Onseker Stem saam	25.8% 30.6% 43.5%	48.8% 22.2% 28.9%	$X^2 = 6.093$ $P = .048$ Cramer's $V = .239$
5. Die salarisse wat aan lede van die Departement van Korrektiewe Dienste betaal word is voldoende vir die taak wat hulle verrig	Verskil Onseker Stem saam	50.8% 19.7% 29.55	70.5% 4.5% 25.0%	$X^2 = 6.224$ $P = .044$ Cramer's $V = .244$

### 5.2.6 Opvoedkundige kwalifikasies en werkplekbelevens

Navorsing elders dui daarop dat diensaanvaarding in korrektiewe dienste dikwels gemotiveer is deur die feit dat dit die beste beskikbare en betaalde geleentheid met die beste langtermyn werksekerheid was.

Die personeel van Malmesbury Nuwe Gevangenis is goed geskoold en alle respondente beskik oor ten minste 'n matrieksertifikaat. Daarbenewens beskik 44,8% oor 'n naskoolse kwalifikasie. Uit die resultate in Tabel 8 hiernaas, blyk dit dat gematrikuleerdes en hul hoër geskoolde kollegas oor twee kwessies nl. die rol van die gevangenis in gemeenskapsbeveiliging en die vaardigheid van personeel in die gebruik van tegnologie soos paneelborde saamstem. Alhoewel albei groepe oorwegend ook saamstem oor die vermoë van afdelings om hul sienings van die gevangene konstruktief te ondersoek en te verbeter, is daar egter 'n aansienlike groep gematrikuleerdes wat of verskil (24,1%) of onseker (29,3%). In vergeleke met 635 van hoër geskooldes wat positief geantwoord het, is daar slegs 46,6% van gematrikuleerdes wat positief is. 'n Vlak van beduidenheid van .046 is in hierdie verband geregistreer.

Daar is verder drie sake waar die twee groepe hulle aan opponerende kante bevind. Dit is die kwessie van visiekommunikering in afdelings, effektiewe gebruik van paneelborde en of personeel voldoende opgelei is om 'n menseregte kultuur in die inrigting te vestig. Eerstens is daar in die geledere van die helfte van gematrikuleerdes (50%) wat van mening is dat die departementele visie glad nie deurlopend in afdelings gekommunikeer word nie. Hierdie siening word egter ook deur die helfte van diegene wat oor 'n naskoolse kwalifikasie betwyfel en is daar 'n beduidenheidsvlak van .015 opgemerk. Gematrikuleerdes is daarteenoor ook meer positief (72,4%) oor personeel se vermoë om paneelborde effektief te gebruik in kontras met hulle eweknieë se minder as 40% ( $p=.045$ ). Gematrikuleerdes is egter meer positief (60,9%) as diegene met naskoolse kwalifikasies (31%) oor die bedrewenheid van personeel om 'n menseregte kultuur te vestig (Chi-kwadraat =7.081,  $p= .029$ , Cramers'  $V= .261$ ).

**TABEL 8: OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES EN WERKPLEKBELEWENIS**

STELLING	RESPONS	MATRIEK	NASKOOLSE KWALIFIKASIES	STATISTIEK
1. Die belangrikste rol van die gevangenis is om die gemeenskap te beveilig deur die oortreder op te sluit en veilig te bewaak	Verskil Onseker Stem saam	12.1% 87.9%	34.0% 66.0%	X=7.328 P= .007 Cramers V= .264
2. Die visie van die DKD word deurlopend aan lede van my afdeling gekommunikeer	Verskil Onseker Stem saam	44.6% 5.4% 50.0%	50.0% 21.7% 28.3%	X <sup>2</sup> = 8.441 P =.015 Cramer's V= .288
3. Korrektiewe beamptes in my afdeling kan die nuwe tegnologie soos bv. paneelborde effektief gebruik	Verskil Onseker Stem saam	15.5% 12.1% 72.4%	34.8% 15.2% 50.0%	X <sup>2</sup> = 6.212 P =.045 Cramer's V= .244
4. Lede van my afdeling is instaat om hul sienings van gevangenes op 'n konstruktiewe wyse te bevraagteken	Verskil Onseker Stem saam	24.1% 29.3% 46.6%	6.5% 30.4% 63.0%	X <sup>2</sup> = 6.177 P =.046 Cramer's V= .244
5. Korrektiewe beamptes by Malmesbury Nuwe Gevangenis is voldoende opgelei om 'n menseregte kultuur binne die gevangenis te vestig	Verskil Onseker Stem saam	39.7% 29.3% 31.0%	60.9% 28.3% 10.9%	X <sup>2</sup> = 7.081 P =.029 Cramer's V= .261
6. Alle aktiwiteite van Malmesbury Nuwe Gevangenis is daarop gemik om by te dra tot die skepping van 'n veilige gemeenskap	Verskil Onseker Stem saam	17.2% 12.1% 70.7%	19.1% 31.9% 48.9%	x <sup>2</sup> =6.948 P=.031 Cramer's V= .257
7. Wanneer probleme binne my afdeling/seksie ondersoek word, word na die hele inrigting se werking gekyk	Verskil Onseker Stem saam	41.4% 19.0% 39.7%	21.3% 36.2% 42.6%	x <sup>2</sup> =6.175 P=.046 Cramer's V= .243

### 5.2.7 Afdelingverbintenis en werkplekbelewenis

Die moderne korrektiewe inrigting steun sterk op die gekoördineerde aktiwiteite van 'n multi-dissiplinêre span wat aan die hand van gestruktureerde dag- en vonnisplanne poog om gevonnisdde oortreders te rehabiliteer. Sukses in hierdie verband hang ook af van die vermoë van alle partye om uit hulle professionele verwysingsraamwerke te kan tree, die uitwerking van die gevangenis konteks op die gevangene te verstaan en intervensies daarvolgens te rig (Naudè, 1998).

Wanneer na die tendense in Tabel 9 hiernaas, gelet word is dit duidelik dat daar groot verskille tussen die onderskeie afdelings bestaan m.b.t. die kwessies onder bespreking. Wat veral opvallend is, is die groot mate van negatieweiteit wat onder diegene werksaam in programme en werksinkels t.o.v. verskeie sake heers. Program personeel is byvoorbeeld sterk gekant teen die idee dat rekenaars aan

gevangenes beskikbaar gestel word ( $p=.022$ ) en registreer die sterkste gevoel van verlies aan beheer as gevolg van die gebruik van elektronies-beheerde deure in plaas van sleutels in die werkplek ( $p=.003$ ). Ten spyte van die verklaring van 71,9% van respondente dat die afdeling gekenmerk word deur die konstruktiewe bevragekening van beperkende sienings ( $p=.002$ ), ervaar die meeste persone weinig deurlopende kommunikasie van die departementele visie ( $p=.023$ ) en 'n beperkte mate van ope gesprek en dialoog ( $p=.006$ ). Die enigste sake waaroor hulle werklik positief voel is dat afdeling oor die kundigheid beskik om probleemgedrag te verander en moderne tegnologie in rehabilitasie te gebruik.

In vergelyking met program personeel kom daar nie uitermate groot verskille oor respondente se voor- of afkeure in die geledere van administratiewe en logistieke sowel as bewakingspersoneel voor nie. Baie meer respondente in hierdie groepe kom ook onseker voor oor die kwessies onder bespreking. Die enigste kwessie waaroor logistieke en administratiewe personeel baie sterk voel is die vraag oor verminderde beheer oor die werkplek waar 71,9% eerder sleutels as elektroniese deure verkies. Bewaarders daarteenoor is grootendeels (64,4%) ten gunste van elektroniese deure terwyl slegs 31,1% 'n gevoel van magteloosheid/beheerverlies ervaar. Ander groepe ervaar op hulle beurt 'n beduidende mate van verliesbeheer ( $p=.003$ ). Bewaarders as 'n groep is verder beduidend meer positief ( $p=.000$ ) t.o.v. die voorkoms van deurlopende gesprek en dialoog oor die doeltreffende gebruik van tegnologie in die werkplek.

#### **5.2.8. Slotsom**

Uit bostaande gegewe is dit duidelik dat korrektiewe personeel se belewenis van hulle werkplek en die interaksies daarbinne, sterk deur die meeste demografiese veranderlikes beïnvloed word. Wat verder opvallend is, is die sterk negatiewe sentimente wat veral onder bestuurders en program personeel bespeur is rondom die gevangene, die rol van die gevangenis en rehabilitasie. Hierdie twee groepe is nie net beslissend vir die daarstel van 'n getransformeerde korrektiewe diens wat fundamenteel van sy plaaslike voorgangers verskil nie maar ook vir die vestiging van 'n ware terapeutiese gemeenskap binne inrigtings. Die meeste resultate dui egter daarop dat veel werk nog gedoen behoort te word om bestuurders en personeel te ontwikkel wat midde van die negatiewe openbare sentiment, daarin slaag om hul persoonlike visie te behou en te kan omskep in 'n gedeelde en uiteindelik 'n nasionale visie.

**TABEL 9: AFDELING EN WERKPLEKBELEWENIS**

STELLING	RESPONS	Bewakings- dienste	Admin & Logistiek	Programme/ werkswinkels	STATISTIEK
1. Gevangenes behoort gedurende hulle verblyf in die gevangenes toegang tot moderne kommunikasie soos rekenaars te hê	Verskil Onseker Stem saam	28.9% 15.6% 55.6%	40.6% 18.8% 40.6%	62.5% 18.8% 18.8%	$X^2 = 11.464$ $P = .022$ Cramer's V= .324
2. Die visie van die DKD word deurlopend aan lede van my afdeling gekommunikeer	Verskil Onseker Stem saam	45.5% 9.1% 45.5%	46.9% 6.3% 46.9%	51.6% 29.0% 19.4%	$X^2 = 11.381$ $P = .023$ Cramer's V=.326
3. Lede in my afdeling is instaat om moderne tegnologie vir gevangener rehabilitasie te gebruik	Verskil Onseker Stem saam	48.9% 20.0% 31.1%	18.8% 37.5% 43.8%	9.4% 25.0% 65.6%	$X^2 = 18.929$ $P = .001$ Cramer's V= .417
4. Tegnologie soos bv. rekenaars word saam met persoonlike onderhoude gekombineer om die beste rehabilitasie resultate te verkry	Verskil Onseker Stem saam	48.9% 17.8% 33.3%	18.8% 43.8% 37.5%	28.1% 40.6% 31.3%	$X^2 = 10.600$ $P = .031$ Cramer's V= .312
5. Lede van my afdeling is instaat om hul sienings van gevangenes op 'n konstruktiewe wyse te bevraagteken	Verskil Onseker Stem saam	28.9% 26.7% 44.4%	12.5% 46.9% 40.6%	28.1% 71.9%	$X^2 = 16.686$ $P = .002$ Cramer's V= .391
6. Lede van my afdeling is voldoende opgelei om gevangenes se gedrag suksesvol te verander	Verskil Onseker Stem saam	38.6% 25.0% 36.4%	40.6% 28.1% 31.3%	25.0% 9.4% 65.6%	$X^2 = 9.699$ $P = .046$ Cramer's V= .300
7. Die gebruik van elektronies-beheerde deure in plaas van sleutels ontnem my van beheer oor my werkplek	Verskil Onseker Stem saam	64.4% 4.4% 31.1%	71.9% 12.5% 15.6%	30.3% 12.1% 57.6%	$X^2 = 16.211$ $P = .003$ Cramer's V=.384
8. My afdeling word gekenmerk deur ope bespreking en dialoog binne groepsverband aangaande die noodsaak om tegnologie binne die gevangenis te gebruik	Verskil Onseker Stem saam	26.7% 4.4% 68.9%	19.4% 25.8% 54.8%	25.0% 37.5% 37.5%	$X^2 = 14.407$ $P = .006$ Cramer's V=.365
9. Personeel in my afdeling help mekaar om paneelborde te verstaan en doeltreffend te gebruik	Verskil Onseker Stem saam	26.7% 6.7% 66.7%	15.6% 37.5% 46.9%	33.3% 45.5% 21.2%	$X^2 = 22.601$ $P = .000$ Cramer's V= .453

Vervolgens sal die stand van leerdissiplines onder die personeel van Malmesbury Nuwe Gevangenis aan die hand van bepaalde indekse bespreek word.



### **5.3. Die voorkoms/afwesigheid van leerdissiplines onder Malmesbury personeel**

#### **5.3.1. Leerdissipline indekse**

Tot dusvêr is daar gefokus op die individuele items en hulle verband met die demografiese veranderlikes. 'n Poging is gevolglik aangewend om die groter getal items te reduseer tot 'n klein getal sinvolle indikatore. 'n Logiese stap was om indekse vir die 5 leerdissiplines te skep. Die prosedure vir die skep van die indekse vir elk van die leerdissiplines sal vervolgens verduidelik word.

Die verskillende leerdissiplines is geoperasionaliseer deur onderskeidelik 14, 10, 10,11 en 8 items in die vraelys. Aanvanklik is die Cronbach Alpha-waarde van die verskillende items per leerdissipline bereken. Om die interne konsekwentheid van elkeen van die leerdissiplines te verhoog is sekere items by elkeen weg- of buite rekening gelaat. Elke individuele leerdissipline en die finale aantal items gebruik sal nou kortliks onder loep geneem word.

Persoonlike sienswyses is geoperasionaliseer deur 14 items in die vraelys. Indien die waarde van Cronbach Alpha vir hierdie items bereken word, word 'n waarde van .4343 verkry. Die interne konsekwentheid kan egter verhoog word tot .7521 indien items 1,2,3,4,5,9,12,13 en 14 verwyder word

Die leerdissipline van gedeelde visie is geoperasionaliseer deur 10 items in die vraelys. Soos in die geval van bostaande dissipline, sou die Cronbach Alpha berekening waarby alle items ingesluit is, 'n waarde van .6222 tot gevolg hê. Met die gebruik van slegs items 3,5,6,7 en 8 is die interne konsekwentheid verhoog tot .7469.

Persoonlike bedrewenheid wat die derde leerdissipline verteenwoordig is geoperasionaliseer deur 10 items in die vraelys. Die Cronbach Alpha berekening vir slegs 4 items (4,1,3 en 7) van die totaal het die beste waarde naamlik .7658 tot gevolg gehad.

Spanleer op sy beurt is geoperasionaliseer deur 11 items in die vraelys wat deur die Cronbach Alpha berekening vanaf 'n waarde van .7766 tot .8233 verhoog is toe slegs van items 4,5,6,7,8,10 en 11 gebruik gemaak is.

Ten einde die leerdissipline van sisteemdenke te operasionaliseer is van 8 items in die vraelys gebruik gemaak. Die waarde van hierdie totale aantal items, na die Cronbach Alpha berekening het op .4717 te staan gekom. Met die weglating van die helfte van die items (4,5,7,8) en die gebruik van slegs items 1,2,3 en 6 is die interne konsekwentheid tot .6523 verhoog.

Die eindresultaat van hierdie totale proses word vervolgens in die onderstaande tabel (Tabel 10) aangebied. Uit die onderstaande gegewe is dit duidelik dat die teoretiese maksimum vir elke leerdissipline verskil en hulle het onderskeidelik 5, 5, 4, 7 en 4 items. Dit beteken dus dat gemiddelde waardes op die indekse nie vergelykbaar is nie. Ten einde die probleem van nie-vergelykbaarheid te oorbrug, is die tellings op elke indeks omgesit op 'n skaal van 0 tot 100 en word response dus van negatief tot positief beoordeel. Slegs in die geval van persoonlike sienswyses is daar doelbewus van 'n omgekeerde puntetoekenning ("reverse scoring") gebruik gemaak aangesien die items wat in die vraelys gebruik is hoofsaaklik negatief geformuleer is. 'n Hoë telling op die persoonlike sienswyses-indeks dui dus op 'n hoë graad van negatiewe m.b.t. die kwessies ter sprake. Hoë tellings op die ander leerdissiplines daarteenoor gee weer 'n aanduiding van die mate van positiewe m.b.t die vrae wat ter operasionalisering van die dissipline geformuleer is.

Elkeen van hierdie indekse sal vervolgens aan die hand van bepaalde grafieke bespreek word.

**TABEL 10: INTERNE KONSEKWENTHEID VAN DIE LEERDISCIPLINES**

Leerdissipline	Alle items	Finale indeks	Items weggelaat
Persoonlike Sienswyses	.4343	.7521	1.2.3.4.5.9.12.13.14
Gedeelde visie	.6222	.7469	1,2,4,9,10
Persoonlike bedrewenheid	.6820	.7658	2,5,6,8,9,10
Spanleer	.7766	.8233	1,2,3,9
Sisteemdenke	.4717	.6523	4,5,7,8

### 5.3.2 Persoonlike sienswyses

Soos hierbo aangedui, is van slegs 5 uit die oorspronklike 14 vrae gebruik gemaak om die indeks vir persoonlike sienswyses te skep. Hierdie 5 vrae is onder andere 1.6,1.7,1.8,1.10 en 1.11, wat doelbewus na aanleiding van bevindinge vervat in vorige navorsing, negatief geformuleer is. As sulks toets dit personeel se siening van die moderne gevangenis, gevangenesregte, afskrikingswaarde van die gevangenis, ondermyningspotensiaal van radios binne die inrigting en die kwessie van rehabilitasie versus straf. Ten einde die negatiewe formulering te demonstreer word die verskillende vrae gevolglik hier weergee.


- (i) "Moderne gevangenis is vyfstêr hotelle"
- (ii) "Gevangenes geniet vandag meer regte as wetsgehoorsame burgers".
- (iii) "Moderne gevangenis skrik nie misdadigers af nie".
- (iv) "Die beskikbaarheid van radios in die gevangenis ondermyn die gladde funksionering van die inrigting".
- (v) "Die gevangenis plaas te veel klem op rehabilitasie en te min op die straf van die oortreder"

Sienswyses soos hierdie, gegewe hulle negatiewe aard, is volgens die teorie van die lerende organisasie bepalend vir die mate waartoe 'n organisasie soos die gevangenis daarin sal slaag om wel 'n lerende organisasie te word. Indien hierdie sienswyses nie geopenbaar, ondersoek en verbeter word nie is daar weining kans op sukses.

Uit die onderstaande diagram (Diagram 1) is dit opvallend dat die meerderheid van personeel wat aan die opname deelgeneem het uiters negatief staan teenoor die kwessies soos vervat in bovermelde vrae. Die meerderheid (65 van die 111 respondente) behaal 'n negatiewe persentasietelling van tussen 60 en 100%.

Daarbenewens is daar slegs 'n onbeduidende groep van 5 by wie daar 'n positiewe persentasietelling van omtrent 80% behaal het.. Die oorblywend gedeelte bevind hulle op 'n skaal van tussen 30-60% negatiwiteit.

Die resultate soos hierbo aangedui, gee blyke van 'n organisasie wat nog nie daarin slaag om die beperkende en negatiewe sienswyses wat die vestiging van 'n ware lerende organisasie verhoed, af te skud nie. Personeel is steeds ten gunste van 'n inrigting met 'n straf eerder as rehabilitasie-ingesteldheid. Daarbenewens oorheers gevoelens dat gevangenes meer regte as wetsgehoorsame burgers geniet en dat moderne gevangnisse vyfstêr hotelle is wat nie misdadigers voldoende afskrik nie. Die ideaal van die post-demokratiese Suid Afrika met korrektiewe inrigtings waarin 'n terapeutiese atmosfeer en menseregte kultuur heers is dus nog nie verwesenlik nie.




### 5.3.3. Gedeelde visie

Die leerdissipline van gedeelde visie is oorspronklik geoperasionaliseer met behulp van 10 vrae maar in die skepping van die indeks is slegs van items 2.3, 2.5, 2.6, 2.7, en 2.8 gebruik gemaak. Vrae is grootendeels gepersonaliseer ten einde dit vir respondente moontlik te maak om hulle ware sentiment met betrekking tot die vrae uit te druk.

Daarbenewens het die oorspronklike vrae kwessies soos die formulering en kommunikasie van departementele, persoonlike en nasionale visie gedek. In hoofsaak is deur die gekose vrae gepoog om vas te stel tot watter mate die plaaslike inrigting tot die formulering van die departementele visie bydra, dit in afdelings gekommunikeer, verstaan en bevorder word.

Uit die onderstaande diagram (Diagram 2) blyk dit dat personeel van die Malmesbury Nuwe Gevangenis hoofsaaklik van mening is dat daar nie veel plaaslik gedoen word om by te dra tot die verstaan, kommunikasie, bevordering of herformulering van die visie van die Departementele visie nie en is slegs 'n gemiddelde van 47,5% vir die inrigting aangeteken. Daarbenewens is daar 44 respondente (ingeslote 9 persone met 'n persentasie van tussen 80-90%) by wie 'n persentasie van tussen 60-90% aangeteken is. Gegewe die lae gemiddelde vir die dissipline is dit 'n veilige afleiding om te maak dat veel werk nog gedoen behoort te word om mense se persoonlike visie te omskep tot gedeelde en uiteindelik nasionale visie alvorens die gevangenis lerende organisasie status kan verwerf. Die enkelinge by wie wel hoër vlakke van gedeelde visie waargeneem is, is te min om 'n noemenswaardige verskil in die organisasie te maak




### 5.3.4 Persoonlike bedrewenheid

Soos in die geval van die vorige dissiplines is ook by die samestelling van die persoonlike bedrewenheids-indeks nie van al die items waardeur die dissipline oorspronklik geoperasionaliseer is, gebruik gemaak nie. Die oorspronklike items het aspekte soos persoonlike ontwikkeling, opleiding in die vestiging van 'n menseregte kultuur, tegnologiese vaardigheid ens. gedek. Ten einde die hoogste graad van inherente logiese konsekwentheid vas te stel is vrae 3.2, 3.5, 3.6, 3.8, 3.9 en 3.10 op die vraelys weg gelaat en is slegs van vrae 3.1, 3.3, 3.4 en 3.7 gebruik gemaak.

Hierdie vrae dek spesifiek kwessies soos die mate waartoe personeel aangemoedig word om hulle self te ontwikkel, hul vaardigheid om die gedrag van gevangenes te verander, gebruik van moderne tegnologie in rehabilitasie en die kombinerings van rekenaars en persoonlike onderhoude om die beste rehabilitasieresultate te verkry.


Uit die onderstaande diagram (Diagram 3) blyk dit dat die gemiddelde vlak van bedrewenheid onder korrektiewe personeel slegs 55,9% beloop. Dit beteken dus effektief dat personeel by Malmesbury Nuwe Gevangenis hulself as slegs gedeeltelik bedrewe vir die taak aan hulle toevertrou beskou. Daarbenewens bevind die grootste groep respondente hulself op bedrewenheidsvlakke van tussen 0-65% op die indeks. Slegs 'n klein groepie van 8 respondente dui 'n bedrewenheidsvlak van tussen 75 – 85% aan en beskik hulle dus oor betekenisvolle vaardighede om 'n daadwerklike verskil in die organisasie te maak. 'n Besliste bron van kommer is die feit dat daar binne die organisasie ook 'n groep (16 respondente) of groepe is (of kan wees) wie slegs oor 'n bedrewenheidsvlak van tussen 0-35% beskik. Diesulkes kan dus in wese as heeltemal ongeskik vir hulle taak beskou word. Gegewe die hoë premie wat die moderne gevangenis op personeel plaas om probleemgedrag by gevangenes te verander, hul menswaardigheid te herstel en moderne tegnologie doeltreffend te kan hanteer, is daar weinig waaroor die inrigting onder bespreking huidiglik op trots kan wees. Die strewe na die vestiging van 'n lerende organisasie sal dus noodwendig met 'n intensiewe program van personeelondersteuning en ontwikkeling ter verhoging van persoonlike bedrewenheidsvlakke gepaard moet gaan.



### 5.3.5 Spanleer

Senge (1990) identifiseer die verkryging van gedeelde insigte, kennis, doelwitte en denkwyses van lerende groepe as bepalend vir organisasieleer. Bowenal beskou hy die vaardigheid van spanleer as die proses waardeur die vermoë van spanne in ooreenstemming gebring en ontwikkel word om die gewenste resultate te verkry (Senge, 1990:236). In die ontwikkeling van die spanleer-indeks is van slegs 7 van die 10 ge-operasionaliseerde items op die vraelys gebruik gemaak. Hierdie sewe dek aspekte soos samewerking ter vestiging van 'n menseregte kultuur, leidende rol van toesighouers in die bevordering van leer, die voorkoms van ope bespreking en dialoog binne die inrigting, gesamentlike identifisering van leerstremmings, die moontlikheid om by gevangenes te leer en die stand van gesprekingvoering in afdelings.

Wanneer na die resultate soos gereflekteer in Diagram 4, gelet word blyk dit dat die personeel relatief beter vaar met betrekking tot spanleeraktiwiteit in vergelyking met die ander leerdissiplines. Naas 'n gemiddelde persentasie van 57,3%, beoordeel die meerderheid van respondente die stand van spanleer as tussen 55-95%. In die geleedere van hierdie groep is daar ook 'n beduidende groep (+35) wat 'n persentasietelling van tussen 65- 85% behaal het. Daar is egter ook 23 respondente wat redelik pessimisties oor die stand van sake is en hulle beoordeel die stand van spanleer in die organisasie as tussen 10- 45%. Nieteenstaande die groter mate van positiwiteit oor die voorkoms van spanleer, is dit steeds nie voldoende om 'n lerende organisasie te skep nie. Veel behoort ook nog gedoen te word om 'n rehabilitasie-gedrewe inrigting te skep waar menseregte gerespekteer en bevorder word en die strategiese doelwitte nie net duidelik gesien maar ook kollektief nagestreef word.



### 5.3.6 Sisteemdenke


Soos elders opgemerk, fokus sisteemdenke as 'n bepaalde vaardigheid op die ondersoek en verstaan van die totale omgewing waarin die organisasie funksioneer en is diegene wat daarvoor beskik, instaat om beide die komponente en hul wisselwerking asook die totale funksionering van die organisasie te verstaan. Voorts neem dit as vertrekpunt die siening dat die hele stelsel interafhanklik is en dat enige verandering of aanpassing in een deel van die stelsel, onbeplande gevolge in die res van die stelsel kan hê.

Ten einde die dissipline van sisteemdenke te operasionaliseer, is 8 vrae geformuleer wat vrae insluit oor personeel se kennis van die regering se NMVS, die inrigting se gemeenskapsbetrokkenheid, die invloed van afwesige korrektiewe beamptes op die strafregstelsel, 'n sistemiese benadering tot probleemoplossing en personeel se begrip van die wisselwerking tussen DKD en die gemeenskap asook die vergoeding van personeel. By die skepping van die sisteemdenke-indeks is soos reeds gemeld, slegs van 4 vrae gebruik gemaak nl. vrae nommers 5.1, 5.2, 5.3 en 5.6. Die vrae wat dus die grondslag van hierdie indeks uitmaak is as volg: "Personeel in my afdeling/seksie verstaan die regering se Nasionale Misdadvoorkomingstrategie", "Alle aktiwiteite van Malmesbury Nuwe Gevangenis is daarop gemik om by te dra tot die skepping van 'n veilige gemeenskap", "Personeel in my seksie/afdeling word aangemoedig om betrokke te raak by aktiwiteite van gemeenskapsinisiatiewe om misdad te bekamp" en " Lede van my afdeling/seksie verstaan die wisselwerking tussen die Departement van Korrektiewe Dienste en die gemeenskap".

Wanneer na die indeks (Diagram 5 hieronder) gelet word blyk dit dat personeel van die Malmesbury Nuwe Gevangenis slegs 'n gemiddelde persentasie van 53,6% vir sisteemdenke behaal het. Daarbenewens is daar slegs 34 respondente wat 'n meer respektable persentasietelling van tussen 70-95% behaal het. In hierdie groep is daar opsigself slegs 12 respondente wat meer as 80% op die indeks behaal het. Die meerderheid respondente bevind hulle in die groep met 'n persentasietelling van 60% en minder. Gegewe hierdie resultate, kan die afleiding gemaak word dat die gemiddelde personeellid van die inrigting onder bespreking, nie die gewenste vlak van sisteemdenke wat benodig word om die gladde werking van die strafregstelsel te bewerkstellig, bereik het nie. Die meerderheid blyk steeds 'n hoofsaaklik DKD- of tronkingesteldheid eerder as strafregstelsel ingesteldheid te openbaar. Dit word veral



gemanifesteer in die sterk gevoelens van korrektiewe personeel dat hulle nie voldoende vergoed word nie en die feit dat die grootste gedeelte van die personeel nie die regering se nasionale misdaadvoorkomingstrategie verstaan nie.



#### 5.4. Slotsom

Die Malmesbury Nuwe Gevangenis het ten spyte van sy hoë vlak van tegnologiegebruik nie daarin geslaag het om die leerdissiplines wat as grondslag vir die vestiging van 'n lerende organisasie dien, te ontwikkel nie. Dit is verder ook duidelik dat die vaardigheidsvlakke van personeel ernstig tekort skiet en dat die organisasie in die huidige tydsgewrig beswaarlik die gewenste resultate uit sy tegnologieprogram gaan verkry. Die verkryging van die korrekte tegnologie-mense koppelvlak soos uitgewys deur Pistorius (1996), is dus nog steeds die grootste uitdaging vir die plaaslike instelling en korrektiewe beleidmakers.

In die volgende hoofstuk word die bevindinge van die opname wat met behulp van 'n gestruktureerde vraelys vir gevangenes verkry is, bespreek.

## HOOFSTUK 6: NAVORSINGSRESULTATE: GEVANGENES SE BELEWENIS VAN DIE TEGNOLOGIESE GEVANGENIS

---

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die opname wat met behulp van 'n meerveranderlike en gestruktureerde vraelys vir gevangenes verkry is bespreek. Soos in die geval met die ledevraelys is ook van SPSS gebruik gemaak om verkrée data te ontleed en gevangenes se houding met betrekking tot waarnemings- en dissiplinêre tegnologie (telesiekameras, telefone, elektroniese deure en hekke, elektroniese monitering) en rehabilitasie- en leertegnologie (radio, televisie, rekenaars en internet) soos gebruik binne en buite inrigtings vas te stel.


### 6.1 Demografiese oorsig

Die gerealiseerde steekproef bestaan uit 227 gevonnise volwasse manlike maksimum (73,1%) en medium (26,9%) oortreders bo die ouderdom van 21 jaar. Die meerderheid geniet die maksimum voorregte as A- voorregte groep (87,6%) terwyl die res verminderde voorregte as B- groep (10,7%) of die minimum voorregte as deel van C- voorregte groep (1,8%) geniet. Meer as die helfte (68%) het Afrikaans as huistaal, gevolg deur Engels (18%) en die Nguni- tale (Xhosa, Zoeloe e.a.) (14%). Voorts beskik die meeste (34,4%) respondente oor 'n graad 12 (St.10) of hoër kwalifikasie. Diegene wie die laagste gekwalifiseerd is, naamlik laer as St.5/ ABET vlak 3, verteenwoordig 20% van die ondersoekgroep gevolg deur 24,2% op ten minste St.6/7 of ABET vlak 4 en Graad 10 en 11 op 'n totaal van 21,4%.


Dit blyk verder dat die studiegroep merendeels uit eerste oortreders (57,5%) bestaan en dat herhaalde oortreders 'n totaal van 42,5% verteenwoordig. Wat betref vonnislengte blyk dit dat die meerderheid (86,6%) respondente vonnisse van meer as 10 jaar uitdien. In die geledere van langtermyn gevangenes maak diegene met vonnisse van tussen 11-15 jaar die meerderheid (38,6%) uit. Slegs 'n klein groepie (13,5%) is tans besig om 'n vonnis van 5 jaar en minder uit te dien. Die grootste enkele misdadgroep (35,5%) dien 'n vonnis vir moord uit terwyl die res vir 'n verskeidenheid ander misdade gevonnise is (Diagram 1). Dit blyk verder dat die meeste respondente op die een of ander stadium by een van die groter gevangnisse in die Weskaap provinsie, teweete Pollsmoor (49%), Drakenstein (34,7%), Brandvlei (31,2%) of Helderstroom (19,3%) (Tabel 1) aangehou was. Daarbenewens het die meeste voor hulle koms na Malmesbury Nuwe Gevangenis, ook by van die ander kleiner

gevangenis in die Weskaap of by inrigtings in ander provinsies aangedoen en beskik hulle dan oor ervaring van meer as een inrigting se aanhoudingsregime.

**FIGUUR 2: MISDAADTIPES**



**FIGUUR 3: AANHOUDINGSGESKIEDENIS**



Vervolgens sal die verband tussen die verskillende demografiese veranderlikes en gevangenes se houdings t.o.v. bepaalde tegnologie binne die inrigting, verder ontleed word. Vir die doeleindes van hierdie bespreking en die gepaardgaande kruistabulasies,

is die statisties beduidende resultate van slegs 5 van die oorspronklike 10 veranderlikes gebruik. Hierdie veranderlikes is onder meer ouderdom, hoogste opvoedkundige kwalifikasie, vonnislengte, misdadertipe, vonnisgeskiedenis en inrigtings van vorige aanhouding. Veranderlikes soos geslag, ouderdom, huistaal, voorregtegroep en klassifikasie is nie in berekening gebring nie. Vervolgens sal eerstens 'n brëe oorsig van die bevindinge gegee word en laastens sal die statisties-beduidende resultate bespreek word.

## **6.2 Oorsig van bevindinge**

Die gevangenis neem totale beheer van die gevonnisdere oortreders se lewe na opname in die inrigting. Assulks is die inrigting dus verantwoordelik vir beide die veilige aanhouding, rehabilitasie en uiteindelik suksesvolle herintegrasie van die aangehoudene in die samelewing. Die meeste respondente, ongeag persoonlike geskiedenis, verkies eerder om hul vonnis binne die gemeenskap m.b.v. 'n elektroniese enkel- of armband wat die gevonnisdere se bewegings moniteer, as om dit agter tralies uit te dien. In gevalle waar gevangesetting onafwendbaar is, is dit die verwagting van die oorgrote meerderheid (85.3%) dat die gevangenis hulle veiligheid vir die duur van hulle gevangenisstraf behoort te verseker. Hulle is verder ook van mening dat die gevangenis kontak tussen die aangehoudene en die familie as 'n reg eerder as voorreg (65.6%), behoort te bevorder. Hierdie kontak moet egter nie tot briefwisseling beperk word nie. Ironies genoeg is daar groot verdeeldheid onder respondente oor die toelating van sellulêre fone tot die gevangenis. Daar is verder ook groot steun onder die studiegroep vir deurlopende kontak met die buitewêreld m.b.v. radio, televisie en die internet. 'n Groot groep verkies ook dat televisiestelle op 'n permanente basis in selle geplaas word. Die weiering van toegang hiertoe as 'n strafmaatregel word gevolglik nie ondersteun nie.

In ooreenstemming met die veiligheidsverwagting van die meerderheid, is daar brëe konsensus oor die noodsaak om verskillende groepe gevangenes m.b.v. elektroniese deure en hekke te skei. Daar is egter twyfel of hierdie tipe skeiding, gesteun deur deurlopende video-monitering, die beste meganismes is om algemene orde binne die inrigting te verseker en 'n omgewing bevorderlik vir rehabilitasie te skep. Respondente het verder geen groot beswaar teen die deurlopende monitering van die inrigting m.b.v. televisiekameras nie. Die meeste is verder oortuig daarvan dat deurlopende monitering nie 'n skending van menseregte teweegbring nie. Hulle verwagting is dat die noodsaak

aan veiligheid met 'n mate van privaatheid gebalanseer word. Gevolglik word die installering van televisiekameras binne selle nie gesteun nie. Daar word egter aanvaar dat daar nie algehele privaatheid vir die gevangene of gemoniteerde geparoleerde kan wees nie.

Respondente is grotendeels positief m.b.t. die aanhoudingsomstandighede van die moderne gevangenis a.g.v. die vervanging van selle met tralies deur selle met elektroniesbeheerde deure. Hierdie tipe seldeur is vanwêe sy geruislose werking baie minder steurend en dra daartoe by dat selblokke meer huislik en selle meer van 'n leefruimte as die tradisionele "traliehokke" is.

Gevangenes is voorts sterk ondersteuners van die idee dat die gevangenis ook 'n besliste rol by hul rehabilitasie tot produktiewe burgers behoort te speel. Hulle is gevolglik gekant teen enige poging om hulle van opleidingsgeleenthede te ontsê. Rekenaarstudie is bv. geïdentifiseer as een van die gebiede waarin 'n groot behoefte vir opleiding bestaan. Die oorgrote meerderheid (+90%) respondente ondersteun gevolglik die vestiging van rekenaarsentrums binne die gevangenis en die verskaffing van gratis opleiding aangesien rekenaargeletterdheid as 'n voorvereiste vir suksesvolle funksionering in die moderne samelewing beskou word.

Vervolgens sal die invloed van geselekteerde demografiese veranderlikes op gevangenis se gesindheid teenoor waarnemings- en dissiplinêre asook rehabilitasie- en leertegnologie bespreek word.

### **6.3 Gevangenes se gesindheid t.o.v. waarnemings- en dissiplinêre en rehabilitasie- en leertegnologie**

In hierdie gedeelte sal hoofsaaklik na die vyf veranderlikes gekyk word wat 'n statisties beduidende verband geregistreer het. Voorts sal die spesifieke vlak van beduidenheid eerder as slegs die konvensionele beduidenheid op die 0.05, 0.01 en 0.001 vlakke gerapporteer word. Uit daardie items wat wel statisties beduidende resultate gelewer het sal enkeles spesiale aandag kry.

Die persentasieverspreiding asook die vlakke van statistiese beduidendheid van die verskillende veranderlikes en respondente se gesindheid ten opsigte van

waarnemings- en dissiplinerings-tegnologie (televisiekameras en elektroniese deure ens.) en rehabilitasie- en leertegnologie (radio's, radio-kassetspelers, televisie en rekenaars) word in Tabelle 10 - 15 weergegee.

Tabel 10 som die response van die verskillende ouderdomsgroepe op, Tabel 2 die gesindheid van groepe per vorige inrigting van aanhouding, Tabel 3 die houdings van onderskeidelik eerste en tweede oortreders, Tabel 4 verskillende akademiese groeperings en Tabel 5 die verskillende groepe per vonnislengte. As gevolg van die gedetailleerde aard van hierdie tabelle, word hulle eerste geplaas. Die verdere bespreking van statistiese beduidende resultate volg daarna. In hierdie verband word die spesifieke vlak van beduidenheid soos vergestalt in die verskillende tabelle soos hierbo genoem eerder as slegs die konvensionele .05, .01 en .001 weergee.

**TABEL 11 : OUDERDOMSVERSKILLE T.O.V. GEVANGENISTEGNOLOGIE**

STELLING	RESPONS	OUDERDOM 21-30 JAAR	OUDERDOM 31+ JAAR	STATISTIEK
1. Die gevangenis het die verantwoordelikheid om elke gevangene se veiligheid te verseker	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	5.6% 2.45 91.9%	21.3%  78.7%	$\chi^2= 13.905$ P= .001 Cramers V= .253
2. Televisiekameras behoort ook binne selle aangebring word	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	22.7% 19.3% 58.0%	42.0% 5.7% 52.3%	$\chi^2= 13.392$ P= .001 Cramers V= .254
3. Enige vorm van kontak met familie moet deur die gevangenis bevorder word	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	5.8% 10.7% 83.5%	4.4% 1.1% 94.5%	$\chi^2= 8.227$ P= .016 Cramers V= .197
4. Telefoonkontak bevorder die rehabilitasie proses	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	10.0% 8.3% 81.1%	10.9%  89.1%	$\chi^2= 8.046$ P= .018 Cramers V= .195
5. Elektroniese deure skakel geraas uit en maak die wooneenheid meer huislik	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	12.5% 8.3% 79.2%	8.7% 1.1% 90.2%	$\chi^2= 6.722$ P= .035 Cramers V= .178
6. Die aanhou van radio's en radio-kassetspelers ondermyn die goeie orde	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	64.5% 7.4% 28.1%	71.0% 14.0% 15.1%	$\chi^2= 6.508$ P= .039 Cramers V= .174
7. Radioprogramme is 'n belangrike hulpmiddel tot rehabilitasie	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	3.3% 5.8% 90.9%	5.3%  94.7%	$\chi^2= 6.069$ P= .048 Cramers V= .168
8. Televisie moet slegs vir belangrike nasionale gebeure waarby Suid Afrika betrokke is beskikbaar gestel word	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	29.4% 21.8% 48.7%	26.3% 9.5% 64.2%	$\chi^2= 7.401$ P= .025 Cramers V= .186
9. Die weiering van televisie word dikwels by hierdie gevangenis as 'n strafmaatregel gebruik	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	31.4% 8.3% 60.3%	48.9% 10.6% 40.4%	$\chi^2= 8.542$ p= .014 Cramers V= .199
10. Gevangenes moet tydens hulle vonnistrydperk gratis rekenaaropleiding ontvang	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	1.7% 5.8% 92.6%	6.2%  93.8%	$\chi^2= 8.635$ P= .013 Cramers V= .199

**TABEL 12: VORIGE AANHOUDINGSINRICHTING / GEVANGENISTEGNOLOGIE**

STELLING	Resposns	Pollsmoor	Brandvlei	Drakenstein	Helderstroom	Statistiek
1. Ek voel ongemaklik met televisiekameras wat al my bewegings dophou	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	76.6% 8.5% 14.9%				$\chi^2= 7.686$ $p= .021$ Cramers V= .201
2. Dit is beter dat daar minder privaatheid en groter veiligheid binne die gevangenis is	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	38.3% 23.4% 38.3%				$\chi^2= 7.199$ $p= .027$ Cramers V= .193
3.Video-monitering van die gevangenis help om 'n ordelike omgewing vir rehabilitasie teskep	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM				81.1% 18.8%	$\chi^2= 11.473$ $p= .003$ Cramers V= .246
4. Televisiekameras moet slegs buite selle aangebring word	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	8.6% 8.6% 82.8%				$\chi^2= 6.400$ $p= .041$ Cramers V= .185
5.Gevangenes moet slegs toegelaat word om per brief met hulle families te kommunikeer	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	87.6% 5.2% 7.2%	77.0% 14.8% 8.2%			$\chi^2=7.153$ $p= .028$ Cramers V= .194
6.Telefoniese kontak met familie is 'n voorreg eerder as 'n reg	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	65.6% 3.1% 31.3%				$\chi^2= 7.356$ $p= .025$ CramersV= .196
7. Gevangenes met medium en maksimum klassifikasie moet van mekaar geskei word	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM		32.8% 3.3% 63.9%			$\chi^2= 6.989$ $p= .030$ Cramers V= .190
8.Die skeiding van die verskillende groepe m.b.v. elektroniese hekke en deure help om orde binne die gevangenis te bring	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	13.4% 15.5% 71.1%		29.9% 10.4% 59.7%		$\chi^2= 11.464$ $p= .003$ Cramers V= .242
9. Elektroniese deure skakel geraas uit en maak die wooneenheid meer huislik	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	14.9% 8.5% 76.6%				$\chi^2= 7.188$ $p= .027$ Cramers V= .193
10. Ek sou verkies om my straf buite die gevangenis uit te dien m.b.v. 'n elektroniese arm- of enkelband wat my monitor	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM		3.2% 1.6% 95.2%			$\chi^2= 7.023$ $p= .030$ Cramers V= .188
11.Die aanhou van radios en radio-kassetspelers ondermyn die goeie orde in die inrigting	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM		69.5% 18.6% 11.9%			$\chi^2= 6.298$ $p= .043$ CramersV= .180
12. Gevangenes moet tydens hulle vonnistryperk gratis rekenaaropleiding ontvang	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM		8.1% 91.9%			$\chi^2= 10.276$ $p= .006$ Cramers V= .228
13. Rekenaars moet glad nie in die gevangenis toegelaat word nie	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM		83.9% 16.1%			$\chi^2= 9.340$ $p= .009$ CramersV= .221
14. Gevangenes is misdadigers wat nie enige opleidingsgeleenthede moet kry nie	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM		80.6% 17.7% 1.6%			$\chi^2= 7.945$ $p= .019$ Cramers V= .202

**TABEL 13: VONNISGESKIEDENIS EN GEVANGENISTEGNOLOGIE**

STELLING	RESPONS	EERSTE OORTREDER	TWEEDE OORTREDER	STATISTIEK
1. Om 'n radio tydens gevangenisskap te hê is 'n voorreg en nie 'n reg	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	41.7% 11.0% 47.2%	27.8% 3.3% 68.9%	$\chi^2= 11.219$ P= .004 Cramers V= .227
2. Die aanhou van radio's en radio-kassetspelers ondermyn die goeie orde in die inrigting	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	66.6% 6.3% 27.0%	67.0% 15.4% 17.6%	$\chi^2=6.283$ P= .043 Cramers V= .170
3. Die konstante monitering deur televisiekameras is 'n growwe skending van my menseregte	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	47.6% 16.7% 35.7%	42.7% 32.9% 24.4%	$\chi^2= 7.994$ P= .018 Cramers V= .196
4. Gevangenes moet toegelaat word om hulle eie selfone te hê	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	37.2% 12.4% 50.4%	37.8% 28.9% 33.3%	$\chi^2= 11.072$ P= .004 Cramers V= .225
5. Ek sou verkies om my straf buite die gevangenis uit te dien met 'n elektroniese arm- of enkelband wat my bewegings monitor	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	4.7% 5.4% 89.9%	15.1% 8.6% 76.3%	$\chi^2= 8.481$ P= .014 Cramers V= .195
6. Monitering van gevangenes in die gemeenskap maak steeds 'n inbreuk op die geparoleerde se reg op privaatheid	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	43.3% 14.2% 42.5%	49.4% 24.7% 25.8%	$\chi^2= 7.654$ P= .022 Cramers V= .188
7. Gevangenes moet tydens hulle vonnistydperk gratis rekenaaropleiding ontvang	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	2.4% .8% 96.9%	5.3% 6.4% 88.3%	$\chi^2= 7.068$ P= .029 Cramers V= .179
8. Gevangenes moet toegelaat word om vir enige rekenaarkursus in te skryf	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	1.6% 2.4% 96.1%	6.4% 7.4% 86.2%	$\chi^2= 7.112$ P= .029 Cramers V= .179
9. Gevangenes moet toegelaat word om vrylik van die Internet gebruik te maak vir studiedoeleindes	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	8.6% 13.3% 78.1%	18.1% 19.1% 62.8%	$\chi^2= 6.840$ p= .033 Cramers V= .176



**TABEL 14: OPVOEDKUNDIGE AGTERGROND/ GEVANGENISTEGNOLOGIE**

STELLING	RESPONS	LAER AS ST.5 / ABET 3	ST.6/7 / ABET 4	ST.8/9/ GRAAD 10/11	ST.10/GRAAD 12 / OF Hoër	STATISTIEK
1. Ek voel ongemaklik met die televisiekameras wat al my bewegings dop hou	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	47.2% 22.2% 30.6%	69.4% 2.0% 28.6%	72.7% 4.5% 22.75	70.3% 8.1% 21.6%	$\chi^2= 14.972$ P= .020 Cramers V= .192
2. Gevangenes moet toegelaat word om hul eie selfone te hê	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	28.25 30.8% 41.0%	48.1% 15.4% 36.5%	55.6% 20.0% 24.4%	24.7% 15.1% 60.3%	$\chi^2= 22.476$ P= .001 Cramers V= .232
3. Elektroniese deure maak van selle afgeslote hokke eerder as leefruimtes	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	25.7% 40.0% 34.3%	64.7% 7.8% 27.5%	48.8% 27.9% 23.3%	61.1% 16.7% 22.2%	$\chi^2= 20.626$ P= .002 Cramers V= .227
4. Ek verkies selle met traliehekke eerder as met elektroniese deure	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	46.2% 30.8% 23.1%	73.1% 13.5% 13.5%	64.4% 17.8% 17.8%	76.7% 8.2% 15.1%	$\chi^2= 13.757$ P= .032 Cramers V= .181
5. Ek sou verkies om my straf buite die gevangenis uit te dien met 'n elektroniese arm- of enkelband wat my bewegings monitor	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	22.0% 7.3% 70.7%	7.7% 9.6% 82.7%	10.9% 4.3% 84.8%	2.7% 5.5% 91.8%	$\chi^2= 13.185$ P= .040 Cramers V= .176
6. Gevangenes moet toegelaat word om 'n radio-kassetpeler in hul selle te hê	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	12.2% 4.9% 82.9%	1.9% 3.8% 94.2%	4.5%  95.5%	1.4%  98.6%	$\chi^2= 14.266$ P= .027 Cramers V= .185
7. Die aanhou van radio's en radio-kassetspelers ondermyn die goeie orde binne die inrigting	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	48.8% 24.4% 26.8%	61.5% 7.7% 30.8%	67.4% 7.0% 25.6%	80.3% 7.0% 12.7%	$\chi^2= 18.376$ P= .005 Cramers V= .211
8. Radioprogramme is 'n belangrike hulpmiddel tot rehabilitasie	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	17.1% 7.3% 75.6%	1.9% 3.8% 94.2%	2.3% 4.5% 93.2%	100%	$\chi^2= 26.016$ P= .000 Cramers V= .249
9. Televisiestelle behoort op 'n permanente basis in selle geplaas te word	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	48.7% 15.4% 35.9%	59.6% 11.5% 28.8%	65.1% 7.0% 27.9%	81.9% 4.2% 13.9%	$\chi^2= 15.046$ P= .020 Cramers V= .191
10. Die weiering van televisie word dikwels by hierdie gevangenis as strafmaatrêel gebruik	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	29.3% 7.3% 63.4%	32.7% 7.7% 59.6%	37.2% 2.3% 60.5%	48.6% 13.9% 37.5%	$\chi^2= 12.702$ P= .048 Cramers V= .175
11. Gevangenes moet tydens hulle vonnisdperk gratis rekenaaropleiding ontvang	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	12.2% 4.9% 82.9%	1.9% 5.8% 92.3%	2.2%  97.8%	1.4% 2.8% 95.8%	$\chi^2= 12.989$ P= .043 Cramers V= .175
12. Rekenaarsentums moet in elke gevangenis gevestig word	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	7.9% 7.9% 84.2%	3.9% 5.9% 90.2%	2.2% 2.2% 95.7%	1.4% 4.2% 94.4%	$\chi^2= 5.352$ P= .500 Cramers V= .114
13. Rekenaars moet glad nie in gevangenisse toegelaat word nie	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	75.7% 21.6% 2.7%	92.2% 3.9% 3.9%	95.6% 2.2% 2.2%	90.4% 6.8% 2.7%	$\chi^2= 13.263$ P= .039 Cramers V= .179
14. Rekenaargeletterdheid is vandag 'n voorvereiste vir suksesvolle funksionering in die samelewing	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	12.2% 7.3% 80.5%	1.9% 3.8% 94.2%	4.4%  95.6%	4.1%  95.9%	$\chi^2= 14.797$ P= .022 Cramers V= .187

**TABEL 15: VONNISLENGTE EN GEVANGENISTEGNOLOGIE**

STELLING	RESPONS	10 of minder jare	11 of meer jare	STATISTIEK
1. Gevangenes met medium en maksimum klassifikasie moet van mekaar geskei word	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	15.9% 8.0% 76.1%	30.5% 10.2% 59.4%	$\chi^2 = 6.991$ P = .030 Cramers V = .180
2. Die skeiding van verskillende groepe m.b.v. elektroniese deure en hekke help om orde binne die gevangenis te bring	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	10.2% 6.8% 83.0%	17.9% 9.2% 66.2%	$\chi^2 = 7.767$ P = .021 Cramers V = .189
3. Ek sou verkies om my straf buite die gevangenis uit te dien met 'n elektroniese arm- of enkelband wat my bewegings monitor	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	14.6% 3.4% 82.0%	4.6% 9.2% 86.2%	$\chi^2 = 8.834$ P = .012 Cramers V = .201
4. Die weiering van televisie word dikwels by hierdie gevangenis as 'n strafmaatrêel gebruik	VERSKIL ONSEKER STEM SAAM	46.6% 4.5% 48.9%	33.9% 13.4% 52.8%	$\chi^2 = 6.470$ P = .039 Cramers V = .173

In die volgende gedeelte sal die invloed van geselekteerde demografiese veranderlikes op gevangenes se gesindheid teenoor bepaalde waarnemings- en dissiplinerings-tegnologie onder loep geneem word.

### **6.3.1 Gevangenes se gesindheid t.o.v. deurlopende monitering m.b.v. televisiekameras**

Uit die inligting vervat in Tabel 6 hieronder is dit duidelik dat gemiddeld 55% gevangenes, ongeag ouderdom of vorige aanhoudingsgeskiedenis, verkies om nie in selle waarin televisiekameras geïnstalleer is aangehou te word nie. Voormalige Pollsmoor-gevangenis is veral sterk hierteen gekant. Daar is egter ook 'n beduidende verskil ( $p = .001$ ) tussen die twee ouderdomsgroepe met betrekking tot die plasing van televisiekameras. Gevangenes ouer as 30 jaar (42%) ondersteun die gedagte dat televisiekameras alle gebiede van die inrigting, ingeslote binne selle, moet dek. 'n Ewe beduidende verskil ( $p = .041$ ), m.b.t. hierdie saak is ook te bespeur tussen diegene wat voorheen by gevangenis anders as Pollsmoor aangehou was. Oud-Pollsmoor gevangenes is ook sterk oortuig van die waarde van video-monitering vir die vestiging van 'n ordelike rehabilitasie-omgewing binne die inrigting en hulle toon ook die minste ongemak met deurlopende monitering. Beduidendheidsvlakke van onderskeidelik .003 en .021 is in hierdie verband aangeteken. Gegewe hierdie tendense blyk dit dat

aanhoudingsgeskiedenis 'n nuttige indikator van gevangenes se houding m.b.t. waarnemingstechnologie blyk te wees.

Diegene moet opvoedkundige kwalifikasies hoër as St.6/7 (ABET vlak 4) toon die minste ongemak met deurlopende monitering in vergelyking met hulle laer geskoolde eweknieë. Onder laasgenoemde groep is daar meer as die helfte (52%) wat deurlopende monitering as indringend beleef of onseker daarvoor is en is 'n beduidende verskil ( $p=.020$ ) tussen hierdie groepe opgemerk.

Wat vonnisgeskiedenis betref blyk dit dat daar 'n beduidende verskil tussen eerste en herhaalde oortreders aangaande die vraag of individue se reg op privaatheid deur deurlopende monitering geskend word. 'n Beduidende verskil ( $p=.018$ ) is tussen die groepe gevind t.o.v. deurlopende monitering (Tabel 3). Daar is veral onder herhaalde oortreders 'n sterk gevoel dat hul menseregte geskend word. Alhoewel eerste oortreders ewe ongemaklik daarmee is en dit ewe negatief (35.7%) beleef is daar terselfdertyd 'n groter gemak met monitering onder 47.6% van respondente in die groep. Daar is verder slegs 16.7% in hierdie groep wat onseker oor die kwessie is in vergelyking met die 32.9% onsekeres in die groep van herhaalde oortreders.

**TABEL 16: TELEVISIEKAMERAS BEHOORT OOK BINNE SELLE AANGEBRING WORD / TELEVISIEKAMERAS MOET SLEGS BUITE SELLE AANGEBRING WORD**

Stelling	Respons	Ouderdom 23- 30jr	Ouderdom 30+ jr	Vorige inrigting van aanhouding Pollsmoor	Vorige inrigting van aanhouding Ander	Vlak van beduidenheid P=
1. Televisiekameras behoort ook binne selle aangebring te word	Verskil Onseker Stem saam	22.7% 19.35 58.0%	42.0% 5.75 52.3%			.001
2. Televisiekameras moet slegs buite selle aangebring word	Verskil Onseker Stem saam			8.6% 8.6% 82.8%	58.3% 11.55 30.2%	.041

### 6.3.2 Die monitering van telefoonkommunikasie

Telefoniese kommunikasie is naas briefwisseling en persoonlike kontak die belangrikste vorm van kommunikasie tussen die gevonnisdde gevangene in aanhouding en sy familie. Assulks maak dit 'n belangrike deel van die rehabilitasieproses uit en

word hierdie sentiment gesteun deur meer as 80% van respondente vanuit albei ouderdomsgroepe. Die enigste beduidende verskil ( $p=.018$ ) in hierdie verband is te vinde in die groter onsekerheid (8.3%) wat in die geledere van die ouderdomsgroep 23-30 jaar voor kom.. Oud-Pollsmoor gevangenes onderskei hulself weereens as die groep wat die sterkste voel oor toegang tot telefone as 'n reg eerder as 'n voorreg. In hierdie verband is daar 'n beduidende verskil ( $p=.025$ ) tussen hierdie groep en diegene wat elders aangehou was.

Die toenemende gewildheid van selfoontechnologie het ook op die gevangenis 'n uitwerking en gevangenes is gevra om hulle mening uit te spreek oor die kwessie of hulle toegelaat moet word om 'n persoonlike selfoon te dra. Anders as wat algemeen verwag is, is daar groot verdeeldheid onder respondente oor hierdie kwessie. Slegs in die geledere van eerste oortreders en diegene met 'n matriek of hoër kwalifikasie is daar tussen 50%-60% steun vir die dra van selfone binne korrektiewe inrigtings. In die geval van tweede oortreders steun slegs 33% die idee terwyl 37.8% daarteen gekant is en 28.9% onseker oor die saak is. Dieselfde mate van teenkanting (37.2%) is ook aanwesig in die geledere van eerste oortreders en is 'n beduidende verskil ( $p=.004$ ) tussen die twee groepe aangeteken. Die grootste teenkanting onder die verskillende akademiese groeperings is te vinde onder diegene met kwalifikasies tussen ST.6 -9 /ABET vlak 4- Graad 11. Terselfdertyd is die kleinste mate van weerstand in die geledere van diegene met Graad 12 of hoër te bespeur en is 'n statistiese beduidenheid van .001 tussen die verskillende groepe aangeteken.

### **6.3.3 Beheer d.m.v. elektroniese deure en hekke**

Die skeiding van die gevangenisbevolking in meer hanteerbare groepe m.b.v 'n medium of maksimum klassifikasie word in die moderne gevangenis ondersteun deur die teenwoordigheid van elektronies-beheerde deure en hekke. Alhoewel die meerderheid van respondente met die praktyk saamstem, is daar groot meningsverskil m.b.t. sekere elemente geassosieër met die gebruik van elektroniese hekke en deure. Gevangenes wat voorheen by Drakenstein aangehou was sowel as diegene wat 'n tydperk by Pollsmoor deurgebring het is van mening dat die gebruik van elektroniesbeheerde deure en hekke help om orde binne die gevangenis te bring (Tabel 2). Daar is egter 'n beduidende verskil ( $p=.003$ ) tussen oud-Drakensteiners en diegene wat by Pollsmoor en ander inrigtings aangehou was. Oud-Pollsmoor gevangenes verskil ook beduidend ( $p=.031$ ) van hul eweknieë wat elders aangehou

was. Dit blyk verder dat daar ook beduidende verskille ( $p=.021$ ) oor hierdie saak tussen lang en kortermyn gevangenes (Tabel 5) bestaan. Die oorgrote meerderheid (83%) van diegene met 'n vonnis van minder as 10 jaar teenoor slegs 66,2% van diegene met 'n langer vonnis ondersteun die stelling.

Ten spyte van die erkenning wat daar bestaan vir die waarde van elektroniese deure en hekke as 'n veiligheidsmaatrêel en instrument om orde te verseker, is daar beduidende verskille ( $p=.032$ ) onder die verskillende opvoedkundige kategoriëe (Tabel 4) oor die gebruik daarvan by selle. Die meerderheid (76.7%) van diegene met 'n Graad 12 of hoër kwalifikasie verkies elektroniese seldeure eerder as traliehekkie. Daarteenoor is daar slegs 46.2% van diegene met kwalifikasies laer as St.5/ Graad 7/ABET vlak 3 wat hierdie sentiment deel. 'n Aansienlike aantal van laags geskooldes (30.8%) in vergelyking met hul hoër geskoolde ewekniëe, is onseker terwyl slegs 23.1% van hierdie groep tradisionele traliehekke verkies. Daar is verder ook 'n beduidende verskil ( $p=.002$ ) tussen diegene in die hoër opvoedkundige kategoriëe (St. 6/7/Abet vlak 4 – Graad 12/ Hoër) en diegene op die laagste vlakke rondom die effek van elektroniese hekke op die sel as leef en aanhoudingsruimte.

Die meerderheid van hoër geskoolde gevangenes beleef selle met elektroniese deure nie as aanhoudingsshokke nie. In hierdie verband is diegene met St.6/7 en ekwivalente kwalifikasies (64.7%) veral prominent en staan hulle die meeste positief teenoor die moderne aanhoudingsel. Daarteenoor is daar 34,3% van laagsgeskoolde gevangenes wat moderne gevangenisstelle as 'n hok eerder as leefruimte ervaar. Terselfdertyd is daar 40% van hierdie groep wat totaal onseker is oor die aangeleentheid en slegs 25.7% wat positief oor die saak onder bespreking is.

#### **6.3.4 Elektroniese monitering binne die gemeenskap m.b.v. enkel- en armbande**

Die oorgrote meerderheid respondente, ongeag agtergrondsgeskiedenis, is voorstanders van gemeenskapstraf en die monitering van gearoleerdes en diegene onder gemeenskapskorreksies met behulp van elektroniese arm- of enkelbande. Daar is egter beduidende verskille te bespeur tussen die verskillende groepe se sienings daarvan. In vergeleke met gevangenes wat voorheen elders anders aangehou was, is oud-Brandvleiers beduidend meer ten gunste ( $p=.030$ ) van hierdie vorm van straf en monitering (Tabel 2). Dieselfde mate van steun is ook sigbaar onder beide eerste en herhaalde oortreders alhoewel daar onder eerste oortreders beduidend ( $p=.014$ ) meer

is wat hierdie strafopsie verkies. Heelwat meer herhaalde oortreders (15.1%) as eerste oortreders (4.7%) is ten gunste van gevangesetting eerder as gemeenskapstraf gekombineer met elektroniese monitering (Tabel 3). Voorts is gevangenes wat oor 'n skoolleidendertifikaat of 'n hoër kwalifikasie beskik, beduidend meer ( $p=.040$ ) ten gunste van die strafopsie onder bespreking as hul laer geskoolde eweknieë. Diegene op die laagste vlak van geskooldheid is ewe positief (70.7%) alhoewel in hulle geledere veel meer persone voorkom wat 'n ander strafopsie verkies en dus verskil (22.0%) of onseker (7.3%) oor die saak is (Tabel 4).

Die oorgrote meerderheid (86.2%) van langtermyn gevangenes met 'n vonnislengte van meer as 10 jaar, is beduidend ( $p=.012$ ) meer ten gunste van die nuwe strafopsie wat deur moderne tegnologie gebied word as diegene met korter strawwe. Diegene met 'n korter vonnislengte is ewe ten gunste daarvan alhoewel daar 'n beduidende groep (14.6%) in hulle geledere is wat verskil. Vergelykender wys is daar slegs 4.6% van langtermyn gevangenes wat aanhouding bo gemeenskapstraf en monitering verkies (Tabel 5).

Nieteenstaande die oorweldigende steun vir elektroniese monitering is daar 'n beduidende ( $p=.022$ ) mate van verdeeldheid rondom die negatiewe effekte van sodanige straf en beleef sommige dit as 'n skending van mense se reg op privaatheid. Terwyl eerste oortreders min of meer ewe veel verskil as saamstem (43.3% vs 42.5%) is daar onder herhaalde oortreders meer wat dit nie as indringend beskou nie as wat met die stelling saamstem (25.8%). 'n Beduidende groep van 24.7% in laasgenoemde groepering is egter onseker.

Vervolgens sal gevangenes se gesindheid met betrekking tot rehabilitasie- en leertegnologie in oënskou geneem word.

#### **6.4 Gevangenes se gesindheid teenoor rehabilitasie- en leertegnologie**

Soos in die geval met die bespreking van waarnemings- en dissiplinêretegnologie word in hierdie gedeelte na die statisties beduidende resultate t.o.v. die gebruik van radios, radiokassetspelers, televisie en rekenaars in die rehabilitasie van gevonnisd gevangenes gekyk. Daar word gevolglik van inligting vervat in Tabelle 1- 5 gebruik gemaak wat as gevolg van die gedetailleerde aard daarvan alreeds aan die begin van die hoofstuk weergegee is. Ander tabelle (Tabelle 6 - 9) word in die teks by

bespreking van spesifieke aspekte weergee. Elkeen van hierdie verskillende tegnologie-vorme maak ook deel van gevangenes se voorregtepakket uit en word as sulks streng deur die gevangenisowerheid gereguleer. Beduidende verskille met betrekking tot elkeen hiervan is gevolglik ook by lede van die studiegroep opgemerk en sal vervolgens in bespreek word.

#### **6.4.1 Gevangenes se houding t.o.v. radios en radiokassetspelers**

In hierdie bespreking sal slegs na twee gevalle waar 'n statistiese beduidenheid van .000 en .005 waargeneem is gelet word. Ander spesifieke gevalle van statistiese beduidenheid sal binne die konteks van voorvermelde bespreking na verwys word.

Een van die mees beduidende verskille ( $p=.000$ ) is by die verskillende akademiese groeperings rondom die waarde van radioprogramme in gevangener rehabilitasie (Tabel 4) opgemerk. In hierdie verband val dit op dat meer as 90% van diegene met kwalifikasies bo St.7/6 ekwivalent sterk saamstem dat radioprogramme 'n belangrike hulpmiddel tot rehabilitasie is. In die geledere van diegene met 'n matriek of hoër kwalifikasie is daar 100% eenstemmigheid oor hierdie saak. Alhoewel die oorgrote meerderheid (75.6%) van die laagsgeskooldes met kwalifikasies laer as St.5/Abet vlak 3 ewe positief oor hierdie kwessie is, is daar in hulle geledere ten minste 'n groep van 17% wat met hierdie siening verskil.

'n Ewe beduidende verskil ( $p=.005$ ) in siening is te bespeur in die verskillende groepe se siening van die ondermyningspotensiaal van radios en radiokassetspelers. Die meerderheid van hoër geskooldes met senior primêre, sekondêre of naskoolse kwalifikasies huldig die mening dat die toelating van radios en radiokassetspelers nie skadelik vir die orde in die gevangenis is nie. Verder is daar ook beduidende steun ( $p=.039$ ) daarvoor in die geledere van beide ouer en jonger gevangenes opgemerk (Tabel 1). Diegene bo die ouderdom van 30 jaar is egter aansienlik meer positief as hul jonger kollegas. As sulks strook dit dus met bovermelde bevinding dat die meerderheid van respondente positief staan oor die nut van radioprogramme in rehabilitasie. Diegene met 'n junior primêre kwalifikasie (laer as St.5) stem egter nie heeltemal hiermee saam nie (Tabel 4). Uit hierdie groep is daar slegs 48.8% wat positief oor die nut van radiotegnologie is. Die res naamlik 26.6% is òf negatief en ondersteun die siening dat dit die gevangenis orde versteur/ondermyn òf is onseker (24.4%) oor die saak.

#### 6.4.2 Gevangenes se gesindheid teenoor televisie

Gegewe televisie se vermaaklikheids- en opvoedkundige waarde en die moontlikheid wat dit aan geïsoleerde gemeenskappe, soos die gevangenisbevolking, bied om in kontak met eksterne gebeure te bly, verkry dit binne die gevangenis 'n heeltemal ander status. Twee kwessies wat gevolglik binne hierdie konteks relevant raak is die mate van toeganklikheid en die gebruik daarvan as strafmaatrêel en word weergegee in Tabelle 7 en 8 hieronder.

Uit die inligting vervat in die onderstaande tabelle is dit duidelik dat gevangenes uiteenlopende menings huldig oor die beskikbaarstelling van televisie op 'n permanente grondslag. Alhoewel die meerderheid ten gunste van toegang tot televisie is, is daar 'n beduidende verskil onder die verskillende ouderdomsgroepe ( $p=.025$ ) en opvoedkundige kategorië ( $p=.020$ ) oor die mate van toegang. Die meerderheid (64.2%) gevangenes ouer as 30 jaar is van mening dat televisie slegs beskikbaar gestel moet word wanneer belangrike gebeure waarby Suid Afrikaners belang het, gebeeldsend word. Hierdie sentiment word egter deur slegs 48.7% van jonger mense gesteun. 'n Beduidende groep is of onseker (21.8%) of verskil (29.4%) van die idee. Voorts is daar slegs 'n klein groepie gevangenes van alle opvoedkundige groepe wat ten gunste is van die permanente installering van televisiestelle in selle. In hierdie verband is veral laaggeskooldes met 'n kwalifikasie laer as St. 5 (35.9%) die mees prominente ondersteuners van permanente toegang tot televisie binne die gevangenes. Daarbenewens is daar binne hierdie groep 'n groot mate van onsekerheid (15.4%). Gegewe hulle laer geletterdheidsvlakke is dit nie verbasend dat hulle audio-visuele opvoeding en vermaak bo ander vorme verkies nie. Dit blyk verder dat diene met hoër kwalifikasies (Graad 12 en hoër) (81.9%) die grootste ondersteuners is van beperkte toegang tot televisie.

Respondente se mening is ook getoets oor die mate waartoe die beskikbaarstelling van televisie by die inrigting onder bespreking, gebruik word om gevangenes te dissiplineer. Uit die besonderhede vervat in Tabel 8 hieronder blyk dit dat weerhouding van televisie deur 'n aansienlike persentasie gevangenes ongeag ouderdom, opvoedkundige agtergrond of vonnislengte al by geleentheid by hul huidige aanhoudingsinrigting ervaar is. Daar is egter beduidende verskille tussen en in die geleedere van die verskillende groepe. Jonger gevangenes (60%) is by verre die groep wat ontsegging van televisie die meeste as strafmaatrêel ervaar en is daar 'n



beduidende verskil ( $p=.014$ ) in ervaring in vergelyking met hul ouer ewekniëe bemerk. Slegs 40.4% van laasgenoemde groep stem met hulle jonger kollegas saam terwyl 48.8% in vergelyking met die 31.3% van jonger mense met die stelling verskil. Die meerderheid (63.4%) van laagsgeskoolde gevangenes ervaar die weerhouding van televisie as 'n erge strafmaatrêel. Hulle hoogs geskoolde kollegas daarteenoor is minder daardeur gepla en is 'n beduidende verskil ( $p=.048$ ) tussen hierdie groepe opgemerk en ondersteun slegs 37.5% van dië groep hul laer geskoolde medegevangenes se siening.

Daar is verder ook beduidende verskille ( $p=.038$ ) tussen die belewenis van langer en kortermyn gevangenes. Alhoewel daar nie 'n groot verskil is tussen die aantal respondente van die twee groepe wat met die stelling oor die gebruik van televisie as strafmaatrêel saam stem nie (48.9% vs 52.8%) is daar binne die groepe groter verskille. 'n Beduidende groep van 46.6% van kort termyn gevangenes verskil met hul kollegas oor die saak onder bespreking. Daarteenoor is daar slegs 33.9% van hul ewekniëe met 'n vonnis van meer as 10 jaar wat van hul kollegas verskil. Laasgenoemde groep het ook meer (13.4% vs 4.5%) respondente wat onseker oor die vraag is

**TABEL 17: BESKIKBAARHEID VAN TELEVISIE IN DIE GEVANGENIS**

Stelling	Respons	Ouderdom		Opvoedkundige Agtergrond		P
		21-30 jr	30+jr	ST.5 Hoër	Gr.12 /	
1. Televisie moet slegs vir nasionale gebeure waarby Suid Afrika betrokke is beskikbaar gestel word	Verskil	29.4%	26.3%			.025
	Onseker	21.8%	9.5%			
	Stem saam	48.7%	64.2%			
2. Televisiestelle behoort op 'n permanente basis in selle geplaas word	Verskil			48.7%	81.9%	.020
	Onseker			15.4%	4.2%	
	Stem saam			35.9%	13.9%	

**TABEL 18: DIE WEIERING VAN TELEVISIE AS STRAFMAATRĒEL**

Veranderlike	Respons	Ouderdom 21-30JR 30+JR Persentasies	Opvoedkundige Agtergrond Laer as St.5 Gr.12 / Hoër Persentasies	Vonnislengte Onder 10jr 10+jr Persentasies	p
Ouderdom	Verskil Onseker Stem saam	31.4% 48.8% 8.3% 10.6% 60.3% 40.4%			.014
Opvoedkundige Agtergrond	Verskil Onseker Stem saam		29.3% 48.6% 7.3% 13.9% 63.4% 37.5%		.048
Vonnislengte	Verskil Onseker Stem saam			46.6% 33.9% 4.5% 13.4% 48.9% 52.8%	.039

#### 6.4.3 Die gesindheid van gevangenes teenoor rekenaars en die Internet

Die gevangenisdiensorder van die DKD (B-Order) wat die voorregte van gevangenes reël, maak voorsiening daarvoor dat 'n gevangene 'n persoonlike rekenaar ter ondersteuning van hul privaatstudies kan ontvang en binne die inrigting gebruik. Geen modem of toegang tot die Internet word egter toegelaat nie. Deelnemers aan die opname is gevolglik gevra om hul menings oor rekenaargeletterdheid, die vestiging van rekenaarsentrums binne inrigtings, gratis opleiding en toegang tot die Internet vir studiedoeleindes te gee. Verskeie statistiese beduidende verskille is in die proses opgemerk tussen die verskillende groepe. Gegewe die groot aantal gevalle sal slegs na enkele gevalle van statisties beduidenheid op die .006 vlak in sienings rondom gratis rekenaaropleiding, die .009 vlak t.o.v. nie toelating van rekenaars tot die inrigting en toegang tot die Internet (.033 vlak) bespreek word.

Soos dit uit Tabel 9 blyk, is die oorgrote meerderheid (90%+) gevangenes oorwegend ten gunste daarvan dat gratis rekenaaropleiding tydens hul vonnistydperk aangebied word. Hulle is verder ook oorwegend ten gunste van die vestiging van rekenaarsentrums in inrigtings en dat gevangenes toegelaat moet word om vir rekenaarkursusse van hul keuse in te skryf (Tabelle 2, 3 en 4). Daar is egter tog steeds

beduidende verskille tussen die verskillende groepe oor hierdie kwessies. Gevangenes wat voorheen by Brandvlei gevangenis aangehou was verskil beduidend meer ( $p=.006$ ) van diegene wat elders aangehou was m.b.t. die verskaffing van gratis rekenaaropleiding. Daar is by 91.9% van diesulkes geen twyfel oor hierdie noodsaak nie en behalwe vir 'n groep van 8.1% wat onseker is, is daar verder geen teenspraak hieroor aangeteken nie. Alhoewel daar groter steun (94.8%) vir gratis rekenaaropleiding onder diegene wat nooit daar aangehou was nie aangetref word, is daar egter 'n groep van 4.4% wat daarmee verskil.

Wat betref die toelating van rekenaars as beginselsaak, is daar beduidende verskille ( $p=.009$ ) tussen oud-Brandvlei gevangenes en hul eweknieë met 'n ander aanhoudingsgeskiedenis opgemerk. Die meerderheid van Oud-Brandvleiers (83.9%) is sterk oortuig dat rekenaars wel in inrigtings toegelaat behoort te word. In hierdie groep is daar egter 16.1% onsekeres. Soos in die vorige geval is daar geen teenspraak aangeteken nie. Daarteenoor is daar groter steun van 91.5% onder ander gevangenes met slegs 4.6% onsekerheid en 3.8% steun vir 'n verbod op rekenaars.

Gegewe die belangrike rol wat die Internet by opleiding kan speel. Is respondente se mening ook hieroor getoets en is beduidende verskille ( $p=.039$ ) tussen die groepe opgemerk (Tabel 3). Dit is veral opvallend dat eerste oortreders (78.1%) veral sterk voel oor die idee dat gevangenes toegelaat behoort te word om van die Internet vir studiedoeleindes gebruik te maak. Alhoewel die meerderheid (62.8%) herhaalde oortreders ewe positief hieroor voel en die gedagte ondersteun is daar binne hierdie groep 'n beduidende groep (18.1%) wat daarmee verskil en 19.1% wat onseker oor die saak is.

## 6.5 Slotsom

Uit die voorafgaande resultate is dit duidelik dat is dat die meeste gevangenes positief is m.b.t. die tegnologie wat tans vir rehabilitasie- en leerdoeleindes gebruik word. 'n Beduidende aantal is ook ten gunste van die uitbreiding van toegang tot veral rekenaars en rekenaarstudie deur middel van die vestiging van rekenaar-sentrums binne die gevangenis. In die geheel word radios en radio-kassetspelers asook televisie deur die meeste gevangenes as 'n noodsaaklike bron van vermaak, inligting en hulpmiddel tot rehabilitasie beskou. Dit het gevolglik die implikasie dat indien hierdie tegnologie korrek deur korrektiewe personeel benut word en nie arbitrêr ontsê word

nie, hierdie instrumente gebruik kan word om gevangenes positief te beïnvloed om hul rug op misdaad te keer.

**TABEL 19: GEVANGENES MOET TYDENS HULLE AANHOUDING GRATIS REKENAAROPLEIDING KRY**

Respons	Ouderdom 21-30 jr 30+ jr	Vorige inrigting van aanhouding Brandvlei Ander	Vonnisgeskiedenis Eerste oortreder Tweede oortreder		Opvoedkundige agtergrond St.5 St.6/7 St.8/9 St.10 / hoër	P
Verskil Onseker Stem saam	1.7% 6.2.5 5.8% 0 92.6% 93.8%					.013
Verskil Onseker Stem saam		0 4.4% 8.1% .7% 91.9% 94.8%				.006
Verskil Onseker Stem saam			2.4% .8% 96.9%	5.3% 6.4% 88.3%		.029
Verskil Onseker Stem saam					12.2% 1.9% 2.2% 1.4% 4.9% 5.8% 0 2.8% 82.9% 92.3% 97.8% 95.8%	.043

In die volgende hoofstuk word die bevindinge van die navorsing saamgebind en word uitspraak gelewer met betrekking tot die impak van tegnologie op Malmesbury Nuwe Gevangenis.

## HOOFSTUK 7: SLOTBESKOUIING EN AANBEVELINGS

---

Die hoofdoel van hierdie studie was om vas te stel tot watter mate organisasies, soos die gevangenis, wat van gesofistikeerde tegnologie ter bereiking van hul hoofdoelstellings gebruik maak, daarin slaag om tegnologie en mense suksesvol te kombineer om maksimale voordeel daaruit te kry en dus as lerende organisasies beskou te word. Ten einde in hierdie doel te slaag is twee gestruktureerde vraelyste ontwikkel. Die eerste vraelys, vir korrektiewe personeel, was daarop gemik om vas te stel tot watter mate personeel van die Malmesbury Nuwe Gevangenis die dissiplines van 'n lerende organisasie beoefen. Die tweede vraelys, vir gevangenes, was daarop gemik om die gesindheid van gevangenes m.b.t. die gebruik van waarnemings-, dissiplinerings-, leer- en rehabilitasietegnologie vas te stel. Die versamelde data is aan die hand van SPSS en m.b.v. beskrywende statistiek ontleed.

Die beskikbare literatuur dui aan dat die gevangenis tot 'n sekere mate 'n unieke organisasie is maar dat daar voldoende ooreenkomste is om dit met ander organisasies te kan vergelyk. Alhoewel dit as openbare organisasie nie winsingesteld is nie beskik dit egter steeds steeds oor duidelik gedefinieerde kliënte aan wie 'n gehalte diens gelewer behoort te word. Voorts is alle organisasies ook leersisteme wat tot deurlopende verandering en leer instaat is. Die literatuur dui ook aan dat organisasies wat tegnologie benut om bepaalde doelwitte te beperk, dikwels gekonfronteer word met sabotasie of omseiling daarvan en dat tegnologiesingering dikwels tot verminderde werkplekbeheer aanleiding gee. Organisasies word dus genoop om lerende organisasies te word waarin persoonlike sienswyses krities ontleed, bespreek en verbeter word, vlakke van persoonlike bedrewenheid deurlopend verhoog en verbeter word, spanleer en gedeelde visie aangemoedig word en 'n sistemiese ingesteldheid kenmerkend is.

Uit die beskikbare data is dit duidelik dat Malmesbury Nuwe Gevangenis nog nie daarin geslaag het om 'n lerende organisasie te word nie. As die gemiddelde van omtrent 50% wat by alle dissiplines aangeteken is in ag geneem word, kan geargumenteer word dat daar bloot daarin geslaag is om 'n grondslag te vestig waarop verder voort gebou behoort te word. Daar behoort verder nog veel werk gedoen te word t.o.v. die verbetering van personeel se vaardigheid om beperkende sienswyses van die gevangene, rehabilitasie en die rol van die gevangenis, doeltreffend te kan hanteer en

'n positiewe persoonlike visie te kan skep wat tot 'n gedeelde en uiteindelik 'n nasionale visie omvorm kan word. Dieselfde uitdaging bestaan m.b.t. die strukturering van 'n werkplek en atmosfeer wat bevorderlik vir ope en deurlopende dialoog is. Daarbenewens is dit uiters noodsaaklik dat die bewustheid van personeel m.b.t. hul rol in die suksesvolle en gladde funksionering van die strafregstelsel, verhoog word. Daarsonder is dit uiters moeilik om 'n gemeenskaplike taal en werksingesteldheid teweeg te bring wat tot die bereiking van die sleuteldoelwitte van die NMVS kan bydra.

Hierdie studie het begin om die leemtes wat die vestiging van 'n lerende organisasie binne die DKD in die wiele ry, te identifiseer. Dit sluit ondermeer in die noodsaak 'n kritiese ingesteldheid aan te moedig, vaardigheid in die gebruik van bestaande tegnologie te bevorder, werksintegrasie tussen die verskillende bedelings en die noodsaak dat personeel op alle vlakke by die formulering van die organisasie se visie en operasionele planne betrek behoort te word. Voorts is dit nodig om personeel se behoefte aan werkplekbeheer en 'n mate van privaatheid met die nodige erns te benadering en metodes te vind om die gevare en nadele verbonde aan onbedoelde observasie, teen te werk.

